2011:2

# MATIE LAND



## Kampus kry nuwe gesig

(Kan jy die verskil sien?)

## Sherylle Calder

- sportwêreld aan haar voete

READ MATIELAND IN ENGLISH AT ALUMNI.SUN.AC.ZA

# INHOUD CONTENTS


## VOORBLAD

Iets wat jou aandag op die voorblad trek? Lees die artikel op bl 20 oor die Universiteit se Meesterplan vir die ontwikkeling van fasiliteite. Op die foto is 'n kunstenaarsvoorstelling aangebring van onder meer 'n nuwe 'voordeur' vir die Universiteit, 'n glaskoepel bo-oor die JS Gericke Biblioteek en in die vêrte 'n 'studentedorp' en nuwe koshuis tussen Eendrag en Irene-koshuise.

(Voorblad-foto: Hennie Rudman, SSFD. Beelding deur TV3 Architects and Town Planners)



33




8



24



## HOOP PROJEK HOPE PROJECT


12 HOOP Projek ondersteun US uitnemendheid
20 Kampus kry nuwe gesig


## MENING VIEWPOINT


30 Between war and peace
31 Doing an MBA – the inconvenient truth
32 Young people and the tightrope of healthy living
34 USB-ED 10 years
35 Stellenbosch contributes to Mandela Rhodes community
48 US-mentorprogram speel reuse rol in eerstejaarsukses


## AKTUEEL CURRENT


8 Sherylle het sportwêreld aan haar voete
11 Alumnus heads Sowetan
16 'Jy móét iets vir ander mense doen'
18 Top SU donors receive Vice-Chancellor's Award
24 Coping with climate change
33 Maties se engel
49 New campus transport brings Maties together
50 Kontaksentrum smaak reeds groot sukses


## ALUMNI


17 Annual alumni giving can make substantial contribution to student success
52 Dís wat ons alumni wil hê
53 New-look crest for Alumni Relations
54 Reünie-nuus
58 Nyukela Notes


## GEREELD REGULAR


2 Redakteursbrief | Editors letter
3 Briewe | Letters
6 Studente | Students
26 Universiteitsnuus | University News
36 Fakulteitsnuus | Faculty news
43 Ma, ek wil 'n hortoloog word
44 Boeke & Kultuur
60 Sport
62 In Memoriam
64 Agterblad





55

Article available in English at www.matiesalumni.net

Video available on the *Matieland* online version

READ *MATIELAND* IN ENGLISH AT ALUMNI.SUN.AC.ZA

UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot · your knowledge partner · umhlobo wakho wolwazi

MATIE LAND

Die Universiteit se oudstudente en donateurs ontvang *Matieland* gratis. / Alumni and donors of the University receive *Matieland* free of charge.

Gepubliseer sedert 1957 / Published since 1957

Jaargang / Year 54 02:2011

ISSN 0025 5947

**REDAKTEUR / EDITOR**
Martin Viljoen

**REDAKSIEKANTOOR / EDITORIAL OFFICE**
Kommunikasie en Skakeling / Communication and Liaison, Universiteit Stellenbosch / Stellenbosch University, Privaat Sak / Private Bag XI, Matieland 7602

Tel (021) 808 4921, Faks/Fax (021) 808 3800, E-pos/E-mail: media@sun.ac.za

**SIRKULASIE / CIRCULATION**
Malena Fourie, Privaat Sak / Private Bag X1, Matieland 7602

Tel 021 808 4843, Faks/Fax 021 882 8405, E-pos/E-mail: alumni@sun.ac.za

**ONTWERP EN UITLEG / DESIGN AND LAYOUT**
Out of the Blue Creative Communication Solutions, Tel 021 947 3508, www.outoftheblue.co.za

**DRUK /PRINTING**
USS Graphics

**MEDEWERKERS / CONTRIBUTORS**
Ilse Arendse, Alec Basson, Nico Gous, Liesel Koch, Michael Morgan, Stephanie Nieuwoudt, Lynne Rippenaar, Desmond Thompson, Bev Witten, Mandi Barnard, Engela Duvenage, Hans Oosthuizen, Sonika Lamprecht, Wayne Muller, Jackie Pienaar-Brink, Liezl Scholtz, Eunice Visagie

Menings uitgespreek in *Matieland* is nie noodwendig dié van die redakteur of die Universiteit Stellenbosch nie. / Viewpoints expressed in *Matieland* are not necessarily that of the editor or Stellenbosch University.

REDAKTEURSBRIEF

# Nuwe alumni webblad is hier!




Die webtuiste vir Alumni spog met 'n nuwe voorkoms en adres! By **alumni.sun.ac.za** (sonder die gebruiklike www) sal jy begroet word met 'n moderne, gebruikersvriendelike webtuiste waar jy oor komende alumnigeleenthede ingelig word, jou studierekords kan bekom, asook *Matieland* en *Alumnus* ('n nuusbrief vir donateurs van die Universiteit) aanlyn kan lees. Bly in kontak met jou *alma mater* via die skakels na sosiale media by Facebook, twitter, flickr, YouTube, LinkedIn of Xing, op die webblad.

## *Matieland* wins MACE Award

I have always considered *Matieland* to be a team effort and for this reason I would like to dedicate the Marketing, Advancement and Communication in Education (MACE) Excellence Award that the magazine won recently to my colleagues. Not only have they written large chunks, they have showed exceptional skills in tolerating me as I go "underground" the few days preceding a sign-off.

The MACE Excellence Awards, of which Stellenbosch won eight this year, give recognition to universities and colleges that set the standard in the field of marketing, communications and development (fundraising).

First prizes went to the media campaign of the HOPE Project, the *Research Report* and the *Corporate Annual Report* (both in the category External Publications (Printed), Maties.com (in the category Electronic and Digital Media: Website) and for its social media efforts (in the category Social Media: Social Networks).

Joining *Matieland* (in the category External Publications: Printed Magazines) in winning Excellence Awards (the equivalent of second prize) are Social Media: Content Sharing and Audiovisual: Video production.

## Totsiens, oom Topper


*Matieland* het met spyt kennis geneem van die afsterwe vroeër vanjaar van mnr RT (Topper) Conradie. Oom Topper was Redakteur van *Matieland* van 1961 tot 1967 waarna hy van 1968 tot sy aftrede in 1984 die registrateur (akademies) was - destyds 'n pos net onder die rektor.

Geniet jou *Matieland*!

Martin



# POSSAK



## Giggel nog heerlik oor die Mozart-fees!

**Jenneke Fehrsen (geb. Kaldenberg), Pretoria**



Dit was 1956 of 1957. Ons Juniors moes die Seniors in Huis ten Bosch by hulle deftige dinee, met die tema Mozart, bedien. Dit was Mozart-fees op Stellenbosch met 'n baie deftige Mozart-konsert in die stadsaal; buitelandse kunstenaars - de lot. Dit was onbetaalbaar vir studente. Ons "kelnerinne" het ons opgetooi soos dames in Mozart se tyd dit sou doen: lang, wye rokke en wit (watte!!) pruike met krulletjies! Maar ons het oulik gelyk!

Toe ons klompie teen sewe-uur se kant klaar was met die bediening, was ons heeltemal te opgewonde en vol energie om te gaan slaap. 'n Paar van ons vaar toe Stellenbosch se strate in op soek na 'n koffietjie, nog steeds opgetooi in Mozart-klere - braaf en vol grappe.

Op pad loer ons by die Stadsaal se voordeur in waar die dorp se Mozart-konsert pas begin het. Een van die wagte dink toe ons is van die koorlede of ander deelnemers en begelei ons ewe formeel na die goeie sitplekke wat spesiaal uitgehou is vir deelnemers. Wie's ons om te kla?

En daar kry ons toe 'n pragtige Mozartkonsert gratis en verniet - iets waaroor ons jare daarna nog heerlik gegiggel het.

Op die foto, voor, is Edeltraut Neumeister (geb. Markgraaff) en Elfie Hiemstra (geb. Marais). In die middel heel links is Tollie Rossouw en langs haar Fransie Malan (geb. Basson). Agter heel regs is Jenneke Fehrsen (geb. Kaldenberg). Die name van die dames links agter en in die middel heel regs kan ek ongelukkig nie onthou nie.

***Weet iemand dalk wie die persone is? Red.***

### Wenbrief!

**Jenneke Fehrsen het hierdie uitgawe van *Matieland* se wenbrief geskryf en wen 'n naweek vir twee by die bekende Eendracht Hotel in Stellenbosch.**

### Maak só met jou brief

**As jy in aanmerking wil kom vir 'n naweek vir twee in Eendracht Hotel, stuur jou brief van 200 woorde of minder aan: Die Redakteur: Matieland, Afdeling Kommunikasie en Skakeling, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, Matieland 7602 of faks dit na 021 808 3800 of stuur per e-pos na media@sun.ac.za. Alle skrywes word as publiseerbaar beskou, tensy anders versoek. Waarvoor wag jy?**

Is jy al 'n vriend van *Matieland* op Facebook? Besoek www.facebook.com/matieland



ELEGANT SOUTH AFRICAN HOSPITALITY
STYLVOLLE SUID-AFRIKAANSE GASVRYHEID
EENDRACHT
AWARD WINNING HOTEL
PRYSWENNER HOTEL

# POSSAK

## Matie-nostalgie loop diep in die are

**Dr Andries Gous, Hermanus**

Ek ry deur Matie-strate, met die jare 1943-1949 se ervarings in Stellenbosch helder in my brein. Die Matie-nostalgie loop diep in my hart en are. Na jare se praktyk as sielkundige en predikant is briewe en ervaringe soos hierdie helder in my geheue. In 1945 het 'n dame in Huis Ten Bosch die volgende brief aan haar beminde geskryf:

*Om in eenvoudige woorde weer te gee hoe omvang-ryk my dankbaarheid jeens jou is, is nie moontlik nie, want dit is maar net die gevolg van 'n groot uitkringende wonder: die wete dat ek vir die eerste maal ontdek het - iemand in wie ek volle vertroue stel en daarby iemand ten opsigte van wie ek myself vertrou. Selfs wispelturige mense kan anker finaal en heg inslaan. Dis my antwoord aan mense wat my opregtheid betwyfel. Ek het volle sekerheid dat dit baie moeilik sal gaan om die noue vriendskap wat ons opgebou het weer te laat uitbrand. Geestelike waardes staan vir ewig. Of jy nog soms twyfel of vrees of huiwer weet ek nie. Baie dankie vir jouself. En by jou gaan hierdie fluistering verby ... op... op... na die gewer van alle dinge...* Bettie (skuilnaam).

Hierdie verbintenis het goue huweliksjare tot gevolg gehad voordat sy hemel toe is - pragtige kinders en 'n handvol kleinkinders en agterkleinkinders is bewys daarvan.

Nou besef ek hoe belangrik Stellenbosch-jare is. Matie jare. Noue liefdes en huweliksverbintenisse ontkiem daar. Roeping en werksverbintenisse wat lewens lank duur, word daar gesmee. Verbintenisse met Jesus en die kerk word daar gebore. Verbintenisse met volksgenote van alle rasse, begin daar vibreer.





## Besoek soveel as moontlik wynlande!

**Chris Swanepoel, Stellenbosch**

Ek moedig alle jong en passievolle wynmakers en wynliefhebbers aan om die buiteland besoek - as jy regtig wyn en kultuur wil beleef! Nie net leer jy 'n wonderlike produk verder ken nie, jy ontmoet en bevriend ook ongelooflike mense. Hierdie mense is die kontakte wat eendag vir jou die wêreld se deure opmaak!

Na vier jaar van studies aan my BscAgric Wingerd en Wynkunde-graad en 'n wonderlike tyd in Wilgenhof het ek drie jaar by Simonsig Landgoed gewerk waar ek ongelooflike kennis en ervaring opgedoen het.

Aan die einde van 2010 het ek my vlerke gesprei en die buiteland aangepak. Ek wou soveel as moontlik kennis van buitelandse wyntegnieke en wyne bekom.

My eerste stop was Australië. Daar het ek 'n parstyd deurgebring by 'n uitstaande wynkelder, d'Arenberg. Die Aussies is natuurlik nie ons gunstelinge op die sportveld nie, maar ek was verbaas met hul gasvryheid en goeie sin van humor. "The land down under" is verseker 'n besoek werd, maar jou sak moet diep wees.

Hierna het ek Nieu-Seeland aangepak. Daar het ek onkoopbare wynkennis opgedoen, veral met die maak van Pinot Noir. Ek het in Sentraal Otago op die Suid-Eiland gewerk. Nieu-Seeland is verseker die mees beeldskone land wat ek al besoek het - as te ware "hemel op aarde!"

Ek was ook baie verbaas met die diversiteit en kwaliteit van wyn. Alhoewel Sauvignon Blanc seker hul vlagskip kultivar is, was ek baie verbaas met hul Pinot Noir van Otago, Chardonnay van Nelson en Shiraz van Hawk's Bay.

My laaste stop was Stuttgart in Duitsland. Hier het ek uitmuntende ondervinding opgedoen by 'n groot internasionale wynhandelsfirma. Duitsland is werklik pragtig en die mense is verbasend vriendelik, veral die jonger generasie.

Duitsland het natuurlik ook top wyne, veral Riesling and Pinot Noir. Ek het 'n week terug 'n Duitse Riesling proe hier in Suid-Afrika aangebied en die "Joh. jos. Prüm's" en "Dr Loosen's" en vele ander bekende name het sowaar my mede-proe-gilde se oë laat omdop!

Ek keer binnekort vir nog twee jaar na Duitsland terug.

Op die foto sit ek aan die linkerkant saam met vriende van Kanada, Duitsland en 'n Suid Afrikaner, ook 'n oud-Matie. Die foto is geneem by die Hentley Farm-wynlandgoed in die Barossa vallei in Australië.

- **Skryf aan Chris by swanie@mweb.co.za. Lees Chris se blog by www.sarie.com/sarie-com-skrywers/chris-swanepoel**



## Daniel nie eerste om oor lengte van land te ry

**Kobus Visser, Kaapstad**

Dankie vir die uitstekende uitgawe van *Matieland* (Winter, 2011). Dit is egter met groot verbasing dat ek op p. 49 van 'n huidige student, mnr Daniel Vivier, se besonderse prestasie lees as "the first person to cycle from the most northern tip of South Africa to the most southern tip."

Dit is en bly voorwaar 'n uitsonderlike prestasie vir enige persoon, en ek wil Daniel gelukwens met sy moed en deursettingsvermoë.

Sonder afbreek aan Daniel se besonderse prestasie is dit nodig om 'n feitelike regstelling te maak met die verwysing as "die eerste persoon" wat dit reggekry het.

Reeds in Januarie 1967 (44 jaar gelede) het my broer, Gerhard Visser, toe 'n tweedejaarstudent in Eendrag, met ons hondjie Buksie die rit suksesvol voltooi. Ek kan dit ook goed onthou, want ek het daardie fiets vir hom help bou!

Gerhard was 'n avonturier en hy het ook kort daarna die eerste persoon geword om per fiets die wes-oos roete vanaf Walvisbaai tot Beira per fiets te voltooi. Hy is ook lid van die eerste uitgelese en uitsonderlike groepie atlete wat die heel eerste Twee Oseane-marathon voltooi het.

***Die twee fietsryers het verskillende roetes gevolg het en kan dus waarskynlik albei daarop aanspraak maak om die eerste persoon te wees om die prestasie te behaal. Hoe dit ook al sy, dit bly merkwaardige prestasies! Red.***



## Die verkeerde Anderson Trofee

**Jan Wagener, Lynnwoodrif**

In 1974 was ons 'n energieke groepie derdejaars in Eendrag. Ons koshuis was bekend vir sy tokkelokke en nerds en ons enigste sportsuksesse was in skaak en tafeltennis.

Ons het dus besluit om die vierde rugbyliga te teiken en wen Eendrag vir die eerste keer in sy bestaan 'n rugbytrofee. Die trofee was 'n kosbare ou silwer trofee wat op 'n stowwerige solder herontdek. Dit was die Anderson Trofee wat reeds laat in die negentiende eeu op die spel was tydens Victoria Kollege rugbywedstryde. Dok Craven was in vervoering toe hy die Trofee plegtig aan ons kaptein, Uys van der Hoven, oorhandig.

Daardie aand het ons op by Vergenoegd op die Eersterivier se walle die geleentheid gevier met 'n trofee vol rooiwyn.

Die volgende oggend was die trofee skoonveld en ons afspraak vir die amptelike spanfoto was daardie middag. Ek was dapper en het die tafeltennis-trofee in die eetsaal gaan haal en so beland ons in Matie-rugby se annale met die verkeerde "Anderson Trofee". Dok Craven was woedend!

'n Week later vind 'n spanlid die trofee in sy motor se kattebak, tussen leë wynbottels, sy rugbystewels, 'n ou handdoek en klasnotas. In 'n kritieke oomblik van helderheid het hy dit daar in veilige bewaring geplaas en daarvan vergeet!

- **Op die foto is, agter, Nic Mocke, Lötter de Witt, Piet Wagenaar, Breyten Smit, Johnnie Solms, Niël Müller, Gert Wagener en Thys Ludolf. In die middel is Hugo van Sittert, Koos Bekker, John Slabbert, Hannes Oosthuizen, Marius Kannenberg en Chari de Witt. Voor is Lambert Retief, Mike van Zyl, Uys van der Hoven, Jan Wagener en Tielman Viviers.**

## Oud-Maties kuier nog lekker saam!

**Pierre Hugo, Pretoria**



Ons is 'n groep oud-Maties wat steeds jaarliks bymekaarkom. Die meeste van ons het in die middel van die sestigerjare afgestudeer. Vanjaar was ons op Noordhoek; en in vorige jare het ons op die Oranjerivier gaan roei en by plekke in die bosveld, Weskus, en langs die Breederivier gekuier.

- **Agter staan George Steyn, Piet Krynauw, Pietman Basson, Pierre Hugo, Tom Glover, Gideon Albertyn, en Jannie Nel. In die middel is Chris Derksen ('n oud-Tukkie maar tot sy krediet met vier afgestudeerde Matie-kinders!), Owen Dean, George Pretorius, Tom Kok en Poen Hoffman. Voor sit Malcolm Gordon en Bill Daly. Die ander manne wat gereeld saamkuier is Pietman Retief, Enrico Greyling en Johan Webb.**



Megan-Geoffrey Prins

## PRINS IN INTERNASIONALE KOMPETISIE

Die talentvolle pianis Megan-Geoffrey Prins, 'n student van prof Nina Schumann en mnr Luis Magalhães van die Universiteit Stellenbosch se Musiekdepartement, neem in Januarie deel aan UNISA se internasionale klavierkompetisie in Pretoria.

Prins (21) het in Julie die tweede plek in UNISA se nasionale klavierkompetisie gewen, wat hom nou die geleentheid bied om in die internasionale afdeling mee te ding.

Benewens voorbereidings vir sy BMus-eindeksamen, is hy dus nou ook druk besig om te oefen vir dié drie weke lange geleentheid waaraan 30 jong pianiste van oor die hele wêreld sal deelneem. Hy sal vir elke ronde 'n program van 40 minute lewer, en die druk is groot, "want elke ronde is soos 'n eindronde".

Prins, wat sedert 1997 al verskeie pryse en trofees by kompetisies ontvang het, onder meer die Slurpie Kanna op die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees van 2011, beoog om moontlik volgende jaar in Europa verder te studeer.



Anina Botha lees die ope brief aan president Jacob Zuma aan die groep protesteerders voor.

## Maties maak stem dik oor Dalai Lama

'n Groot groep Maties het op 7 Oktober vanjaar op die Rooiplein van die Stellenbosch-kampus bymekaargekom om hul stem dik te maak oor die manier waarop die regering die Dalai Lama se visumaansoek hanteer het. Die protesoptrede was 'n inisiatief van die Studenteraad (SR).

Die Dalai Lama, geestelike leier van Tibet, sou studente op dié dag in die DF Malan-gedenksentrum by Coetzenburg toespreek as deel van 'n besoek aan emeritusaartsbiskop Desmond Tutu.

Om hul ontevredenheid te kenne te gee het die SR 'n ope brief aan president Jacob Zuma geskryf wat Anina Botha, SR-voorsitter, tydens die protesaksie voorgelees het.

Die brief lui: "Dit (die hantering van die visumaansoek) is vir ons onaanvaarbaar en 'n skending van ons land se demokratiese beginsels soos dit in ons Grondwet vasgelê is. Ons is teleurgesteld en mismoedig oor die feit dat 'n land wat wêreldwyd bekend is vir sy hoë agting van vryheid, verdraagsaamheid en vrede, nie die Dalai Lama, 'n man wat presies hierdie waardes voorstaan, oor sy grense wil toelaat nie."

Dr Llewellyn MacMaster, Studentedekaan, het gesê studente raak ál meer bewus van hulle aktivisterol. "Studente-aktivisme behoort nie tot die verlede nie; daar is baie kwessies wat nog hanteer moet word."

## STUDENT ARTS FESTIVAL A BIG SUCCESS

A great success that gives students national exposure. This was the response to the Student Arts Festival, which took place from 26 September to 1 October.

The Student Arts Festival gives fellow students and the public an opportunity to experience the range of creative works and art pieces produced by students from the Music, Visual Arts and Drama departments. It also provides up-and-coming artists with a platform to showcase their talents.

Performances by emerging student bands, like Dogtown, Like Knives and The [illegible], and some of the best sêr (serenade [illegible]s were some of the highlights of the show, and [illegible] in the Klein Libertas and Aan-de Braak theatres.

The event, now in its second year, also boasted performances [illegible] popular and well known South African [illegible] folksinger and writer Koos Kombu[illegible] as well as the local Afrikaans band F[illegible] Dans.



Participating students were also able to rub shoulders with established artists and to learn from them.

The festival was filmed and aired by the DStv channel MK Kampus. "The filming of the shows and the band performances gave the students tremendous exposure," said Roxanne Eastes, the 2011/2012 chairperson of the BA Student Committee in the Faculty of Arts and Social Sciences, which was responsible for organising the festival.




Willem Venter, Aniska Bronkhorst, Henry Koekemoer and Wandile Ganya with Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor, at the award ceremony. (Photo: Hennie Rudman)

## TWINS NOW BOTH RECIPIENTS OF SUCCEEDING AGAINST THE ODDS AWARDS

**Wandile Ganya**, a second-year student in Health Sciences, has joined his brother, Wanele, also a doctor in training, in receiving the coveted Rector's Award for Succeeding Against the Odds. Wanele has received the award last year.

The award gives recognition to students who excel academically in spite of challenging socio-economic conditions, limited opportunities and disability.

The other first-time recipients of the awards are **Aniska Bronkhorst**, a fourth-year Sport Science student; **Willem Venter**, one of the first visually impaired students in South Africa to study Mathematical Sciences, and **Henry Koekemoer**, who wants to become a chartered accountant.

The students received bursaries of up to R60 000, which will enable them to build on their academic success.

Professor Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor, said that the awards are one of the ways in which Stellenbosch University, through its HOPE Project, makes a difference in individuals' lives and the community, and contributes to student success.

The awards were presented at the Rector's Awards for Outstanding Achievement held in October. Maties who excel in academics, sport, culture, community interaction, service and leadership were also honoured at the event.

Nine postgraduate students received a University medal for being the best master's student in their respective faculties, and for obtaining their degrees cum laude.

## STUDENTE, PERSONEEL SPAN SAAM OM HONGERSNOOD TE HELP VERLIG

'n Groep Maties het in September vanjaar 'n projek begin om 500 kg kos vir die mense van Somalië in te samel, en het uiteindelik met die hulp van die Gift of the Givers-stigting meer as 1,5 ton kos na dié land gestuur. Koshuise, studente en personeel het almal saamgespan om niebederfbare kosprodukte te skenk en by versamelpunte af te laai, van waar dit na 'n sentrale bergplek geneem is.

Veral Metanoia-koshuis het met hulle blink kosinsamelingsplan baie tot die projek bygedra. Dié koshuis het met hul spysenieringsmaatskappy, Fedics, 'n ooreenkoms aangegaan dat hulle vir etes sal betaal, maar dit nie neem nie. Fedics het onderneem om die waarde van hierdie etes in kosprodukte om te sit, wat toe aan die projek geskenk is. Altesaam R3 000 se kookolie, mieliemeel, blikkieskos en vele ander produkte is op dié manier ingesamel.

Silke Rothkegel, die student wat met die idee vir die projek vorendag gekom én dit bestuur het, sê: "Ek het gevoel ons as studente moet iets doen om te help. Ek is verskriklik bly dit het so goed gegaan. Baie dankie aan almal wat 'n bydrae gemaak het."



## NUWE STUDENTELEIERS

Daar is baie veranderinge aan die kom by die Universiteit Stellenbosch, maar die Studenteraad (SR) vir 2011/2012 sê hulle sien uit na die uitdagings wat daarmee gepaardgaan.

"Ons is baie opgewonde oor die jaar wat voorlê. Ons konsentreer veral op kritiese wisselwerking tussen studente. Ons glo die Universiteit is juis die plek om 'n mens se verwysingsraamwerk uit te brei en om die vaardighede te leer om krities met ander in gesprek te tree," vertel Anina Botha, SR-voorsitter.

Anina studeer LLB, en wil in menseregte en die internasionale reg spesialiseer. Sy kom van Kuilsrivier en het aan die Hoërskool De Kuilen gematrikuleer.

Ondervoorsitter Louis van der Riet is 'n gebore Bloemfonteiner, maar het in die Kaap grootgeword en aan die Hoërskool Stellenberg gematrikuleer. Hy studeer Teologie, is 'n trotse inwoner van Wilgenhof, en sê sy liefde vir Matieland groei elke dag.

"Ons beplan 'n verskeidenheid projekte en inisiatiewe wat vir elke Matie 'n ryk en onvergeetlike universiteitservaring sal bied."

Volgens hulle is die ander groot uitdagings al die veranderinge by die Universiteit – verwelkoming sonder JOOL, die koshuisaanbouings, en die mobiliteitstudie en pendeldiens wat 'n werklikheid sal word. "Daar is 'n atmosfeer van vernuwing en verandering, en 'n nuwe energie rondom studente-inisiatiewe. As SR wil ons hierdie energie op 'n dinamiese manier aanwend," sê Anina.

## Meer as 28 000 studente vanjaar Maties

Vanjaar studeer daar altesaam 28 193 studente aan die Universiteit Stellenbosch (US). Dít is 1,8% meer as in 2010, en bykans dubbeld soveel as in 1990, toe die algehele studentetal op 14 131 gestaan het. Sedert 1990 het die aantal swart, Indiër- en bruin studente ook van 762 tot 9 278 toegeneem.


**STUDENTE**
- 17 051 voorgraads
- 10 043 nagraads
- 1 099 spesiale studente

**GEOGRAFIE**
- 17 779 Wes-Kaap
- 2 756 Gauteng
- 1 610 Oos-Kaap
- 1 338 KwaZulu-Natal
- 777 Namibië

**TAAL - VOORGRAADS**
- 52,6% Afrikaans
- 34,8% Engels
- 5,9% Tweetalig
- 6,7% Anderstalig

**TAAL - NAGRAADS**
- 43,2% Afrikaans
- 38,9% Engels
- 2,4% Tweetalig
- 15,5% Anderstalig

**GESLAG**
- 14 317 Vroue
- 13 876 Mans



*"As jou oë moeg is, is jy self moeg ... Ons misbruik deesdae ons oë deur ure voor die rekenaar of televisie deur te bring. 'n Mens moet jou oë oefen soos in 'n gewone gimnasium."*

# Sherylle het sportwêreld aan haar voete

**deur Jackie Pienaar-Brink**

Vyftien jaar gelede het Sherylle Calder haar met haar visuele vaardigheidsprogram op ongebaande weë bevind. Haar aansprake dat sy 'oogfiksheid' onder sportlui dramaties kan verbeter, is met skeptisisme bejeën. Sedert die Engelse rugbyspan en die Springbokke egter agtereenvolgens met háár hulp die Wêreldbeker verower het, word daar met nuwe oë na haar gekyk.

Sherylle se lewe wil-wil na 'n parodie op Laurika Rauch se liedjie "Hot Gates" klink. Londen. Amsterdam. Canberra. Tokio. Bangkok. Kuusamo.

Jy besef egter gou dit is geen gekke nabootsing nie. Dít is hoe sy regtig deesdae leef – op reis van die een wêreldstad na die volgende.

Finland nader haar om hul skiërs onder hande te neem. Tokio wil hê dat sy hulle rugbyspelers help. In Amsterdam is sy betrokke by hokkiespelers, seiljagvaarders en bobslee-ryers. Tennis, sokker, gholf ... daar is haas nie 'n sportsoort waarin sy nie 'n hand het nie.

Dít verbaas dié tenger sportwetenskaplike, wat Suid-Afrika voorheen op die hokkieveld verteenwoordig het, egter glad nie. Sy glo, nee wéét, immers dat haar program nuwe wêrelde vir mense kan laat oopgaan.

Deesdae het sy ook skole en die korporatiewe wêreld in haar visier, en sweer sowel sakelui as ouers ook nou by haar tegniek, wat intussen tot die rekenaarprogram EyeGym gelei het.

"As jou oë moeg is, is jy self moeg," verduidelik sy. "Ons misbruik deesdae ons oë deur ure voor die rekenaar of televisie deur te bring. 'n Mens moet jou oë oefen soos in 'n gewone gimnasium. EyeGym verbeter mense se visuele vaardighede dermate dat dit hul konsentrasie, besluitneming en ander vaardighede verskerp."

Ons ontmoet in 'n restaurant buite Stellenbosch, haar "gunstelingplek in die wêreld". Haar opgewondenheid om volgende jaar op dié dorp 'n kantoor oop te maak is dus te verstane.

Sy lyk amper te broos om dit tussen 'n klomp rugbyspelers te waag, maar terselfdertyd straal sy 'n sagte vasberadenheid en 'n onwrikbare geloof in haar eie produk uit.

Vier jaar lank het sy saam met die Bokke gewerk tot en met hul Wêreldbekersege in 2007. Voor elke toets sou jy haar op die veld kry, besig om Jean de Villiers en Bryan Habana hulle passies te laat maak. "Jy het gewéét hulle kan enige bal onderskep."

Toe sy John Smit vra hoe haar werk sy spel beïnvloed het, het hy opgemerk dat sy lynstaaningooie met daardie toernooi 100% akkuraat was. "As 'n mens nóú kyk, val al die skewe lynstane jou op."

Dink sy sy sou in die pas afgelope Wêreldbekertoernooi, waarin die Bokke in die kwarteindstryd vasgeval het, iets vir die manne in groen en goud kon beteken?

"Natuurlik. Natúúrlik sou ek kon," antwoord sy ferm, maar sonder 'n sweempie grootdoenerigheid. (Peter de Villiers het verkies om nié van haar gebruik te maak nie.)

Ná haar voorgraadse studie aan die Universiteit van die Vrystaat, het Sherylle haar meestersgraad in Sportwetenskap aan die Universiteit Stellenbosch voltooi. Hier het sy nie net vir sowel die Universiteit as die Westelike Provinsie hokkie gespeel nie, maar ook albei dié spanne én die universiteit se manshokkiespan afgerig – laasgenoemde 'n eerste vir 'n vrou.

As hokkiespeler het dit geleidelik tot haar deurgedring dat sy oor besondere vaardighede beskik. Haar blitsige waarneming en reaksie op die veld het ander spelers telkens hardop laat wonder of sy oë agter in haar kop het.

Erkenning as een van haar era se beste hokkiespelers het gekom toe sy in 1995 as een van die elf beste spelers gekies is wat as 'n span aan 'n kwalifiserende hokkietoernooi vir die Olimpiese Spele deelgeneem het.

Sherylle was nog altyd oortuig dat haar vaardighede iets is wat aangeleer kan word. As die oog geleer kan word om vinniger te fokus, kan die spel immers vinniger gelees word, en kan spelers seker maak dat hulle op die regte tyd op die regte plek is.

Toe sy in 1996 ophou hokkie speel, het sy haar tot navorsing op hierdie gebied gewend en haar intrek in 'n klein kantoortjie by die Instituut vir Sportwetenskap in Nuweland, Kaapstad, geneem. Haar navorsing het in 1999 in 'n doktorsgraad onder prof Tim Noakes gestalte gekry, waarin sy die impak







Sherylle Calder saam met (kloksgewys) Bryan Habana, Jake White en John Smit, en oudpresident Nelson Mandela.

van visuele vaardighede en besluitneming op die prestasie van bepaald elite-atlete ondersoek het.

Sy moes veral aan die begin heelwat skeptisisme verduur, "soos maar altyd met iets nuuts die geval is". "Maar ek het dit in 'n wetenskap omskep," sê sy.

*Haar blitsige waarneming en reaksie op die veld het ander spelers telkens hardop laat wonder of sy oë agter in haar kop het.*

Met verloop van tyd het sy haar toenemend in die binnekringe van die voorste sportlui wêreldwyd bevind. Daarmee saam het onvergeetlike oomblikke gekom, soos toe sy koningin Elizabeth in Buckingham-paleis ontmoet het – die eerste keer saam met die All Blacks, en 'n paar jaar later weer saam met die Engelse rugbyspan. En die koningin het haar as die 'oogvrou' onthou.

"EyeGym is my lewenswerk," sê sy passievol. Sy droom van die dag dat dit as vakgebied op universiteit aangebied word. Die enigste tameletjie is dat sy te besig is om alles te dokumenteer.

"Ek leer nog elke dag," sê sy. Dít beteken dat sy haar EyeGym-rekenaarprogram, wat dit vir deelnemers moontlik maak om die oogoefeninge op eie houtjie te doen, bykans weekliks aanpas. Die naam sê presies wat dit behels: gereelde oogoefeninge 'n paar keer per week, soos in 'n gewone gimnasium. En as jy laat slaplê, sal jou vermoë verswak, soos in 'n gewone gimnasium.

Dis nie 'n kitsoplossing nie, waarsku Sherylle. Jy het dissipline nodig – of jy dit nou op die sportveld, op skool of in die sakewêreld toepas.

Sy het die skoolprogram ontwikkel nadat sy 60 leerlinge aan 'n Londense skool in 2008 by 'n navorsingsprojek betrek het. Ál die kinders – van verskillende ouderdomme en vlakke – het 'n spesifieke toets voor én ná Sherylle se program afgelê. Verstomde onderwysers het 'n verbetering van 72% aangemeld.

Sherylle werk al 'n paar jaar met die rugbyspelers van Grey Kollege in Bloemfontein. Nou die dag stap 'n Afrikaansonderwyser verby haar en sê: "Ek is so bly jy is terug. As die rugbyspelers die program volg, is hul konsentrasie en begrip in die Afrikaansklas ook sommer beter."

En dít, sê Sherylle, is iets wat sy herhaaldelik hoor: dat leervermoë op die koop toe verbeter, al is kinders dalk om ander redes in die program. Boonop skiet hul selfvertroue die hoogte in.

Sy vertel met 'n tikkie weemoed van die besondere verstandhouding wat sy in haar Matiedae met dok Danie Craven gehad het. Hulle het gereeld soggens by die Sportburo saam tee gedrink. "Hy was my mentor. Hy het 'buite die boks' gedink en mý geleer om dit óók te doen."

Sy onthou hom as 'n nederige man, iets waarna sy self in alle opsigte streef. "Die grondslag van my lewe is my geloof. Dis hoekom ek met respek en integriteit teenoor almal probeer optree."

Maar, voeg sy by, dit verg dissipline om nie hierdie vaste grondslag prys te gee nie. Soos toe sy die Pakistanse krieketspan touwys gemaak het en – vroualleen in 'n hotelkamer – omkoopgeld aangebied is. "Vir 'n oomblik het ek gedink dit sal my lewe baie makliker maak. Gelukkig het ek kop gehou. Ek is trots daarop dat ek oorleef het sonder om iets prys te gee."

- Besoek www.drsheryllecalder.com vir 'n kort demonstrasie van die oogfiksheidsprogram


***E** When Sherylle Calder launched her visual skills programme 15 years ago, her claims of being able to significantly enhance the visual capabilities of sportsmen and women were met with scepticism. Today her 'eye fitness' programme is in demand the world over. After all, she is the only person boasting back-to- back Rugby World Cups. Read the article in English at www.alumni.sun.ac.za*



# Alumnus heads Sowetan

**- Lynne Rippenaar**

An alumnus of Stellenbosch University, Mpumelelo Mkhabela (34), has been appointed editor of the respected South African newspaper, *Sowetan*.



*Crozier Street equipped me in all respects and I emerged a well-rounded journalist.*

As a child, Mkhabela read newspapers which his father and brothers brought home. "I enjoyed reading politics, especially opinions and commentary. I wished then that I could write some of it."

Little did he know that years later, his determination to make this dream come true, would see him accompany ex-President Thabo Mbeki on a peace mission to the Ivory Coast on a journalism assignment. "Mbeki was scheduled to visit Bouake, the northern part of the country that had seceded. Together with some members of the South African police, we went ahead in advance and booked into a "hotel" which would make a Diepsloot shack look like a five star hotel," he says jokingly.

The following day, he witnessed Mbeki "effectively conducting a typical South African "imbizo" with a local community in a foreign country controlled by a rebel leader.

"Incidentally, that rebel leader is now the president of the Ivory Coast!"

Following the completion of his studies at SU, Mkhabela started working at *City Press* in 1999, partly to fulfil his contractual obligations after receiving a scholarship from Media24 to study at the university's Journalism Department.

"Since then I have never looked back. It's been fun and a lot of hard work at the same time," says Mkhabela.

Soon after joining *City Press*, he started specialising in the coverage of politics. Mkhabela had completed a BA Honours in Political Science at the University of Limpopo before pursuing a career in journalism. "My background in political studies and my training in journalism blended quite nicely. In October 2001, I was appointed parliamentary correspondent for *City Press* and later promoted to senior political writer. Although I was primarily based in Cape Town, I was always available to cover political stories countrywide and on some occasions I was assigned outside the country," explains Mkhabela.

In June 2007, he joined the *Sunday Times* as a senior political writer based in Cape Town. A year later, he was appointed the newspaper's parliamentary bureau chief, a position he held until 2009 until he relocated to Johannesburg where he was assigned to cover the Presidency under President Jacob Zuma.

However, before he could take up that job, he was offered the position of deputy editor of the *Sunday Independent*. For 11 months, he served as deputy editor of this national newspaper, before Avusa approached him and offered him the position of editor of *Daily Dispatch*. He worked there up until July this year and then took over as editor of the *Sowetan* in August.

His success, he says, is partly thanks to the time he spent at SU learning the essentials of carving a career in the journalism industry.

"Stellenbosch University was indispensable in kick-starting and developing my career. Crozier Street equipped me in all respects and I emerged a well-rounded journalist. Not only was I taught the essentials about journalism at an advanced level, but I also learned the necessary attitude to succeed in this industry," says Mkhabela.

- **Mkhabela was one of three alumni of the Department of Journalism who was recently nominated to the *Mail&Guardian's* "Top 200 young South Africans you must take to lunch" list. Joining Mkhabela are Ainsley Moos (33), Editor-in-Chief of the *Volksblad* Group, and Julie Cunningham (30),** a guest writer for ***The Daily Maverick*** on nation **building topics, a freelance journalist, speaker and former editor of South Africa – The Good News.**


# HOOP Projek

## ondersteun US uitnemendheid

**Deur Desmond Thompson**

*'Dit is interessant dat hoewel dit in die eerste plek die Universiteit se uitnemendheid is wat ons in staat stel om 'n betekenisvolle bydrae tot die gemeenskap te lewer, dit ook andersom werk - deur op relevansie te fokus, raak ons al hoe beter.'*

**- Prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier**



Die HOOP Projek stel die Universiteit Stellenbosch (US) in staat om sy akademiese uitnemendheid en navorsingsvoortreflikheid verder uit te bou.

So sê prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die US en die dryfkrag agter die HOOP Projek. Dié institusionele bevorderingsplan het met prof Botman se aanstelling in 2007 gestalte begin kry, en is amptelik in Julie 2010 bekend gestel.

"Dit is interessant dat hoewel dit in die eerste plek die Universiteit se uitnemendheid is wat ons in staat stel om 'n betekenisvolle bydrae tot die gemeenskap te lewer, dit ook andersom werk - deur op relevansie te fokus, raak ons al hoe beter," het die Rektor aan *Matieland* gesê.

Prof Botman, wie se eerste termyn nou tot 'n einde kom, wys daarop dat hy met sy diensaanvaarding aangedui het dat die Universiteit "beduidend anders en beduidend beter" sou word.

"Ek kan met trots sê dat ons dít die afgelope vier jaar reggekry het. Daar was baie prestasies, maar 'n onlangse hoogtepunt is ons insluiting by twee internasionale ranglyste - die van QS en die *Times* - as een van die beste universiteite ter wêreld."

Hieroor het die US in 'n verklaring gesê: "Ons is terdeë bewus van die metodologiese swakhede van ranglyste, en dít is ook hoekom die Universiteit nie ranglyste najaag of oordrewe waarde daaraan heg nie. Ons waardeer egter die internasionale erkenning wat dit meebring. Dit onderskryf die akademiese en navorsingsvoortreflikheid van ons personeel."

### Strategiese fokusgebiede tot 2016

Volgens prof Botman bly uitnemendheid 'n belangrike oogmerk vir die toekoms. "Een van ons vier strategiese fokusgebiede vir die tydperk 2012 tot 2016 is juis om Maties se kundigheidsbasis verder uit te bou."

Die US beklemtoon ook groter diversiteit wat die samestelling van sy personeel- en studentekorps betref, groter studentesukses, en die bevordering van sy volhoubaarheid as instelling.

"Soos ek in 2007 al genoem het, beweeg ons weg van ons verlede as 'n plek waar mense op grond van velkleur uitgesluit is, en bied ons eerder 'n heenkome waar almal welkom is."

*'Die US is lank nie meer 'n uitsluitlik Afrikaanse universiteit nie, en ons wil ook nie 'n uitsluitlik Engelse universiteit word nie.'*

### Afrikaans as instrument van bemagtiging

"Ek het gesê ons sal slegs tevrede kan voel oor billike toegang wanneer die dogter van die plaaswerker dieselfde toekomsgeleenthede as die seun van die plaasboer het. Nou, ons weet dat die dogter van die plaaswerker in ons geweste waarskynlik bruin en Afrikaans is. Dít is onder meer hoekom Afrikaans as onderrigtaal vir ons van strategiese belang is - nie soseer ter wille van taalbehoud nie, maar as instrument van bemagtiging," het prof Botman in sy mededelings aan die Konvokasie op 10 November gesê.

Hy het bevestig dat die US verbind bly tot die gebruik en volgehoue ontwikkeling van Afrikaans as akademiese taal - "maar in die konteks van meertaligheid". Dié beginsel is reeds met die Universiteit se Taalbeleid van 2002 vasgelê, het hy uitgewys.

"Die US is lank nie meer 'n uitsluitlik Afrikaanse universiteit nie, en ons wil ook nie 'n uitsluitlik Engelse universiteit word nie. Dít is hoe ek my mandaat en opdrag verstaan - om niemand uit te sluit nie, maar ook niemand af te skeep nie."

Prof Botman het gesê die US slaag daarin om uitvoering te gee aan die besluit deur die Raad aan die einde van 2009 dat Maties 'n minimum voorgraadse aanbod van 60% in Afrikaans moet handhaaf.

"Een van die groot uitdagings was om parallelmediumonderrig in werking te stel. Dié model - wat afsonderlike Afrikaanse en Engelse strome behels - is in 'n aantal van ons grootste fakulteite ingefaseer. Daar wás haakplekke, maar oor die algemeen is ons tevrede dat dit uitgestryk is.

"Ek het die volste vertroue in almal wat met die inwerkingstelling van die Taalbeleid en -plan gemoeid is - van die Viserektor vir Onderrig tot die dekane, departementele voorsitters en dosente. Min universiteite kan nadoen wat ons met betrekking tot die bevordering van Afrikaans in die konteks van meertaligheid, sowel as die vlak van institusionele steun daarvoor, vermag."

Prof Botman het laat blyk dat opvoedkundige tolking ook aan die kom is. Dié stelsel is die afgelope jaar in 'n aantal fakulteite op die proef gestel as deel van 'n omvattende navorsingsprojek oor onderrigtaal.

"Ons respekteer studente se voorkeur om in die taal van hul keuse te studeer. Daarom bied ons 'n konteks waarin hierdie keuse vryelik in Afrikaans en Engels uitgeoefen kan word - sonder benadeling van enigiemand. Dit is 'n belegging in studentesukses in die ruimste sin van die woord."

'n Naambord, in drie tale, by die Taalsentrum.




# US BIED HOOP VIR AFRIKAANS

**Die Universiteit Stellenbosch (US) se Bevorderingsplan vir Afrikaans is onlangs amptelik by die HOOP Projek ingesluit, maar waar kom dit vandaan?**

"Die Universiteit beskou Afrikaans as 'n kosbare kulturele bate, en erken die rol van Afrikaans as 'n instrument van bemagtiging in die groter Suider-Afrikaanse konteks van meertaligheid," sê prof Magda Fourie-Malherbe, Viserektor (Onderrig).

Prof Leon de Stadler, Direkteur van die Taalsentrum, sê: "Die US het 'n groot groep Afrikaanssprekendes as kliënte. Daar moet in hul behoeftes voorsien word, onder meer deur die aanbied van kursusmodules in Afrikaans, die aanwending van parallelmediumonderrig (PMO), die gebruik van Afrikaans in dokumente, sowel as tolkdienste."

Berekeninge vir 2012 wys dat die Afrikaanse onderrig-aanbod van fakulteite gemiddeld 62,85% gaan wees. Die voorgeskrewe minimum-gemiddeld is 60%.

PMO is tot dusver suksesvol geïmplementeer in die fakulteite Ingenieurswese, Natuurwetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, asook AgriWetenskappe.

Opvoedkundige tolking is in Ingenieurswese, Natuurwetenskappe en Opvoedkunde beproef, en gaan in 2012 uitgebrei word.

Die Taalsentrum bevorder Afrikaans onder meer deur vertaling, tolking, redigering, die ontwikkeling van drietalige terminologieë, sowel as spesiale leer- en onderrigprojekte.

'n Verskeidenheid taalmodules word ook jaarliks in verskillende fakulteite aangebied. Daar word gefokus op die ontwikkeling van akademiese geletterdheid en taalverwerwing vir studente wat vaardighede in Afrikaans of Engels kortkom.

Die Universiteit bevorder ook Afrikaans deur die jaarlikse Woordfees, waarmee die Afrikaanse letterkunde, musiek en ander kunste bevorder word. 'n Baanbrekersprojek van die Woordfees is Woorde Open Wêrelde (WOW), waardeur Afrikaans en die geskrewe woord onder skoolkinders bevorder word.

Die Departement Afrikaans en Nederlands bevorder Afrikaans deur sy akademiese werk, maar ook deur onder meer sy betrokkenheid by die Letterkunde-ondersteuningskomitee (LOK), skrywerswerksessies en slypskole vir die taalberoepe.

Die US het vanjaar 'n toekenning van R1 miljoen aan die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) gemaak. Die Viserektor: Onderrig dien as voorsitter van die WAT-direksie, en die Universiteit verskaf logistieke steun aan die WAT.

Die US reik uit na skole ten einde die stroom Afrikaanssprekendes wat Maties wil word, sterk te hou - dít na aanleiding daarvan dat ál meer histories Afrikaanse skole na PMO oorskakel, en dat meer leerders Engels as onderrigtaal op skool verkies.

Die US het in sy voorlegging aan die Ministeriële Komitee vir die Hersiening van die Befondsingsraamwerk 'n sterk saak uitgemaak vir spesiale befondsing vir meertaligheid.

## SÓ ONTVOU DIE HOOP PROJEK OOR DIE AFGELOPE ANDERHALF JAAR

**Suksesvolle fondswerwing aan die US hang saam met die doelwitte van die HOOP Projek, die veldtog waarmee die Universiteit sy volhoubaarheid bevorder en stelling inneem om deur middel van sy kundigheid ontwikkeling en vooruitgang in Suid-Afrika en op die res van die vasteland in die hand te werk. Hier volg enkele hoogtepunte van die HOOP Projek tot dusver:**

### JULIE 2010

- Nasionale bekendstelling van die HOOP Projek op Stellenbosch. Dít word gevolg deur bekendstellings in Johannesburg, Port Elizabeth, George, Durban, Windhoek, Berlyn, Londen, Amsterdam en die VSA.
- Konferensie getiteld "Hoop in Suid-Afrika" word aangebied. Deelnemers sluit in regter Albie Sachs, prof Ben Smit, prof Sandra Liebenberg, me Phylicia Oppelt en mnr Ernst van Dyk.

### AUGUSTUS 2010

Eerste imbizo van die Standard Bank-sentrum vir die Ontwikkeling van Sakeleierskap en -mentorskap in die Landbou. Landelike ontwikkeling en grondhervorming word bespreek.

### OKTOBER 2010

Die US word die eerste Afrika-universiteit wat die Berlynverklaring oor Oop Toegang tot Inligting onderteken.

### NOVEMBER 2010

- Stigting van die Vennootskap vir Afrika se Volgende Geslag Akademici (PANGeA), wat uit die universiteite van Botswana, Dar es Salaam, Makerere, Malawi, Nairobi en Stellenbosch bestaan.
- Inwyding van die Ukwanda Studenteleersentrum op Worcester vir opleiding in die gesondheidswetenskappe.

### DESEMBER 2010

Die Afrikasentrum vir MIV/vigs-bestuur hou galakonsert by Kunstekaap in Kaapstad.

### JANUARIE 2011

Die Afrika Doktorale Akademie en die TsamaHub bied somerskole aan, eersgenoemde in navorsingsmetodologie, en laasgenoemde in volhoubaarheid.

# SU ready to contribute to security, peace and governance in Africa



*South Africa – and by extension Africa – has gained ascendency to join the BRICS (Brazil, Russia, India, China and South Africa, as economic grouping), which brings a renewed focus on governance, peace and security on the continent.*

The Security Institute for Governance and Leadership in Africa (SIGLA) of Stellenbosch University (SU) is well placed to assist in this regard, says its new director, Siphokazi Ndudane. She recently took over the reins from Lt Gen Louis Matshwenyego Fisher, a former Chief of the Botswana Defence Force, who had acted as interim director.

"SIGLA is very relevant to what the continent needs. It can play a tremendous role as a think tank in generating knowledge resources and the dissemination of integrated security theory for the continent," Ndudane says.

SIGLA forms part of Stellenbosch University's HOPE Project, which seeks to create sustainable solutions to some of South Africa's and Africa's most pressing challenges. It is based at the University of Stellenbosch Business School (USB) in Bellville, but also maintains strong links with the University's Faculty of Military Sciences at Saldanha, one of only two military academies in Africa, and with the University's School of Public Leadership, also in Bellville. In addition, it draws on expertise across various academic departments at the rest of the University.

"I have worked closely with a number of SU researchers in the past, and I know that this is an academic institution with immensely talented people. The mix of expertise available at the University is exciting," Ndudane says.

*SIGLA is very relevant to what the continent needs. It can play a tremendous role as a think tank in generating knowledge resources and the dissemination of integrated security theory for the continent.*

She worked for Marine and Coastal Management under the Department of Environmental Affairs and Tourism (now the Department of Agriculture, Fisheries and Forestry) before joining the National Research Foundation, where she headed the International Science Liaison unit.

She also worked closely with the major continental regional bodies, such as the Southern African Development Community, African Ministerial Committee in Science and Technology and the African Union (AU).

Ndudane brings her experience in working in South Africa and the continent in programme management and policy development to bear in her new role. Her focus is on strategically positioning SIGLA through partnerships within the public and private sector environment, and to develop research and training programmes related to security, governance and leadership in Africa.

SIGLA will be hosting colloquiums focusing on governance, peace and security in Africa. These events will be attended by delegates from the AU's Peace and Security Council, and other structures across the continent.

"I am looking forward to leading SIGLA into its next phase, contributing to development and helping to change the face of Africa, from one of strife and unrest, to one of peace, good governance and security," Ndudane says. ■

# Daar is krag in branders!

- *Liesel Koch*

*[illegible] s [illegible] e [illegible] a [illegible] ubare E[illegible] a[illegible]e Fakult[illegible]*

Sy navorsing oor die gebruik van golfenergie vir kragopwekking bou voort op navorsing in die Fakulteit tydens die oliekrisis in die 1970's.

"Die eerste golfenergietoestel, die Stellenbosch Wave Energy Converter (SWEC), van prof Deon Retief, was 'n soliede betonstuktuur op die seebodem," sê Joubert. "Die ontwerp waaraan ek werk, die ShoreSWEC, is 'n aanpassing hiervan. Dis 'n strandgebaseerde toestel wat ook as breekwater dien. Dis meer toeganklik en dus makliker om in stand te hou."

Joubert se navorsing pas in by die Energie en die Omgewing-inisiatief, wat deel uitmaak van die Universiteit Stellenbosch (US) se HOOP Projek.

"Ons beskik oor kundigheid oor 'n wye spektrum van hernubare energie, van wind- en sonkrag tot biobrandstof," sê prof Willem Perold, Ingenieurswese se visedekaan vir navorsing en leier van die Energie en die Omgewing-inisiatief.

Jacques du Plessis van die Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese se meestersgraad handel ook oor die benutting van golfenergie vir kragopwekking. Hy maak gebruik van boeie en 'n hidrouliese stelsel.

Nog 'n nagraadse student, Felipe Guerrero van die Departement Siviele Ingenieurswese, ondersoek die ideale ligging vir 'n baai aan die kus waarin inkomende golwe optimaal vir kragopwekking benut kan word.

"Dit moet 'n paar honderd meter groot wees en moet net mooi die teenoorgestelde wees van 'n hawe, wat plat en sonder golwe is. Net soos branderplankryers soek ek groot golwe," skerts hy.

Hierdie boorling van Chili het wye ervaring op die gebied van branderkrag, wat hy onder meer in sy geboorteland en in Australië verwerf het. "Die Suidelike Halfrond se golwe is anders as dié in die Noordelike Halfrond – hulle is langer," sê hy.

Wanneer dit by hernubare energie kom, het Suid-Afrika nie alleen oorvloedige sonlig vir die opwekking van sonkrag nie. Aan die Ooskus vloei een van die sterkste seestrome ter wêreld, wat ideaal vir kragopwekking is.

"Water se digtheid is 850 maal hoër as lug s'n. Deur middel van 'n onderwater turbine kan jy meer kinetiese energie uit seestrome onttrek as uit wind. Maar die probleem is dat dit baie moeilik is om onderwater te werk as op droë grond," verduidelik Josh Reinecke, 'n navorsingsingenieur verbonde aan CRSES.


Die US is die enigste universiteit in Suid-Afrika wat intensiewe navorsing oor oseaanenergie doen. Die Fakulteit Ingenieurswese het goeie navorsingsfasiliteite hiervoor, byvoorbeeld 'n sleeptenk, 'n golfkanaal en 'n model "baai", asook wêreldklas instrumentasie en rekenaarfasiliteite.

Met die oliepryse wat nou weer soos in die sewentigerjare die hoogte inskiet, is navorsing oor hernubare energiebronne van kardinale belang.

"Dié energiebronne is boonop verniet!" sê Joubert. ■



Jacques du Plessis, links, wys die boeie waarmee hy krag opwek. Hy en James Joubert staan by 'n golfkanaal wat vir navorsing gebruik word en deels met HOOP Projek-fondse opgerig is.



**Die ShoreSWEC is 'n breekwater golfenergie-omsetter-toestel wat bestaan uit 'n versameling kamers wat elk gevul is met vasgevangde lug en wat oop is vir die effek van branderaksie. As 'n golfkruin verby die kamer beweeg, neem die druk in die kamer toe en die vasgevangde lug word deur 'n eenrigtingklep na 'n hoë-druk pyp gevoer. Tydens 'n golftrog gebeur die teenoorgestelde. Die druk verminder in die kamer en lug word in die kamer ingetrek vanaf 'n lae-druk pyp. Die lug wat van elke kamer versamel is, word gebruik om 'n konvensionele lugturbine te draai om elektrisiteit op te wek.**

HOOP PROJEK

FEBRUARIE 2011

Inwyding van 'n ultramoderne leersentrum in die JS Gericke Biblioteek, gevolg deur 'n navorsingsentrum in Mei, waarvan mnr Pravin Gordhan, die Minister van Finansies, die amptelike opening waarneem. Die sentra bevorder studentesukses.

MAART 2011

- Die Departement Joernalistiek wy sy MEDIAFRIKA-gebou in.
- Die US Waterinstituut word bekend gestel. Dit bied 'n oorkoepelende tuiste vir die waternavorsing wat in sewe US-fakulteite gedoen word.
- Bekendstelling van die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling, die eerste in sy soort in Suid-Afrika. Die Instituut bied onder meer programme aan om Maties se leierskapsvaardighede uit te bou.
- Die US-Senaat aanvaar 'n beleidsdokument oor hoop as die Universiteit se rigtinggewende motief. Goedkeuring deur die Universiteitsraad volg in Mei.

MEI 2011

- Konferensies oor "Teologie, gestremdheid en menswaardigheid" en "Die reg en armoede" vind plaas.
- Prof Russel Botman word vir 'n tweede termyn as Rektor aangestel. Die HOOP Projek het onder sy leiding gestalte gekry.

JUNIE 2011

- Die "Locations and Locutions"-lesingreeks van die Nagraadse Skool in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe skop af. Die doelwit is kritiese debat oor Afrika.
- Veilige kershouers wat brande help voorkom, word aan die gemeenskap van Macassar oorhandig.

JULIE 2011

- Dr Johann Rupert, Kanselier van die US, maak in sy hoedanigheid as die hoof van Richemont 'n skenking vir die vestiging van die Anton Mostert-leerstoel in Immateriële Goederereg aan die US. Prof Owen Dean word as eerste bekleër van die leerstoel aangestel.
- Teen die eerste herdenking van die HOOP Projek toon die syfers dat meer as R900 miljoen van die fondswerwingsteiken van R1,75 miljard reeds ingesamel is.
- Me Siphokazi Ndudane neem die leisels oor as Direkteur van die US se Sekerheidsinstituut vir Staatsbestuur en Leierskap in Afrika (SIGLA).

AUGUSTUS 2011

Die Regshulpkliniek open 'n nuwe vleuel om in die groot vraag na sy dienste te voorsien, en verdubbel sy vermoë om senior studente jaarliks praktiese opleiding te bied.

SEPTEMBER 2011

Die US bied die eerste US Akademie vir Universiteitsbevordering-werksessie aan, met deelnemers van verskeie Afrikalande.

OKTOBER 2011

Die vier Wes-Kaapse universiteite snoer kragte saam by die eerste gesamentlike simposium oor voedselsekerheid.

NOVEMBER 2011

'n Simposium oor entrepreneurskap – die "Simposium vir Menslike Ontwikkeling" – met die Minister van Finansies, mnr Pravin Gordhan, word aangebied.

# 'Jy móét iets vir ander mense doen'



Mary en Francois van der Merwe en hul skaaphondjie, Bokka. (Foto: Justin Alberts)

"Dis hoe ek grootgeword het - dat 'n mens jou seëninge deel met ander wat dit nodig het. Jy móét iets vir ander mense doen."

**S**ó gesels Mary van der Merwe oor haar besluit om geld na te laat sodat iemand by die Universiteit Stellenbosch (US) kan studeer om 'n dokter te word. Haar man, Francois, maak in sy testament dieselfde voorsiening as sy in hare. Sy erflating moet gaan vir Teologiestudie aan die US.

Dit was vir haar vanselfsprekend dat haar erflating studie in die Gesondheidswetenskappe moet bevorder. Nie dat sy baie met dokters te doen het nie. Sy en Francois was nog altyd gelukkig om goeie gesondheid te geniet.

Mary het ook geen verbintenis met die Fakulteit Gesondheidswetenskappe nie. Eintlik het nie sy óf Francois hoegenaamd enige verbintenis met die Universiteit nie.

Hoekom dan dié erflatings? Hulle lyk verbaas oor die vraag. Albei wil geleenthede help skep vir universiteitsopleiding vir behoeftige studente - en die US is vir hulle die logiese plek waar hul erflatings 'n verskil in jong lewens kan maak.

"Ek het nog altyd geweet dís mos die universiteit hier rond wat predikante oplei," verduidelik Francois. Dáárom sy besluit op 'n erflating aan die Fakulteit Teologie, sodat 'n behoeftige student wat vir die bediening geroepe voel hom/haar op Stellenbosch in dié rigting kan bekwaam. "Sodat iemand gehelp kan word om ander mense se lewens te verryk ... om soos 'n hoë boom te wees na wie daar opgekyk word."

*Die US is vir hulle die logiese plek waar hul erflating 'n verskil in jong lewens kan maak.*

Die Van der Merwes het byna 50 jaar gelede in die Oos-Kaap getrou, waar albei grootgeword het. Ná dekades as Kapenaars het hulle in die vroeë 1990's ongeveer op dieselfde tyd afgetree - Francois as paneelklopper by Eskom en Mary as kantoorbestuurder by 'n onderneming naby hulle woonplek in Kraaifontein.

"Mary en Francois stel 'n wonderlike voorbeeld," sê Hugo Steyn, wat erflatings by die US koördineer. "Die menslike potensiaal wat so dikwels verlore gaan as begaafde dog arm studente nie universiteitsopleiding kan bekostig nie, het die Van der Merwes aangegryp, en met hul beskikbare middele doen hulle iets konstruktief hieraan."

Baie mense kan nie solank hulle leef, bekostig om geld vir byvoorbeeld studiebeurse te skenk nie, sê hy. "Maar selfs al is jy nie ryk nie, stel 'n erflating jou in staat om iets blywends na te laat - om te help met opleiding wat eendag 'n verskil kan maak in die wêreld wat jy agterlaat." ■

- **Skakel met Hugo Steyn by 021 808 3615, 083 230 6487, hugos@sun.ac.za of die posadres Ontwikkeling en Alumniverhoudinge, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, Matieland 7602.**

*E: To share one's blessings with others. That is the philosophy by which Mary van der Merwe has lived her life. She and husband Francois are not Stellenbosch University alumni, nor does this Kraaifontein couple have any other ties with the University. Yet, they've decided to bequeath money to enable needy students to study here - in Theology and in Health Sciences.*



# Annual alumni giving can make substantial contribution to student success

*- Liezl Scholtz*



Mr Johann Beyers, pictured here with Ms Bev Witten, Director: Alumni Relations and Mr Jan-Dawid Luttig (right) from Stellenbosch, received a special branded pin in recognition for his continued philanthropic contributions to the University. He was one of the guests at the Donor Recognition Event held in Stellenbosch where alumni, staff and friends of the University, who have been supporting the University over the years, were thanked and acknowledged for their support.
Photos: Anton Jordaan, SSFD.

The world over, alumni play an important part in ensuring that the institution where they acquired their qualifications remains relevant and sustainable. Stellenbosch University (SU) provides a number of options for alumni to give back to the University.

**I**n 2012, the SU Alumni Relations Office will encourage alumni to consider supporting student success through the HOPE Project. This can be done by contributing to the SU Bursary Fund.

Ms Louise Enslin of the Alumni Relations Office says that this annual alumni giving programme aims to solicit financial support at any level from alumni, staff and friends of the University. "The collective impact of alumni giving should not be underestimated, and can ensure the sustained success of students at the University. If 10% of our alumni give R100 per month by debit order, we will raise R12 million - and will be able to award full fee undergraduate bursaries to 400 students!"

In this regard, annual alumni giving is one of the five legs of the Alumni Relations strategy. The other four legs are engagement, communication, volunteer management, and early student engagement.

Enslin further emphasised that "no matter how big or small, your gift can make a difference. It can buy a textbook or a computer; provide a bursary for a talented young engineer, accountant, doctor or scientist in the making; sponsor a chair in a relevant speciality, or help secure the best tools needed to establish an excellent learning environment for students of the 21st century".



Nadine Moodie (middle, front), who gave an overview of the flip side of the donating coin (students receiving the bursaries), is pictured here with the Stellenbosch University (SU) Rector and Vice-Chancellor, Prof Russel Botman (far right), and members of Our Alumni Circle Stellenbosch (OACS). OACS is a volunteer programme that connects SU's graduates of the last ten years (2000-2010) with the mission, work and community of the University through innovative programming and fundraising. Two members of OACS, Alphonso Primo and Paul Antohnie, along with another alumnus, Nico Maans, started their own student bursary, called the MAP Bursary, to help a deserving student with his/her studies at SU. Here are (front row) Primo, Antohnie, Moodie, Meryl Awkes and Prof Botman. At the back are Julia Jansen, Andrew Harris, Ilse Mathys and Emma Brown.

## Donor recognition event

At a donor recognition event held in November in Stellenbosch, Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor, thanked donors of the University, including alumni, staff and SU friends, for their continued philanthropic support.

He pointed out that alumni's contributions can make a huge difference in student bursaries. "Due to the continued financial support of our alumni, the corporate world, trusts and foundations, 6 004 students were awarded undergraduate bursaries last year."

At the event, special HOPE Project donor pins were awarded to those who have supported the University for three consecutive years with R1 000 or more per year, as well as those who have been giving by debit order for ten or more years, and donors who have given R10 000 or more since the launch of the HOPE Project. ■

- **For more information on alumni giving, contact Louise Enslin at 021 808 9351 orbenslin@sun.ac.za or fill out the enclosed form to make a gift to the bursary fund.**

# Top SU donors receive Vice-Chancellor's Award

**"This is an investment in the future of our country and continent. The fact that you use Stellenbosch University as the vehicle for this investment is a motion of confidence in us and in the HOPE Project." This was the message of Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor, in honouring Stellenbosch University's top donors for their contribution to the continued excellence and relevance of the institution.**

Forty donors received the Stellenbosch University (SU) Vice-Chancellor's Award in August at functions held in Stellenbosch and Johannesburg.

The Vice-Chancellor's Award goes to individuals who have cumulatively donated more than R1 million as well as institutions that have donated more than R2 million, while the Vice-Chancellor's Award: Gold goes to individuals or institutions that have passed the R5 million mark in donations.

Among the donations recognised were more than 1 000 bursaries.

"You have opened the doors of learning to people who would otherwise not have had the opportunity to attend university. Thanks to your magnanimity, their lives have been enriched and they have been equipped to help make the world a better place," Prof Botman added.

In addition to the bursaries, the donors have also made generous contributions to various fields of study, institutions and initiatives at SU.

Speaking at the event in Johannesburg, Mr Brian Molefe, CEO of Transnet, pledged the parastatal's continued support for SU. He said inequality remained a serious problem in South Africa, and that education was the best way of dealing with the problem.



Mr GT Ferreira, a recipient of the Vice-Chancellor's Award: Gold (Individuals), was a speaker at the Stellenbosch event.




Mr Jantjie September receives a Vice-Chancellor's Award: Gold on behalf of the Albert Wessels Trust from SU Rector and Vice-Chancellor Prof Russel Botman.

## 2011 VICE-CHANCELLOR'S AWARD RECIPIENTS

- Anglo American Platinum
- Aulai Trust
- Aveng Ltd
- Coega Development Corporation
- Compass Group SA
- DG Murray Trust
- Discovery Foundation
- Donald Gordon Foundation
- Ecumenical Foundation of Southern Africa
- Fasset (SETA)
- Investec Bank
- JP Westergren (Canada)
- Link SA Trust
- Namakwa Sands
- National Ports Authority
- Protein Research Foundation
- Rand Merchant Bank
- Remgro
- Deciduous Fruit Producers' Trust
- Shawn Beyers (USA)
- Southern ENT
- Stella & Paul Loewenstein Trust
- Ulrike Merkel

### GOLD INDIVIDUALS

- Markus Jooste
- GT Ferreira

### GOLD INSTITITIONS

- Abe Bailey Trust
- Albert Wessels Trust
- Attorney's Fidelity Fund
- DW Ackermann estate
- Gautrain Management Authority
- Media24
- Mediclinic
- Murray & Roberts
- Naspers
- Dutch Reformed Church
- Poliomyelitis Research Foundation
- Sanlam
- Transnet
- Wilfred Metje Foundation
- Wilhelm Frank Trust



# Hoekom ek gee

**Mnr GT Ferreira (foto links), een van die Universiteit Stellenbosch se grootste skenkers, het by die 2011 Visekanseliers-toekennings in Stellenbosch verduidelik waarom hy gee. Hier volg 'n verkorte weergawe van sy toespraak**

Hoekom gee ons, hetsy as individue of maatskappye? Wat probeer ons doen?

Probeer ons iemand aanmoedig of beloon, byvoorbeeld met 'n beurs as hulle goed doen in matriek?

Of is dit omdat jy jammer voel vir mense wat nie dieselfde geleenthede in die lewe as jy gehad het nie, nou wil jy graag iets vir daardie persoon gee?

Of is dit 'n skuldgevoel omdat jy so baie ontvang het, relatief gesproke. En ek bedoel nie net geld nie. Dit kan talent wees, of 'n klomp ander goed.

Of is dit selfverheerliking? Is dit iets wat jy doen omdat jy wil goed voel oor jouself? Of doen jy dit omdat jy erkenning soek?

Daar is baie redes waarom mense gee, en as jy diep daaroor nadink, kan jy jouself maklik knoop. Maar uiteindelik moet jy jouself afvra, maak dit saak? Maak dit saak hoekom jy gee, solank jy gee?

Die vraag is ook, wanneer moet ons gee?

Daar is 'n gepaste aanhaling hieroor deur Ralph Waldo Emerson: "You cannot do a kindness too soon, for you never know how soon it will be too late."

Ek dink dis baie belangrik. Hoekom wil ons wag tot ons dood is, en dan deur middel van erflatings gee as ons genot daaruit kan put om tydens ons leeftyd te gee?

Die groot vraag is, wat put jy daaruit om te gee? Daar is 'n aanhaling deur Peyton Conway March hieroor: "There is a wonderful mythical law of nature that the three things we crave most in life - happiness, freedom and peace of mind - are always attained by giving them to someone else."

Dis 'n goeie opsomming. In my geval, dink ek, ek het 'n beter lootjie as party ander mense getrek. En ek wil graag glo dat as ek 'n bietjie van dit wat ek in oorvloed het, met andere deel, sal dit my, in die woorde van Peyton Conway March, 'n bietjie geluk, vryheid en gemoedsrus in die sak bring.

Dis my wens vir u ook.

# Ciucci family establishes bursaries for law studies

A total of 22 prospective Matie students from previously disadvantaged communities will benefit from the Ciucci Law Development Initiative (CLDI), which will give students the opportunity to pursue law studies at Stellenbosch University (SU).

The CLDI, established in SU's Faculty of Law, will focus on access to the legal profession, socially relevant research to uphold constitutional rights, and legal resources for rural areas.

"The Faculty is proud to announce that Giuseppe and Kathleen Ciucci, both SU alumni, have made a significant pledge to fund the CLDI," says Prof Gerhard Lubbe, Dean of the Faculty and Director of the Ciucci Centre for Law and Social Development. "In the context of the University's HOPE Project, the Ciucci family and the Law Faculty will partner to support positive transformation in South Africa."

Mr Giuseppe Ciucci was appointed Chief Executive of the Stonehage Group in London in May 1997. Stonehage is a leading independent multi-family office that offers wealth management and advisory services to an international clientele.

"We would like to assist disadvantaged learners to access the legal profession, and to support SU to expand its legal resources in rural areas. We believe this initiative will contribute to the realisation of the University's HOPE Project, and establish the SU as a catalyst for positive social transformation," Mr Ciucci said.



The first pillar of the CLDI will facilitate access to law studies through the Undergraduate Training Initiative, which will provide Giuseppe & Kathleen Ciucci scholarships for first-year students in the Faculty of Law. These scholarships will be matched by the Dean's Fund.

The scholarships extend the existing Recruitment Scheme initiated by the Stonehage Charitable Trust and the Dean of the Faculty of Law in 2009, resulting in 22 scholarships annually to recruit qualified students from disadvantaged groups.

The second pillar of the CLDI is a Developmental Law Initiative focused on postgraduate research and training in the areas of socio-economic rights, administrative justice and constitutional property law.

# Student leadership training at SU boosted by generous Abe Bailey donation

The Frederik Van Zyl Slabbert Institute for Student Leadership Development (FVZS Institute) at Stellenbosch University (SU) is to benefit from a generous R1,5 million donation from the Abe Bailey Trust. The Abe Bailey Trust was established in 1940 in terms of the will of the South African and British mining magnate Sir Abe Bailey. It is well known for its travel bursaries, which give outstanding university students and young academics the opportunity to travel to the United Kingdom to broaden their horizons. The Trust also supports the development of young South African leaders as mentors and change agents.

"The FVZS Institute sees the donation as an affirmation by the Abe Bailey Trust to invest in the lives of young South Africans, thus promoting the values of great South Africans like Abe Bailey and Frederik Van Zyl Slabbert," comments Dr Leslie van Rooi, Head of the Institute.

The FVZS Institute fosters ethical leadership and an understanding of students' role as leaders in an African and global context; develops leadership, communication, conceptual and management skills, and engages with other local institutions and international partners.

In addition to its donation to the FVZS Institute, the Trust has donated approximately R6 million to various projects and programmes at SU since 1992.

The FVZS Institute forms part of Stellenbosch University's HOPE Project.

- **Dr Frederik Van Zyl Slabbert was a recipient of the Abe Bailey travel bursary in 1975.**

# Kampus kry nuwe gesig

## 'MEESTERPLAN' VIR FASILITEITE ONDERSTEUN US SE HOOP PROJEK



'n Kunstenaarsvoorstelling van die nuwe onderrigkompleks op die Stellenbosch-kampus.

Sonder die beste geboue, rekenaar- en biblioteekgeriewe, onderrig- en leersentra, koshuise en laboratoria om sy doelwitte te verwesenlik, kan die Universiteit Stellenbosch (US) nie 'n voorlopersentrum van uitnemendheid in Afrika wees nie.

So sê prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die US, teen die agtergrond van 'n dinamiese 'Kampusmeesterplan' wat hierdie jaar by die Universiteit bekend gestel word, en wat oor die volgende paar jaar as rigsnoer sal dien vir die ontwikkeling van fisiese ruimtes.

"Die plan maak deel uit van die HOOP Projek en is daarop afgestem om die nodige kampusfasiliteite en -infrastruktuur te ontwikkel ten einde die volgende generasie Afrikastudente, -navorsers, -opvoeders en -landsburgers op te lewer. Terselfdertyd wil ons die Universiteit se ryk argitektoniese erfenis bewaar. Dit alles is om die Universiteit se drie kernfunksies - onderrig en leer, navorsing, en gemeenskapsinteraksie - te bevorder, gerugsteun deur 'n kampusomgewing met 'n unieke karakter, maar ook die reputasie van 'n toonaangewende 21ste-eeuse instelling."

### Kampusmeesterplan

"Die Kampusmeesterplan bied 'n holistiese raamwerk om die algemene ontwikkeling van die kampus te rig, maar moet ook buigsaam wees" vertel prof Leopoldt van Huyssteen, Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies, wat oorhoofs verantwoordelik is vir fisiese fasiliteite by die Universiteit.

"Daarmee saam kan die rol wat geboue in onderrig en leer, navorsing en selfs gemeenskapsinteraksie speel, nie genoeg beklemtoon word nie. Dit gaan hier oor meer as net kantoorspasie of moderne lesinglokale. Die kern van die plan is 'n moderne universiteit met wêreldklasfasiliteite, maar waarin personeel en studente 'n sentrale rol vervul. Die klem is op 'menseruimtes' en 'n positiewe studente- en werkplekervaring. Dit is ook in ooreenstemming met moderne tendense waar grense tussen leef, leer en werk vervaag. Voorts gaan dit hand aan hand met die klem wat die Universiteit se HOOP Projek op personeel- en studentesukses plaas."

> *'Die kern van die plan is 'n moderne universiteit met wêreldklas-fasiliteite, maar waarin personeel en studente 'n sentrale rol vervul.'*

"Die Meesterplan is natuurlik nie uit die lug gegryp nie," voeg prof Van Huyssteen by. "Dit volg op deeglike ontwikkelings- en beplanningstudies die afgelope paar jaar. Daar is onder meer ondersoek ingestel na verkeers- en parkeerpatrone, ruimtebehoeftes in geboue sowel as huisvestingsbehoeftes. 'n Groeiende studentetal en toenemende motorverkeer plaas lank nie meer net druk op parkeerbehoeftes nie, maar doen ook afbreuk aan die gehalte van die kampus as 'n boomryke en rustige akademiese omgewing met moderne fasiliteite, maar ook met talle goed bewaarde en funksioneel benutte geskiedkundige geboue. 'n Belangrike aspek van die Meesterplan is dat dit baie minder voertuie op kampus in die vooruitsig stel, en veel meer voetgangers, fietsryers en pendelbussies."

Hy verduidelik ook dat Matiegetalle van sowat 4 000 in die 1940's tot 6 000 in die 1960's, 10 000 in die middel van die 1970's en 20 000 in 2000 gestyg het. "Nou nader dit die 30 000-kerf, waarvan sowat 25 000 uiteindelik op die Stellenbosse hoofkampus kan wees."

Verder kyk die plan ook na hoe die US sy beskikbare grondgebied benut - wat Bellvillepark- en Tygerbergkampus, proefplase en natuur- en sportgebiede insluit. Ook toeganklikheid vir besoekers, personeel en studente; die behoud en daarstel van oop en groen ruimtes; volhoubaarheidsaspekte, en voetganger- en verkeersirkulasie kom onder die loep.

"Die US se Stellenbosch-kampus is onlosmaaklik deel van die historiese kern van die dorp, en die gedagte is glad nie om met die verlede te breek nie," sê prof Van Huyssteen. "Noue samewerking met plaaslike owerhede en die gemeenskap in dié verband is van kernbelang. Die Meesterplan maak juis voorsiening vir 'n stylvolle ineenvloeiing van die moderne en die historiese, en die bewaring van ons erfenis en kultuur-historiese geboue."





'n Voorstelling van die nuwe ingangsroete na die kampus, via Crozierstraat.

## US KRY NUWE 'VOORDEUR'

Soos verskeie ander toonaangewende universiteite in die wêreld, het die US met verloop van baie jare gegroei en ontwikkel. "Daar is tans 'n groot behoefte aan 'omgewingsordening', met logiese nodusse vir spesifieke funksies van die Universiteit," vertel mnr Schalk Opperman, Direkteur: Beplanning en Ontwikkeling. "Omgewings wat dus by mekaar pas, moet sover moontlik ook fisies nader aan mekaar gebring word om doeltreffender te funksioneer. 'n Rigsnoer vir die beplanning hiervoor was die bepaling van 'n denkbeeldige sentrale 'as' wat deur die hele Stellenbosch-kampus loop."

Die beginpunt van die as is in Crozierstraat, met die Administrasie A-gebou as eerste groot fokuspunt. Die plan is om dié gebou te herbou, hoewel met behoud van die huidige vooraansig, sodat dit as nuwe 'voordeur' vir die Universiteit kan dien. Hierdie nuwe 'voordeur' en gepaardgaande administrasiegebou sal ook funksioneer as eenstop dienspunt vir die ontvangs van gaste, ouers van studente en om 'n effektiewe diens aan bestaande en voornemende studente te lewer.

Hiervandaan loop die as na die Rooiplein, waar die JS Gericke Biblioteek, synde 'n interaktiewe leersentrum, die akademiese kern van die kampus uitmaak. Argiteksvoorstelle sluit selfs 'n glaskoepel bo-oor die Biblioteek in as estetiese fokuspunt op kampus. Die as loop dan verder na die Studentesentrum, gevolg deur die beoogde nuwe onderrigsentrum (sien voorstelling hiernaas) wat waarskynlik op die huidige parkeerterrein van die Studentesentrum opgerig sal word. Hierna loop die as deur na die koshuise op kampus (oftewel interaktiewe leer- en leefplekke) en eindig by die JS Marais Reservaat.

> *"n Rigsnoer vir die beplanning is 'n denkbeeldige sentrale 'as' wat deur die hele Stellenbosch-kampus loop.'*

### JS Marais Reservaat

"Die Reservaat word gesien as 'n belangrike 'groen long' van die dorp en kampus wat bydra tot die unieke landelike karakter van die dorp. Dié karakter van die kampus is juis een van die bemarkingsaspekte van die Universiteit en daarom wil ons graag bydra tot die uitbou van hierdie reservaat deur dit meer gebruikersvriendelik vir die publiek, personeel en studente te maak. Daar is baie potensiaal vir ontspanningsruimtes wat ontgin kan word in sekere gedeeltes. Dit sluit 'n koffietuin en amptelike fiets- en voetpaaie in. Beplanning word in noue samewerking met alle belanghebbendes gedoen met sensitiewe komponente van die reservaat, waaronder sekere plant- en dierspesies, wat voorkeur in die beplanning geniet," sê mnr Opperman.



Die nuwe geboue by die Ingenieurswesekompleks wat tans in aanbou is. Die projek sal na verwagting teen April 2012 voltooi wees.

## Dit woel en werskaf by Ingenieurswese

Ook die Ingenieurswesekompleks is in rep en roer met verskeie bouprojekte. Die twee grootstes hiervan is die bou van 'n lesingsaal-en-biblioteekgebou, en aanbouings by die Departement Prosesingenieurswese.

Eersgenoemde sal die Ingenieurs- en Bosboubiblioteek sowel as studieruimtes, klein konferensielokale en twee lesingsale met onderskeidelik 300 en 275 sitplekke bevat. Die Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energiestudie en die MIH Medialaboratorium sal hul intrek op die boonste vloer neem.

Die fasiliteite by die Departement Prosesingenieurswese word uitgebrei met 'n gebou met 'n groot voorgraadse laboratorium en kantoorruimte op die grondvloer. Die ander vloere spog met studie-, tutoriaal- en seminaarlokale, kantore, en studieareas vir nagraadse studente.

Finansiering vir hierdie geboue kom van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding sowel as die US-Raad. Die geboue sal na verwagting aan die einde van die eerste kwartaal in 2012 in gebruik geneem word.

# Bestaande bouprojekte gee stukrag aan Meesterplan

Finansiering uit die Universiteit Stellenbosch (US) se HOOP Projek het oor die afgelope jaar verseker dat 'n aantal nuwe fasiliteite vir HOOP-inisiatiewe gebou en opgeknap kon word. Dié fasiliteite is die MEDIAFRIKA-gebou (waaroor in 'n vorige *Matieland* berig is), die Afrikasentrum vir MIV/vigs-bestuur, die Ukwanda Landelike Kliniese Skool en die Regshulpkliniek.



## UKWANDA
### NEEM GESONDHEIDSDIENSTE NA PLATTELAND

Sedert November verlede jaar is bouers aan't werskaf op die hoek van Durbanstraat en die Robertson-pad op Worcester. Die Ukwanda Landelike Kliniese Skool behoort teen Maart 2012 gereed te wees om 'n nuwe generasie gesondheidspersoneel op te lei om in die groot vraag na mediese sorg op die platteland te voorsien (sien kunstenaarsvoorstelling hierbo).

Twee geboue - een vir studentehuisvesting (vir 40 studente) en die ander 'n akademiese fasiliteit met 'n ouditorium vir 120 mense, kantore en seminaar-, rekenaar- en studielokale - word tans opgerig.

Die US se Fakulteit Gesondheidswetenskappe het in vennootskap met die Wes-Kaapse Provinsiale Regering dié kliniese skool 'n werklikheid gemaak. Die projekwaarde beloop sowat R46 miljoen.

- **Besoek www.sun.ac.za/ukwanda vir meer inligting.**



## REGSHULPKLINIEK

Met die opening van sy nuwe vleuel (foto hierbo) in Augustus is die US se Regshulpkliniek nou oorgehaal om vanaf volgende jaar 'n selfs omvattender en beter diens aan gemeenskappe in en om Stellenbosch en op die platteland te bied.

Vier nuwe kantore, 'n seminaarkamer en 'n nuwe sentrum met 14 rekenaars stel die Regshulpkliniek in staat om dubbel soveel studente as in die verlede in te neem om praktiese vaardighede in 'n regspraktyk op te doen.

Die Regshulpkliniek, wat in Banhoekweg op Stellenbosch geleë is, bied gratis regsdienste, en werk hoofsaaklik met plaasafsettings, arbeidsgeskille, gesinsgeweld, egskeidings, skuldverligting en motorbotsings. Jaarliks word sowat 4 000 kliënte bygestaan.

"Die voortbestaan van die Regshulpkliniek is noodsaaklik, sodat ons deur funksionele, professionele gemeenskapsdiens hoop aan die minderbevoorregtes in ons omgewing kan bied," sê mnr Kruger van der Walt, Direkteur van die Regshulpkliniek.



## AFRIKA-VIGSSENTRUM
### KRY EERSDAAGS NUWE TUISTE

Die nuwe tuiste van die Afrikasentrum vir MIV/vigs-bestuur (kunstenaarsvoorstelling hierbo) maak goeie vordering. Die Sentrum verhuis in Mei 2012 na Joubertstraat, Stellenbosch.

Met sy nuwe fasiliteite sal die Sentrum sy werksaamhede selfs beter kan verrig. Die nuwe, moderne dubbelverdiepinggebou spog met kantore, ruim kombuisgeriewe, 'n raadsaal en 'n repetisielokaal vir akteurs wat in die Sentrum se gewilde opvoedkundige teaterstukke speel.

Die koste van die projek beloop R16 miljoen.

Deur sy akademiese opleidingsprogramme in MIV/vigs-bestuur steun die Sentrum die HOOP Projek se visie van die bevordering van menswaardigheid en gesondheid. 'n Nagraadse diploma en MPhil-program word aangebied wat studente toerus om beheer oor die pandemie te neem.

Oor die afgelope dekade het die Sentrum al meer as 1 500 nagraadse diplomas aan studente van 45 lande toegeken.



## GESONDHEIDS-WETENSKAPPE

Die US se Afdeling Fasiliteitsbestuur het vanjaar ook twee ou lesingsale by die Fakulteit Gesondheidswetenskappe op Tygerbergkampus in een moderne, groot lesingsaal met die jongste onderrigtegnologie omskep. Dit is deel van 'n groter projek om geboue op dié kampus op te knap. Die kafeteria vir studente het ook 'n nuwe baadjie gekry met nuwe meubels, kleurvolle mure en ontspanningsareas.



# Huisvesting uitgebrei

Ekstra huisvesting vir 2 500 studente, die bou van verskeie luister-leef-en-leerhuise (LLL-huise), die ontwikkeling van 'n 'studentedorp' én 'n nuwe koshuis - dít is van die doelwitte van 'n ambisieuse huisvestingsprojek op die Stellenbosch-kampus van die Universiteit Stellenbosch (US). Dié projek geskied in fases oor die volgende paar jaar.

Onderhewig aan Raadsgoedkeuring, sal daar in die eerste fase, wat na verwagting teen einde 2012 voltooi sal wees, by bestaande koshuise aan- en verbouings geskied, en sal LLL-huise sowel as 'n moontlike nuwe koshuis gebou word. Saam sal dit ekstra blyplek vir 650 studente voorsien. Nuwe vleuels word ook by die dameskoshuis Irene en die manskoshuise Huis Visser en Huis Marais beplan. Nuwe LLL-huise sal op die perseel tussen Sonop en Irene sowel as tussen Eendrag en Irene opgerig word. LLL-huise is plekke waar senior studente op grond van diversiteitsfaktore soos ras, geslag en studierigting saam in huise geplaas word en vir 'n jaar volgens 'n sentrale tema soos gemeenskapsinteraksie, leierskap, kultuur en media leef.

'n Nuwe, losstaande koshuis, wat ook 'n PSO-fasiliteit sal insluit, word tussen Eendrag en Irene beplan.

Onderworpe aan finansiering sal 'n bykomende 1 850 beddens in verdere fases bygevoeg word.

Finansiering vir die bouprojekte word gedeeltelik moontlik gemaak deur 'n toelaag van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, wat die belang van koshuise op universiteitskampusse besef.

"Die projek sal nie net die tekort aan huisvesting verlig nie, maar sal meer studente wat privaat bly en kampus toe moet pendel (die sogenaamde PSO-studente) by koshuisgemeenskappe betrek. Die PSO-fasiliteite bied ruimtes vir PSO-studente om bymekaar te kom, te sosialiseer en groepwerk te doen, of kan as basis dien vir hulle om aan studenteaktiwiteite deel te neem," verduidelik mnr Pieter Kloppers, Direkteur van die Sentrum vir Studentegemeenskappe (SSG).

## Studentebetrokkenheid

Mnr Schalk Opperman, Direkteur: Beplanning en Ontwikkeling van die US se Afdeling Fasiliteitsbestuur, sê die behoeftes van studente het 'n sentrale rol gespeel in die beplanning van die bouprojekte. Projekspanne, bestaande uit argitekte en ander konsultante, koshuisbesture én ander belangegroepe, is saamgestel om behoeftebepalings te doen. Uit die insiggewende gesprekke kon die argitekte 'n prentjie vorm van die spesifieke etos van elke koshuis, en is 'n kreatiewe ontwerpproses in samewerking met die koshuise van stapel gestuur."

Hy sê ook die totale beplanningsproses word deurlopend in oorleg met die plaaslike munisipaliteit onderneem. Parkeerkwessies, voldoening aan erfeniswetgewing, verkeersimpakstudies en dienslewering word onder meer bespreek.

Die nuwe aanbouings en omliggende terreine sal ook uiteindelik met onder meer goed uitgelegde omgewings en stap- en fietsryroetes spog, wat 'n aangename omgewing vir studente sal skep.




'n Argiteksvoorstelling van die nuwe aanbouings (in blou aangedui op die kaart) by koshuise. Aanbouings by Huis Marais en Huis Visser (1), by Irene Vrouekoshuis (2), LLL-huise en 'n moontlike nuwe koshuis tussen Irene en Eendrag (3) neem in 2012 'n aanvang. Die moontlikheid van aanbouings by Nerina Vrouekoshuis (4), Heemstede Vrouekoshuis (5) asook 'n moontlike studentedorp tussen bestaande koshuise (6) maak deel van die toekomsplanne uit.





## STUDENTEDORP
### KAN HUISVESTINGSNOOD VERLIG

'n Innoverende plan om die ruimte tussen die koshuise Dagbreek, Majuba, Sonop, Irene, Helshoogte en Simonsberg in 'n studentedorp te omskep, kan 'n groot bydrae maak om die huisvestingsnood op Stellenbosch-kampus te verlig. Daar word tans ondersoek ingestel daarna om die huidige tennisbane op dié perseel in oorleg met Maties Sport na elders te verskuif. Die gedagte is om 'n dorpsgevoel aan die terrein te gee, met koffiewinkels, straatkafees en verskeie nutsdienste soos wasserye en studiesentrums vir studente. Die studentedorp moet ook skakeling tussen koshuis- en dagstudente bevorder en as toegangspunt dien tot die JS Marais Reservaat. Bo is 'n kunstenaarsvoorstelling van dié studentedorp.

# Coping with climate change

Climate change issues are driving much of the work that researchers in a range of disciplines are doing at Stellenbosch University (SU) – from health, natural sciences and agriculture to philosophy and law, writes **Engela Duvenage**.



It's not just about rising sea levels and melting icebergs. In Southern Africa, shifting rainfall patterns and temperature fluctuations might see changes in the number of life-threatening malaria cases being reported.

So says Candice-Lee Lyons, a doctoral student in Zoology, who is studying the mosquito species *Anopheles arabiensis* and *Anopheles funestus*, the two most common carriers of the Plasmodium parasite that causes malaria in Southern Africa.

Ms Lyons, whose field work has taken her to Mozambique, uses computer-based modelling techniques to assess where the two mosquito species under investigation are currently found in the region, and where they might spread to in future.

"The survival and spread of adult mosquitoes are influenced by, among others, temperature, rainfall and humidity. Increased temperatures, up to a certain limit, have been shown to increase the population of mosquitoes and, therefore, the potential malaria risk in a region," Ms Lyons says of her study, which is done in conjunction with the Malaria Entomology Research Unit at the University of the Witwatersrand.

The study forms part of the HOPE Project research being conducted by the DST-NRF Centre of Excellence for Invasion Biology (C·I·B) at SU to understand how climate change influences the spread of insects that carry human and animal diseases.

In its research, the C·I·B is increasingly focusing on how plants and animals are being influenced by changing weather patterns, and how this affects the movement of species.

"We hope to convey the impact of these results in our discussions with policy makers and the public, so that we can help to increase the understanding of precisely what is happening around us," explains Prof Steven Chown, C·I·B Director and winner of the international Martha T Muse Prize for science and policy in the Antarctic.

Of course, the C·I·B researchers are not the only ones on the Matie campus taking note of this human-induced phenomenon. A Google search shows climate change is much more than a passing interest, with research papers ranging from its impact on grain production in the Western Cape and the prevalence of agricultural pests to the use of solar technology, the range expansion of marine fish, and the spread of chronic disease.

The Centre for Chinese Studies even featured an article on climate change and its impacts on Africa in the October issue of its *China Monitor* newsletter.

While research endeavours in the natural and agricultural sciences provide the relevant facts, figures and predictions, social scientists are helping to shape the way we need to think and integrate these developments with legislation and policies.

For Prof Oliver Ruppel of the Department of Mercantile Law, climate change needs to be treated with an interdisciplinary approach that strongly focuses on human rights, as escalating health risks, extreme weather events and increased water stress will increasingly affect vulnerable groups such as children, women and indigenous groups.

Haar boodskap aan diegene wat te midde van moeilike omstandighede steeds hoogtes wil bereik, is eenvoudig: "Jou omstandighede is nie jý nie; dit ís moontlik om daaruit te kom, jou oë moet net oop wees vir ander wat jou wil help. Volg jou innerlike kompas en bly getrou aan jouself."

Wat lê nog vir haar voor? "'n Mens hoef nie die lewe so fyn te beplan nie, want dan beperk jy jouself. My lewensfilosofie is om ontvanklik te wees – ek probeer elke jaar iets nuuts leer." So het sy al gaan rektouspring in Singapoer, geleer om te tango, en selfs in 'n helikopter oor die suide van Italië gevlieg. Sy sê die reisgogga het haar behoorlik gebyt en sy sal nog graag eendag Antarktika toe wil gaan. Die lekkerste bly egter om terug te kom huis toe.



**Besoek www.rachelsangels.co.za vir meer inligting.**

10 YEARS 2001 - 2011



USB-ED 10 YEARS

# From humble beginnings to hope in Africa

**Ten years of successfully developing leadership and managerial talent across the African continent. This is what USB Executive Development Ltd (USB-ED) has been celebrating in 2011. Forming part of Stellenbosch University's Business School, but operating as a fully fledged private company, USB-ED provides programmes across the management and leadership spectrum, as well as discipline-specific and industry-specific programmes that can be presented anywhere in Africa.**

In only a few short years, USB-ED overcame the odds in becoming financially self-sustaining, and boasted a profitable turnaround by 2008. Since then, the private company has increasingly focused its attention on addressing the burning issues on society's agenda.

"At USB-ED, we want to provide more than just management training. We asked ourselves whether we were doing enough for the developing society in which we are embedded. The answer was 'not yet'. But to drive this social agenda, you need specialised knowledge," says Chief Executive Officer Frik Landman. The company has since invested in centres that focus on entrepreneurship (to grow the economy), project management (to improve infrastructure) and business in society (to develop leaders who deal responsibly with resources in the public and private sectors).

Landman explains that, based on international reports and conversations on various platforms, Africa's time is now. As democracy spreads, there is optimism that transformation will lead to responsible leadership and governance. In this respect, executive development can make its greatest contribution, since all the leadership development programmes of USB-ED are specifically aimed at promoting economic and social governance.

So, how does an individual, an organisation or society benefit from executive development? According to Landman, it provides individuals with a portfolio of competencies, helping them to become solid citizens of society. Executive education builds the bridge between business and society, enabling individuals to work in both domains. Organisations gain best practices and innovation skills, and develop the ability to improve their own effectiveness. Where business training takes place, it sets in motion a chain of positive consequences in the community. It has a further impact by contributing to the country's productivity.

USB-ED endeavours to create value by becoming involved in social and environmental issues, including initiating, with partners, a national and international conversation on food security; making significant advancements in creating interventions for the non-profit organisation (NPO) environment, thus acknowledging the crucial role of NPOs in society and the bigger economy, and moving into communities with entrepreneurial offerings.

The operational units at USB-ED are all aligned, not only with the vision and mission of the company, but also with the HOPE Project, the Stellenbosch University brand, and with what USB-ED see as the development needs of Africa and the Middle-East. Over the past few years, these units have continued to focus on reaching more and more potential leaders across Africa and beyond, and to develop their learning processes, delivery methodologies and operations in general.

In this regard, USB-ED's corporate partnership programmes are customised to meet the strategic needs of the company or organisation as well as the development needs of the individual. All learning interventions can be presented in-house, anywhere in Africa.

Landman says that a major component of the 2012 strategy will be to expand current activities in Botswana, Namibia and Saudi Arabia. In addition, the company is aiming to reach and serve the East African community, specifically Kenya, in the new year.

Says Landman: "USB-ED is an agent and a serious participant in taking our continent from hopelessness to hope. In the end, we want to make a meaningful contribution to leaders' ability to lead and serve society with wisdom and courage."

- **Contact Mariéke van Rooyen at 021 918 4344 or marieke.vanrooyen@usb-ed.com for more information, or visit www.usb-ed.com.**

*Stories on these pages by Lynne Rippenaar.*



Hier is prof Christo van der Merwe (ver links in die eerste ry) saam met die studente wat die kursus afgelê het.

# Opleiding vir Bybelvertalers innoverend aangepak

Danksy 'n ooreenkoms tussen die Afrika-been van die United Bible Societies (UBS) en die Universiteit Stellenbosch (US) se Sentrum vir Bybelinterpretasie en -vertaling in Afrika (SEBIVA) is 'n kortkursus deur prof Christo van der Merwe, SEBIVA-direkteur, in Bybelse Hebreeus onlangs in Nairobi in Kenia aangebied.

"Daar word tans aan meer as 200 Bybelvertaal-projekte in Afrika gewerk. Een van die grootste uitdagings van byna die meeste van die projekte is dat die vertalers nie Grieks of Hebreeus (die brontale van die Bybel) magtig is nie. Dit is baie moeilik om hierdie vertalers na 'n universiteit te stuur, weg van hulle gesinne en uit hulle gemeenskappe. Daarom soek Bybelvertaal-agentskappe soos die Wêreldbond van Bybelgenootskappe (beter bekend as UBS) al baie jare na 'n manier om hierdie probleem die hoof te bied," verduidelik prof Van der Merwe wat ook aan die Departement Antieke Studie verbonde is.

Hy is reeds in 2009 deur UBS genader om te help dat vertalers wat aan Bybelvertaalprojekte werk, ook 'n formele kwalifikasie kan bekom. 'n Eksperiment is toe geloods waarin hy die ekwivalent van die eerstejaarkursus in Bybelse Hebreeus op 'n sentrale punt in Afrika gaan aanbied het. Sewentien studente van Uganda, Malawi, Soedan, Botswana, Benin, Togo, Burkina Faso, Kongo Brazzaville en Namibië het vir die kortkursus in Nairobi ingeskryf. Hiervan het 15 studente met groot sukses geslaag.

'n Kortkursus in 2012 sal voortbou op die suksesse van hierdie poging.

Omdat dit onmoontlik vir 'n voltydse dosent is om gereeld vir twee maande weg van kampus af te wees, is daar met die UBS ooreengekom dat van hulle konsultante wat oor 'n magister- of doktorsgraad in Semitiese Tale of Ou Testament beskik, die eerste aanbieding van 'n kortkursus sal bywoon. Hulle sal in die onderrigfilosofie, leermiddele en -materiaal van die betrokke kortkursus ingelei word, lesings gee, toetse opstel en ook modereer.

"Die mees geskikte kandidate sal akkreditasie ontvang om die kortkursus verder aan te bied," vertel prof Van der Merwe.

Al die leermateriaal sal deur die Departement Antieke Studie voorsien word.

Volgens Van der Merwe wys die kursus hoe die Sentrum die missie van die US uitleef om diep voetspore in Afrika te trap.

"Hoë vlak kundigheid word ingespan om die gemeenskap op voetsoolvlak te dien deur Bybelvertalers op 'n innoverende manier te bemagtig om die keurslyf van Engelse en Franse vertalings wat tipies as grondteks gebruik word, te ontsnap."

# Soccer used to prevent substance abuse

A research project by Prof Mark Tomlinson of the Psychology Department will use soccer to counsel men on health, mental health and substance abuse issues.

"Soccer offers opportunities for effective engagement, is an intrinsically rewarding activity and provides a platform for health messages to be communicated in a non-threatening manner," he says.

Young men in the greater Khayelitsha area will be recruited into a soccer league of eight teams. When participants come to practice and matches drug-free and alcohol-free, they will score points.



"Participants who have accumulated enough points will graduate from the programme and we will pay for them to train with an artisan, such as a plumber or a carpenter, to gain skills from which they can earn a viable income," explains Tomlinson. "At the end of their training, they will also receive a tool kit to start their own business." This intervention method is based on a concept in psychology called 'contingency management'. Its premise is that people learn new behaviours by applying these behaviours regularly and repetitively in their daily lives.

## Grant received

The project received a R1,5 million grant over two years from the National Institute on Drug Abuse (NIDA), one of the USA's National Institutes of Health. Tomlinson says that, globally, most HIV research focuses on women, with men often "thought of as the problem, the perpetrator or the absent father.

"When men are included in an intervention, it is often as a partner through one-on-one counselling, with the main focus still on women, and in a counselling situation that many men find alienating," he explains.

Tomlinson will be working with two non-governmental organisations, Sonke Gender Justice and Grassroots Soccer.

The study will continue to monitor participants who open up their own businesses. Tomlinson hopes to provide evidence that community mobilisation intervention strategies do work in the long term and that it will lead to further funding for bigger projects.





SU academic Dr Mawande Dlali (left, standing) with some of the Tshwaa-speaking villagers from Lephephe.

# LANGUAGE DEATH IN BOTSWANA INVESTIGATED

A researcher from the African Languages Department, Dr Mawande Dlali, is conducting research in Botswana on impending "language death" amongst communities who speak Tshwaa (sometimes referred to as Cuaa).

In Botswana, unlike South Africa, certain spoken languages are not afforded equal status along with other more dominant languages.

*One word can mean five different things depending on the different tones you use during pronunciation*

Such is the case for Tshwaa, which is only spoken by an estimate 300 people. They use very unique clicks, and sometimes one word can mean five different things depending on the different tones you use during pronunciation.

"I would not like for the language to die a natural death without something being done about it." Dlali is conducting the research with Dr Andy Chebanne of the University of Botswana.

The two academics visited the Western Sandveldt, home to the Eastern Kalahari Khoisan people who are settled only in Botswana.

"These communities have Khoisan speaking neighbours to the south called the ||Hoan and to the west called the ||Gana. Historically, they have inhabited the Sandveldt as hunter-gathers. From about 30 years ago, they have been relocated to benefit from social amenities provided around big villages," explains Chebanne.

Chebanne says social development "comes at a high cultural and linguistic cost".

"Children shift their language use from Thswaa to Setswana and consequently only the adults speak the language, with variant fluency characterised by code switching and a loss of vocabulary," explains Chebanne.

The overarching three-year research project will be funded by Stellenbosch University.



INTERNASIONAAL GEAKKREDITEER RELEVANT




Skep iets

Skep uitnemendheid deur jou maatskappy se strategie te gebruik om die hulpbronne te bepaal. Benut die jongste denkrigtings en innoveer soos jy vorder. Die toekoms behoort aan jou.

Vind jou nis. Kry 'n MBA van die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool. Ons MBA is internasionaal deur EQUIS* sowel as AMBA** geakkrediteer en tel onder die bestes in die wêreld.

Skakel +27 (0)21 918 4239 of
0860 USBMBA (0860 872 622)
of kry meer inligting by mba@usb.ac.za of
www.usb.ac.za/mba

USB
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool

EQUIS
Accredited by Association of MBAs

*EQUIS - European Quality Improvement System van die European Foundation for Management Development. **AMBA - Association of MBAs

USB113015A_ML/Mwamaza

# Ingenieurswese borg **HOSPITAALBED** vir kankeraktivis

Die Fakulteit Ingenieurswese het onlangs 'n spesiale 'hospitaalbed' vir 'n kankeraktivis van Oudtshoorn, mnr Joppie Fourie, geborg en vervaardig.



Die 'hospitaalbed' wat Joppie Fourie (regs) vir die duur van die veldtog sal stoot, is deur Anton van den Berg (links) van Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese vervaardig. In die middel sit Willim Welsyn, wat die temaliedjie geskryf en uitgevoer het.

Fourie het in Augustus op 'n staptog van 5 000 km deur Suid-Afrika vertrek as deel van 'n kankerbewusmakingsveldtog. Die dood van sy 17-jarige dogter aan 'n seldsame vorm van kanker het hom geïnspireer om die Ten Million Steps For Cancer-projek van stapel te stuur.

Hy sal die trolliebed oor die hele roete stoot en onderweg by 113 dorpe aandoen waar hy hospitale, interimhuise en onkologieafdelings sal besoek. Hy sal ook motiveringspraatjies lewer.

"My dogter, Marlené, is twee jaar gelede aan aggressiewe beenkanker oorlede. Haar positiewe ingesteldheid ten spyte van al die teëspoed het my geïnspireer om hierdie staptog aan te pak," sê Joppie Fourie.

"Kankerpasiënte is dikwels aan 'n hospitaalbed gekluister en moet ook dikwels hul stryd alleen voer. Daarom het ek besluit om 'n trollie te gebruik wat soos 'n hospitaalbed lyk en ook geen ondersteuningsvoertuig tydens my jaar lange staptog te hê nie, om só 'n kankerpasiënt se stryd uit te beeld."

Om die bewusmakingsveldtog ekstra stukrag te gee, het die kunstenaar Willim Welsyn, 'n vriend van Joppie Fourie, 'n temaliedjie geskryf.

"Ons as Fakulteit wil ook graag met die vaardighede tot ons beskikking by die gemeenskap se behoeftes betrokke raak," sê prof Arnold Schoonwinkel, Dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese, oor die Fakulteit se borgskap.

- **Besoek www.tenmillionstepsforcancer.org.za vir meer inligting.**



Foto links: Die deelnemers, hul ouers en personeel gemoeid met die projek.

# **AGRIWETENSKAPPE** WOEKER MET VOORLIGTINGSPROJEK

Altesaam 34 graad 11-leerders met 'n belangstelling in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe het vanjaar by 'n inisiatief vir gratis beroepsvoorligting en werkvolggeleenthede ("job shadowing") van die Fakulteit AgriWetenskappe baat gevind. Die leerders het 11 skole uit veral die Robertson- en Worcester-omgewing verteenwoordig.

Me Monika Basson, bemarkingsbeampte van die Fakulteit, vertel dat dit die tweede jaar is wat die Fakulteit 'n skenking van R100 000 van die Graham & Rhona Beck-ontwikkelingstrust vir dié projek ontvang. "Die doel is om die leerders goeie en ingeligte loopbaankeuses te help maak. Leerders word aan die dikwels onbekende landbouwêreld blootgestel en kry geleentheid om beroepsui op landbougebied vir 'n ruk in hul werk te volg."

Me Magda Vorster, Hoof- Uitvoerende Beampte van die Graham & Rhona Beck-vaardigheidsentrum, voeg by dat psigometriese assessering by privaat praktyke tot R3 000 per leerder kan kos. "Óns bied egter méér: Ons bied 'n student die geleentheid om iets oor homself te leer, om iets van die arbeidswêreld te ervaar, en om nuwe beroepsvelde te ondersoek."

Die leerders se terugvoer is baie positief. Volgens Dehné Peters van die Ashton Comprehensive School kry almal sekere spesiale geleenthede in die lewe, en was hierdie program vir haar so 'n geleentheid. "Dit het my baie dinge geleer en my oë vir nuwe geleenthede geopen." Eval Jansen van die Sekondêre Skool Langeberg sê dat almal wat hy deur die program ontmoet het 'n groot impak op hom gehad het. Ook vir Songezo Ceki van die Hoërskool Kayamandi was die mense die grootste inspirasie: "Ek kan nou 'n ingeligte keuse maak oor die tipe loopbaan wat ek wil volg." Dimitri Benting van Hoërskool Kylemore reken ook: "Die ervaring was beslis een van my bestes tot dusver."

- **Skakel met Monika Basson by 021 808 2978 of mh@sun.ac.za vir meer inligting of om betrokke te raak.**



# M-student ontdek **nuwe vetplant**

**Jannie Groenewald, 'n MSc-student in die Departement Bewaringsekologie en Entomologie in die Fakulteit Agri-Wetenskappe, spog met 'n nuwe plantspesie, *Haworthia groenewaldii*, wat na hom vernoem is. Jannie het dié vetplant reeds 'n paar jaar gelede op sy ouers se plaas in die Buffeljagsrivieromgewing in die Wes-Kaap ontdek, maar dit is eers ná voorleggings aan kundiges as 'n nuwe spesie bevestig en na hom vernoem. Hy was besig met 'n plantopname op hul plaas toe hy die ontdekking doen.**

**"Ek het aanvanklik gedink dit kan dalk 'n tipe *Haworthia mutica* wees, wat in die Overberg- en Tuinroete-areas voorkom, maar die plantjie het nie heeltemal met die reeds ontdekte spesies ooreengestem nie. Dit is wél verwant aan die *Haworthia magnifica var. atrofusca*, 'n vetplantjie wat ook in die omgewing voorkom."**

**Jannie beplan om eendag in die herstel van natuurlike weiveld (renosterveld) op plase in die Wes-Kaap te spesialiseer.**



# Skink werp lig op soogdierevolusie

**"Teen die derde wyfie wat ek bestudeer het, het ek geweet, bingo, hier's iets anders." Só onthou reptielkundige dr Alex Flemming sy gewaarwordinge toe hy besig was om voorbeelde van 'n soort skink uit die vloedvlaktes van Angola, Zambië en die Demokratiese Republiek die Kongo, te dissekteer.**



Dr Alex Flemming in sy kantoor in die Departement Plant- en Dierkunde.
Foto: Engela Duvenage

Dr Flemming, van die Departement Plant- en Dierkunde, meen die hoogs unieke baarmoederstelsel van *Trachylepis ivensi*, 'n besonderse groot soort gladde akkedis, werp lig op die geheimenisse van soogdierontwikkeling.

Sy navorsing hieroor saam met prof Daniel Blackburn van Trinity College (Amerika) het in die vaktydskrif *Journal of Morphology* en die populêre wetenskappublikasies *NewScientist* en *Bionieuws* verskyn.

Herpetoloë weet lankal dat reptiele (soos akkedisse en slange) nie nét eiers lê of lewendbarend is nie. Daar is ook vier groepe akkedisse met 'n gevorderde plasenta wat deur die proses van plasentotrofie hul ontwikkelende kleintjies uit eiersakvloeistof voed wat daarby deur baarmoederafskeiding aangevul word. 'n Dun eierdopmembraan skei die ongebore kleintjies van die plasenta.

Die ontdekking in *Trachylepis ivensi* voeg nou nóg 'n voortplantingswyse tot die reptielrepertoire by.

Dis die eerste vonds ooit van 'n reptiel wie se embrio volledig in 'n baarmoeder ontwikkel én aan die baarmoederwand heg. So onttrek die ontwikkelende kleintjie ál die voedingstowwe wat vir groei en ontwikkeling nodig is, direk uit die wyfie se bloedstroom.

Voorheen is aanvaar dat slegs soogdierembrio's op dié manier aan die baarmoeder heg, voed en ontwikkel.

"Soogdiere is toe nié so uniek soos ons gedink het nie, en ons studie lig heelwat funksionele en evolusionêre kwessies uit," glo dr Flemming.

"Ons sê geensins dat dié skink 'n 'soogdierplasenta' het nie," maan dié evolusionêre bioloog. "Dis eerstens 'n reptielplasenta wat baie soos soogdiere s'n werk."

"Omdat 'n mens nie versteende baarmoeders van die eerste soogdiere of hul voorvaders kry nie, is bespiegeling oor hul evolusionêre ontwikkeling moeilik," sê hy. "Tog, al is *Trachylepis ivensi* ver verwyderd van die soogdierstamlyn, kan ons uit dié akkedis se voorbeeld leer oor die ontwikkeling van soogdierplasentas."



# VERKEER BLUS SUIKERBEKKIES SE EETLUS

Dis nie net mense wat nie daarvan hou om langs besige, raserige paaie te woon en te werk nie.

Navorsing deur dr Sjirk Geerts en dr Anton Pauw van die Departement Plant- en Dierkunde, wat in *Austral Ecology* verskyn het, wys dat oranjeborssuikerbekkies nie juis aan Erica-blomme vreet wat digby paaie groei nie.

As 'n blom se meeldrade nie gebreek is nie, het die navorsers geweet dat 'n voëltjie nie naby dit was nie.

Sowat 70 van die 400 spesies Erica in die suidwes-Kaap word bykans uitsluitlik deur die oranjeborssuikervoëltjie, wat eie aan die streek is, bestuif.

Dit is die eerste studie van sy soort wat kyk na hoe paaie in die Kaapse fynbosgebied die voedingsgedrag van voëls – en dus hul vermoë om plante te bestuif - beïnvloed.

"Die invloed van verkeer is seker van die mees alledaagse, maar tog mees onderskatte mensgemaakte invloede op die natuur," glo dr Geerts. "Ons moet mooi dink voordat nuwe paaie goedsmoeds deur natuurgebiede beplan word."

# NEW EQUIPMENT STRENGTHENS GEOLOGICAL RESEARCH

The R4 million expansion of the rock-dating laboratory of the Central Analytical Facility is giving Stellenbosch University the edge when it comes to geochronological research in Africa.

The newly installed Thermo Element 2 HR-SF-ICP-MS (high-resolution sector field inductively coupled plasma mass spectrometry) helps local researchers to answer questions about the tectonic evolution and age of the continent, faster, easier and more cost-effective.

The facility is one of only a handful available worldwide at an academic institution.

"The cost of using similar facilities in a country such as Australia is at least three times higher than in South Africa," says Prof Dirk Frei, manager of the laboratory in the Chamber of Mines Building.

The highly accurate equipment uses uranium-lead dating to geologically age minerals such as zircon, apatite and monazite, and will in future also be used to analyse commodities such as platinum, lithium, uranium and the rare-earth elements.


Geochronology is also used to fingerprint the sources of sediment that contributed to the development of sedimentary basins.

"This helps mining experts and geologists to understand how, for instance, gold reefs have been formed, and enables them to predict the locations of deposits and to target their exploration sites more accurately," Prof Frei explains the commercial value of the equipment to the local mining sector.

"It also has academic importance, as it will help our earth scientists to unravel geological processes," adds Prof Frei, who is excited about the prospect of research publications on, among others, the formation of mountain belts or the crystallisation of magmatic rocks that will flow from the new technology.



Prof Dir[illegible] in the rock-dating fa[illegible] housed in the Chamber of Mines Building.
Photo: Engela Duvenage



Bo-arm omtrek van babas en kleuters word gemeet om voedingstatus te bepaal. Foto: HJ Lombard Cadmus Studio

# Voedselsekerheid op voetsoolvlak nagevors

Teen die agtergrond van onder meer die internasionale finansiële krisis, stygende internasionale voedselpryse, omgewingsfaktore soos klimaatsverandering, en die verstedeliking van die wêreldbevolking, is voedselsekerheid toenemend in die kollig.

Die Universiteit Stellenbosch (US) se Fakulteit Gesondheidswetenskappe (FGW) speel 'n leidende rol om die plaaslike uitdagings in die voedselstelsel die hoof te bied, en is die dryfkrag vir innoverende navorsing om op die lang termyn oplossings vir volhoubare voedselstelsels te ontwikkel.

Prof Jimmy Volmink, Dekaan van die FGW, is ook die akademiese projekleier van die multidissiplinêre Voedselsekerheidsinisiatief (VSI), wat deel uitmaak van die Universiteit se HOOP Projek. Volgens prof Volmink behels die VSI navorsing, die toepaslike oordrag van navorsingsresultate sowel as die oordrag van ander kennis om te verseker dat navorsingsbevindinge oor voedselsekerheid gebruik word as motivering en regverdiging om beleid én daaglikse praktyke te verander. Só wil dié inisiatief volhoubare wetenskaplike oplossings vir een van Suid-Afrika en Afrika se dringendste uitdagings skep.

Op voetsoolvlak neem dít onder meer die vorm aan van die Gemeenskapsvoedingsekerheidsprojek van die FGW se Afdeling Menslike Voeding – een van nie minder nie as nege navorsingsprojekte onder die vaandel van die VSI.

Die Afdeling doen sedert 2010 navorsing in Avian Park en Zweletemba in die Worcester-omgewing. Die keuse het op hierdie gebied geval, omdat Ukwanda, die US se landelike kliniese skool, op Worcester geleë is en die dorp 'n goeie voorbeeld is van Suid-Afrika se kleiner stedelike gebiede wat meestal deur 'n landbougemeenskap omring word.

## Gemeenskapsbetrokkenheid

'n Unieke kenmerk van die projek is die opleiding van lede van die gemeenskap om data vir die studie in te samel. 'n Span van 60 veldwerkers, wat almal in Avian Park en Zweletemba woon, is opgelei in kwantitatiewe en kwalitatiewe datainsamelingsprosesse. Dít het die gemeenskap bewus gemaak van die projek en ook van probleme in eie geledere. Verdere studies en intervensieprojekte sal ook op hierdie manier plaasvind om bewustheid te wek en mense te bemagtig.

In die eerste fase van die projek is kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe navorsingsmetodes gebruik om jong kinders se voedingstatus objektief te bepaal en te hoor hoe die gemeenskap self hul voedselprobleme beskryf. Hierdie navorsingsbenadering laat die gemeenskap die projek hul eie maak en voorkom voorafbepaalde 'oplossings' wat nie werklik in die gemeenskap se behoeftes voorsien nie. Deur verhoudinge met die gemeenskap en die gemeenskapsleiers te bou, word volhoubare navorsing en oplossings bevorder. Die studie help mense om geleenthede in die voedselstelsel as katalisator vir verandering te gebruik. "Die Universiteit gee nie die oplossings nie; ons bied prosesse en geleenthede, en leer die mense om die probleme te bepaal en werkbare oplossings daarvoor te vind," sê prof Milla McLachlan, die hoofnavorser van die projek.

Daar is 'n venstertydperk van 1 000 dae – vanaf bevrugting tot en met tweejarige ouderdom – waarin die gesondheid en ontwikkeling van kinders tot op volwasse ouderdom daadwerklik beïnvloed word

Die tweede en derde fase van hierdie langtermynprojek konsentreer op die ontwikkeling en inwerkingstelling van oplossings vir beter voedselbeskikbaarheid, -toegang en -gebruik. Dít sluit in kreatiewe werkskepping, en die ondersteuning en ontwikkeling van kleinsake en organisasies gemoeid met voedselproduksie, -handel, -inmakery en -berging.

Volgens McLachlan is een van die grootste probleme waarna die navorsingsprojek ondersoek instel die ontwikkeling van jong kinders. "Die voeding van jong kinders in Suid-Afrika is en bly 'n probleem. Daar is 'n venstertydperk van 1 000 dae - vanaf bevrugting tot en met tweejarige ouderdom - waarin die gesondheid en ontwikkeling van kinders tot op volwasse ouderdom daadwerklik beïnvloed word."


Sedert die aanvang van die projek het die veldwerkers reeds by meer as 400 moeders en hul babas data ingesamel. Voorlopige data dui daarop dat tot 37% van die kinders in Avian Park en 26% in Zweletemba nié voldoende groei nie. Hierdie persentasie is aansienlik hoër as die gemiddelde provinsiale syfer sowel as die nasionale persentasie wat in 2005 in die Nasionale Voedselinnamestudie aangemeld is. Verdere studiedata dui daarop dat slegs 10% van alle babas onder ses maande uitsluitlik gebors voed word, terwyl 58% van die wat formulemelk drink, se melk te flou aangemaak word.

"Wanvoeding en belemmerde groei by jong kinders is 'n aanwyser van marginalisasie en uitsluiting op veelvuldige gebiede, wat die huishouding, die gemeenskap en die land insluit. Ons wil veral probeer verstaan hoe samewerking in die herskepping van volhoubare plaaslike voedselstelsels tot die herbouing van die maatskaplike grondslag kan bydra om optimale kinderontwikkeling en -groei te verseker."

"Maar," waarsku McLachlan, "voeding, voedselsekerheid en die omgewing is ten nouste verbind. As ons nie aan maniere kan dink om voedsel te produseer en te verwerk sonder om die planeet te benadeel nie, sal ons nie op die lange duur 'n volhoubare voedselstelsel kan handhaaf nie.

"Om voedselsekerheid in 'n gemeenskap te bevorder moet die voedselstelsel in die geheel bestudeer word, wat die beskikbaarheid van, toegang tot én gebruik van gesonde en kultureel aanvaarbare kos insluit." ■

**E** *The Faculty of Health Sciences plays a leading role in creating sustainable and scientific solutions in an effort to address the challenge of food security. Recent research focused on the development of young children in the Avian Park and Zweletemba communities in Worcester. The research was conducted in collaboration with the communities.*




At the opening of the new Centre were, from left: Prof Jimmy Volmink, Dean of the SU FHS; Mr Theuns Botha, Western Cape Minister of Health; Prof Russel Botman, SU Rector, and Dr Taryn Young, Director of the CEBHC. (Photo: Anton Jordaan)

# New Centre to put science at the service of society

**Many stakeholders in health, such as government, non-governmental organisations, the private sector, the general public and the media, as well as health professionals and policy makers, will benefit from the new Centre for Evidence-based Health Care (CEBHC), which was recently launched at the Stellenbosch University (SU) Faculty of Health Sciences (FHS).**

At the launch of the new facility, Director Dr. Taryn Young said that healthcare decisions are often informed by expert opinion. "Research over the past few decades has shown that experts sometimes provide the wrong advice because they selectively use, or cherry-pick, evidence that support their views and ignore relevant evidence that do not support their opinions. Experts may also fail to pay attention to the bias in the original research and do not take steps to reduce bias in the methods for synthesising the research."

As the first of its kind in South Africa, the CEBHC will build capacity to practise evidence-based health care, conduct relevant research, and promote the use of best evidence in health care policy and practice.

SU Rector Prof Russel Botman said the approach of evidence-based health care teaches doctors and other health care providers how to separate good research from poor-quality research and, in doing so, make informed decisions on treatment. "This approach fits in with how the University sees its role and that of science in society. Research at SU is guided by two notions - excellence and relevance. The idea is to put the best science possible at the service of society.

"SU's scientists and academics have consistently excelled at producing useful research and technology. We are investing a lot of energy in international research collaboration, and in forging links with scientists and institutions elsewhere in Africa and across the globe. The goal is to make the continent's voice heard, so that the syndrome of dependence can be reversed and higher education can be strengthened as a resource for Africa's development," Botman said.

The Dean of the FHS, Prof Jimmy Volmink, said SU academics will enhance, teach and promote evidence-based health care at undergraduate and postgraduate levels. "We are very proud of our record of combining global excellence and local relevance in the quest to improve the health of our nation and the continent. It has been widely recognised that Africa needs better health systems, but strengthening health systems must involve the necessary research to inform the targeting of resources and optimise service delivery. Our research is aimed at not only advancing science and improving health and health care, but also promoting economic and social development," Volmink pointed out.

At the launch, the Western Cape Minister of Health, Mr Theuns Botha, emphasised the importance of an evidence-based approach to health care, pointing out that it "offers a transparent and rigorous approach to making health care decisions. In the context of the quadruple burden of disease and limited resources, there is increased recognition of the importance of making decisions informed by the best available evidence".

The CEBHC works with national, regional and international collaborators, including the Effective Health Care Research Consortium (funded by the United Kingdom's Department for International Development) and the International Cochrane Collaboration. ■

# Stellenbosch contributes to **Mandela Rhodes community**

Stellenbosch University (SU) boasts an impressive record when it comes to Mandela Rhodes scholars. **Chet Fransch**, a 2006 recipient of this sought-after scholarship, contractual lecturer in the History Department, and a scholar in the Desmond Tutu-NRF-Vrije doctoral programme, shares his thoughts on the Mandela Rhodes programme.

In my short academic career, I have become accustomed to the intellectual ravages of academic conferences, but the recently held 4th Annual Community of Mandela Rhodes Conference hosted by SU in September left me far more frazzled than ever before.

Since its inception and initial intake of Mandela Rhodes scholars (MRS) in 2005, the Community of Mandela Rhodes Scholars (CMRS), a dynamic post-scholarship platform, has grown to 173 alumni and current scholars in various disciplines, dispersed across various institutions in South Africa and originating from countries across the African continent.

The scholarship offers a unique opportunity to young Africans who exhibit academic prowess as well as broader leadership potential. Through the Mandela Rhodes Foundation (MRF), scholars receive full funding for up to two years of postgraduate study at recognised South African tertiary institutions. Scholars are encouraged to propagate the four principles of education, leadership, reconciliation and social entrepreneurship, as expounded by Nelson Mandela and Cecil John Rhodes, and yes, we have learnt to justify the somewhat contentious and unlikely combination to perfection!

The vigorously selected annual cohorts form a body of highly and, at times, overly energised individuals, who never fail to seize the opportunity for a debate. This was especially true of attendees at the 2011 conference. Even more invigorating and refreshing was the interaction with non-CMRS scholars from other academic institutions in the Cape Town and Stellenbosch areas.

## SU scholars

To date, SU has welcomed or currently houses about 10% of the total number of awardees. More importantly, SU has been a keen promoter of the programme. In fact, Robert Kotze, then acting Dean of Students, fully sponsored the first MRS visit to Stellenbosch in 2006, during which the idea of a CMRS was born.

SU scholars include Jacques Conradie, Hanru Niemand and Riaan Oppelt (2005); Chet Fransch and Luzelle Yon-Lestrada (2006); Rikus Oswald (2007); Elias Phaahla (2009); Grant Andrews and Cara Meintjies (2010); Jennifer Carstens, Tarsianna Machekabuwe, Nadia Marais, Jonathan Reader and Dale van der Lingen (2011) and scholars-elect for 2012 Matthew de la Hey, Elnari Potgieter, Mario-Mark Ruiters and Francis Omesa (commencing studies at SU in 2012).

Unlike other scholarships, this one focuses on nurturing the overall potential of bursary holders. Up until 2010, scholars met with their patron, and were encouraged to share their vision on how they could use their resources to effect broader societal change. Throughout the first year of study, several workshops were organised around the key principles, and each scholar was assigned a mentor. Academic achievement was also emphasised.

Scholars in the Arts and Social Sciences, like myself, are constantly confronted with the perception that our chosen fields of study are of a lesser value than other disciplines. Being an MRS allowed me to pursue this academic path, overcoming the somewhat disparaging questions of 'And what will you do with that?'



THE MANDELA RHODES FOUNDATION

### Other scholars say:

**Jennifer Carstens (2011):** "I was honoured to be part of something so big. I enjoyed the diverse, passionate group."

**Tarsianna Machekabuwe (2011):** "I learned not to make too many assumptions, and to appreciate my own abilities and those of others."

**Nadia Marais (2011):** "The experience was real and the discussions relevant. I will remember learning about Rhodes and Mandela."

**Jonathan Reader (2011):** "I enjoyed the personal interactions with everybody. They highlighted complexities, and gave me hope."

**Dale van der Lingen (2011):** "I emerged looking forward very much to the year. I learned so much from our interaction as scholars."

**Grant Andrews (2010):** "I enjoyed the debate about what is glory-seeking, what is arrogance, and what is confidence."

**Cara Meintjies (2010):** "I was reminded that we are not just lone rangers – and that the Mandela Rhodes Foundation is keeping dreams alive."

**(Source: www.mandelarhodes.org)**

In effect, the scholarship convinced me that a major element required for social change and advancement is the Humanities – even if this entails a life of poverty and envy! Therefore, I made a conscious decision to follow my passion for the discipline of History, have since completed an honours and master's degree, and have been a contractual lecturer in the Department since 2007.

- **The opinions and views are those of the author in his private capacity, and are not necessarily shared by the MRF or the CMRS.**









# Ma, ek wil 'n **hortoloog** word

**Heerlike, sappige vrugte en kraakvars groente laat die mond water. Boonop is dit smaaklik én gesond, en in Suid-Afrika bied die winkelrakke 'n verskeidenheid te kus en te keur. Maar al ooit gewonder wie seker maak dat jóú gunsteling in die supermark beskikbaar is? Die antwoord lê in 'n wetenskap wat toesien dat vrugte en groente van gehalte geproduseer word en ook behoue bly. Dié wetenskap staan as Hortologie bekend.**

## Hortologie as vakrigting

Volgens prof Karen Theron, Voorsitter van die Departement Hortologie in die Fakulteit AgriWetenskappe, kan Hortologie opgesom word as die studie van meerjarige plante en groente wat kommersieel verbou word.

"Die klem val veral op sagtevrugte soos appels, pere, appelkose, perskes, pruime en nektariens, sowel as sitrusvrugte. Daarbenewens skenk die Departement ook aandag aan kleiner, ontluikende bedrywe, onder meer snyblomme soos fynbos, protea en tolbosse, en alternatiewe vrugte soos olywe, granate, vye en bloubessies. Al hierdie bedrywe is op die uitvoermark gerig.

"'n Belangrike deel van Hortologie is die proses vandat 'n vrug gepluk word totdat die verbruiker dit in sy hand hou. Die gehalte, grootte, afwerking en kleur kry ook aandag. Daarby moet produkte van so 'n standaard wees dat dit die uitvoermark tevrede stel."

Vir Theron is dit belangrik om goeie produkte te produseer en toe te sien dat die regte produk by die regte verbruiker uitkom. In hierdie verband doen die Departement ook verbruikersvoorkeurstudies in Suid-Afrika en ander Afrikalande.

## Kursus

Studente kan 'n vier jaar lange BScAgric-kursus volg, waarvan die eerste twee jaar 'n kennismaking met die algemene biologie van plante behels. In die derde en vierde jaar verdiep die studieveld, en word studente toegerus om meerjarige gewasse te verstaan, sê Theron.

Hier val die klem veral op die vooroesbestuur en naoeshantering van produkte. Wat die studie van vrugte betref, word appels en sitrus as modelle gebruik.

"Studente leer ook oor grond, plantsiektes, insekte en die korrekte bemesting- en besproeiingsmetodes. Kweekhuisproduksie en die invloed van omgewingstoestande op die groei van plante word ook behandel."

Theron noem dat studente veral aanvanklik geboei word deur die voortplantingsaspek van Hortologie, maar dan later ook die ander aspekte interessant vind.

Nagraadse studente konsentreer op bedryfsprobleme om produksie te verhoog, gehalte te verbeter en naoesverliese te beperk. Dié navorsing word in noue samewerking met toekomstige werkgewers beplan en uitgevoer.

Theron sê hoewel Hortologie iets vir almal bied, móét voornemende studente in plante belang stel.

## Beroepsmoontlikhede

Studente met 'n graad in Hortologie kan uit 'n verskeidenheid beroepe kies.

"Hulle kan as adviseurs vir produsente optree, gehaltebeheer van produkte in uitvoermaatskappye behartig, of op bemarkingsgebied werk. Daar is poste in chemiese maatskappye soos in die kunsmisbedryf, en studente kan ook in kwekerye werk," verduidelik Theron.

Die hortoloog kan ook in die boord óf in die laboratorium werk. Interessant genoeg gaan boer slegs 'n handjie vol afgestudeerdes uiteindelik, aldus Theron.

Die Departement is trots daarop dat ál sy studente werk kry, maar is tog besorg oor die klein aantal studente wat Hortologie studeer, ten spyte van die oorvloed beskikbare poste. Daarom werk die Departement aan 'n plan om die inname van voorgraadse studente te verdubbel. Die goeie nuus is dat daar hiervoor verskeie beurse, ook vir voorgraadse studente, beskikbaar is.

- **Skakel met me Carin Pienaar by 021 808 4900 of mcp@sun.ac.za, of besoek www.sun.ac.za/horticulture vir meer inligting.**

**E The article is part of a series on interesting, but lesser known study programmes at the University. Horticultural Science, the field of study pertaining to among others the quality and storage of fruit and vegetables, is investigated.**




# HULDE GEBRING AAN RYKIE VAN REENEN

**Met haar boek *Rykie: 'n lewe met woorde* bring prof Lizette Rabe, Hoof van die Departement Joernalistiek aan die Universiteit Stellenbosch, *hulde* aan een van ons land se voorste vrouejoernaliste. Stephanie Nieuwoudt het met Rabe gesels.**

'n Paar maande voor Van Reenen, 'n oudstudent van die Universiteit Stellenbosch, se dood aan komplikasies weens veelvuldige sklerose in Desember 2003, het Rabe per e-posgevra of sy bereid sou wees om met haar te gesels. Van Reenen het geantwoord dat sy so verswak was dat sy nie deur 'n onderhoud sou kon sit nie.

"Sy het egter wél vir my 'n lisensie gegee om aan te gaan met die boek," sê Rabe. Om die boek te skryf was egter 'n stadige proses. "Ek het veral tussen middernag en tweeuur soggens geskryf - wanneer ek tussen my akademiese en ander werkverpligtinge deur tyd daarvoor kon inruim. Die werklas in die Departement was van so 'n aard dat ek nie voltyds aan die boek kon werk nie. Ek het 'n alchemis van tyd geword. Wanneer ek op iets relevant afgekom het, het ek dit in 'n lêer gesit."

Van die inligting wat sy versamel het, het akademiese artikels geword wat gebruik is om sekere hoofstukke rigting te gee.

Uiteindelik het Rabe in 2010 haar manuskrip aan Annatjie Louw, Van Reenen se peetkind, voorgelê. "Ek wou seker maak ek oorskry nie die grens tussen die uiters private mens Rykie van Reenen en die joernalis nie. Ek het 'n boek oor die joernalis geskryf en nie 'n biografie oor Van Reenen se lewe nie. Dit sou arrogant en bloot disrespekvol wees om te skryf oor die Rykie wat nié in die openbare oog was nie."

Van Reenen was 'n vrou met 'n vlymskerp intellek wat nie geskroom het om in 'n manswêreld uitgesproke te wees nie. Al was dit destyds ongehoord dat vrouejoernaliste Parlement toe gaan, het sy deur rubrieke snydende kritiek gelewer op die destydse politieke bestel, en ook oor die wetenskap en godsdienssake verslag gedoen. Sy was 'n sterk vrou wat haar tuis gevoel het in 'n kring van ander sterk en hoogs intelligente vroue, soos die skrywers Audrey Blignault en MER (Maria Elizabeth Rothmann) sowel as haar huismaat Jean van der Poel - vroue wat Rabe "intellektuele reuse" noem. MER het al in die 1920's die bykans ongehoorde gedoen toe sy van haar man geskei het.

Sou Van Reenen haarself as 'n feminis beskou het? "Feminisme was nie 'n woord wat sy self sou gebruik het nie. Dit was iets wat vir haar so natuurlik was soos asemhaal. Op haar natuurlike manier was sy in soveel opsigte 'n vlagdraer vir vroue en joernaliste in die algemeen."

In haar boek wonder Rabe egter ook in watter mate Van Reenen wél 'n onafhanklike joernalis was, aangesien sy so lank en lojaal aan die Nasionale Pers verbonde was. Sy was immers krities ingestel en het in die tyd toe Steve Biko deur vele Afrikaners as 'n uitvaagsel beskou is, 'n roerende onderhoud met hom gevoer wat van groot respek getuig het. Volgens Rabe het die media destyds 'n eksklusiewe 'óf-óf-standpunt' ingeneem, terwyl Van Reenen 'n inklusiewe 'én-én-mens' was. 'n Deel van die antwoord is dat Afrikaans deel was van haar kulturele leefwêreld, en Nasionale Pers het Afrikaans op verskeie vlakke bevorder.

Rabe hoop om met die boek hoop te bied aan jong joernaliste in moeilike tye, met die gedrukte media wat deurentyd bedreig word, en om deur Van Reenen se voorbeeld te wys dat 'n mens ondanks moeilike omstandighede steeds grootse werk kan lewer. Is daar vandag 'n vrou wat volgens Rabe Van Reenen se plek in die Afrikaanse en mediawêreld in die algemeen kan volstaan?

"Rykie het met ongelooflike perspektief, analitiese vermoë en kreatiwiteit geskryf. Daar was net een Rykie - 'n unieke joernalis wat nie sommer nagevolg kan word nie." ■



## die eerste steen

*vir adam small*

ek sou graag net 'n klipgooi vêr
van jou af wou leef, meneer small
van die bankies die deure
die treine die skole die strande
die riots die klippe in hande

maar ek staan anderkant die storm
waar ons reënboë teen die grys skerm
van die dag projekteer

'n mens kan nie lewens
in die lug bou nie, adam
en ek weet nie hoe om
van hier vir jou te skryf nie
hier waar die blindes dans dans dans
met iPods in hul ore
en dollars in hul oë

'n mens kan nie lewens
in die lug bou nie, adam

ek wens ek is vroeër gebore
dat ek al kon loop die dag
toe Hector gaan lê het
miskien sou ek hom optel
miskien sou ek saam
cowboys en kroeks speel

maar my hande is nog altyd
te klein gewees om klippe te gooi
al stoei my pa se bloed in my
en al was my oupa in die senaat

hy's dood die jaar
toe my pa begin skiet het


my pa is 'n goeie man, meneer small
al praat slegs sy oë oor die grens
en al drink hy soms te veel
hy's 'n goeie man, meneer small
al skree hy soms op taxi's
en al was hy en sy god
maar oukei met als gewees

hy's 'n goeie man, meneer small
en ek hoop dat ek eendag skroomloos
langs sy graf kan staan en huil

**© Pieter Odendaal,**
**Augustus 2011**













### PSYCHOLOGICAL HEALTH OF CHILDREN INVESTIGATED

Prof Mark Tomlinson is co-author of ***International Perspectives on Children and Mental Health*** (edited by Hiram E. Fitzgerald, Kaija Puura, Mark Tomlinson and Campbell Paul, Publisher: Preaeger). This book contains a number of studies from experts across the globe who have examined the forces affecting the psychological health of children worldwide. Research was done about children in developing countries, including Bolivia, South Africa and other sub-Saharan countries, as well as in more affluent, developed countries, including the USA and Germany. Different chapters deal with issues like family and economic status, poverty, disease, war, child abuse and substance abuse. Not surprisingly, a number of the contributors focus on the impact of HIV/Aids - which is called a family disease - on mental health. In 2008, approximately 20 million children globally had lost a parent to the illness, with the majority (12 million) living in sub-Saharan Africa. A large study suggests that, in South Africa, children orphaned by Aids are at a greater risk of emotional problems such as depression, anxiety and post-traumatic stress disorder than those orphaned through other means. While the first volume of the book deals with issues around development and context, the second focuses on the prevention and treatment of mental health problems among children.

### BATTLE OF THE SEXES UNDER THE SPOTLIGHT


With ***Bad Sex*** (Umuzi Publishers), Leon de Kock, professor in the Department of English, investigates issues of sex, masculinity and the battle of the sexes in South Africa. De Kock is well known as poet (gone to the edges and Bodyhood) and award-winning translator (Triomf by Marlene van Niekerk). Bad Sex is his first novel. The narrator in this novel is Sammy Baptista. Sammy grows up in Mayfair, a rough and tough neighbourhood in Johannesburg. He has aspirations to escape from Mayfair, and to become 'better' than the people who speak with flattened vowels and use violence as a survival mechanism. A good education is his escape route, and Sammy lands a wonderful job, with one of the perks a steamy affair with his boss. However, all is not well in Sammy's land of romance, and the novel unfolds with Sammy trying to find answers to the politics of sexual exch'ange. The inevitable question that pops into the reader's mind is how much of this book is fact and how much fiction. The answer lies in an interview with the author published on the literary website LitNet, where he told interviewer Bibi Slippers: "Bad Sex is fabricated memoir, that is, I have written a memoiristic, confessional narrative within a fictional frame, intentionally blending the categories of fiction and memoir."

### KOMMUNIKASIE IN GESONDHEIDSBEDRYF NOU MAKLIKER

***Masincokole ngeMpilo ngesiXhosa/Kom ons gesels oor Gesondheid/Let's chat about health*** deur Luvuyo Martins van die Eenheid vir isiXhosa van die Universiteit se Taalsentrum, en dr Gerhard (Mkhonto) van Zyl, 'n multitaalkundige van die Fakulteit Krygskunde op Saldanha, is 'n omvattende drietalige (Xhosa, Afrikaans, Engels) naslaanwerk. Buiten dat dit meertaligheid bevorder, beloof die boek ook om 'n handige gids te word vir dokters en ander gesondheidswerkers wat met Xhosasprekende pasiënte met 'n gebrekkige kommunikasievermoë in Afrikaans of Engels moet kommunikeer. Masincokole ngeMpilo ngesiXhosa is beskikbaar met 'n ondersteunende DVD, en bevat meer as 1 500 mediese en gesondheidsfrases (in ál drie tale) sowel as beeldfrases, foto's en 70 videogrepe. Daar is 4½ bladsye oor MIV en vigs, terwyl basiese liggaamsdele, algemene siektetoestande en gesprekke met 'n tand- en oogarts ook behandel word. Die boekie bied boonop kultuurinsigte, en wys talle kruiskulturele kommunikasieslaggate uit.

### TAALSENTRUM LEWER GROOT SPORTBYDRAE MET TERMINOLOGIEBOEKIES

Die woordeskat van rugby en krieket word gekenmerk deur soms verwarrende terme, veral as dit net aan die spelers en afrigters bekend is. Die Eenheid vir isiXhosa van die Universiteit Stellenbosch se Taalsentrum, in samewerking met 'n aantal afrigters en navorsers, het twee nuwe drietalige boekies saamgestel om die taal en woordeskat wat in dié sporte gebruik word wyer bekend te maak. Die boekies is ***iSigama soMbhoxo/Rugby Terminology/Rugbyterminologie*** deur Pumlani Sibula en Grant Ngidi, en ***iSigama seQakamba/Cricket Terminology/Krieketterminologie*** deur Luvuyo S Martins en Pumlani Sibula. Die drietalige publikasies is die resultaat van maande lange navorsing oor rugby- en krieketkultuur en die terminologie wat daarmee gepaardgaan. Met dié projek, wat Xhosa sowel as Afrikaans in 'n meertalige konteks bevorder, lewer die US 'n verdere bydrae tot meertaligheid in Suid-Afrika. Die boekies volg op 'n soortgelyke publikasie met sokkerterminologie wat gedurende die Wêreldbekersokkertoernooi in 2010 bekend gestel is.




### STIAS LAUNCHES THE HUMANIST IMPERATIVE IN SOUTH AFRICA

In the preface of **The Humanist Imperative in South Africa** (edited by John W de Gruchy (Sun Press)), Prof Hendrik Geyer, STIAS Director, writes: "The New Humanism Project at the Stellenbosch Institute for Advanced Study (STIAS), culminating in this publication of The Humanist Imperative in South Africa, resonates with the STIAS ethos and objectives to the fullest extent." He continues: "These objectives are in essence to advance the case of science and scholarship and invest in the intellectual future of South Africa, to focus on Africa, and to provide an independent space where innovative ideas and original thinking can thrive." All of the book's 26 multidisciplinary essays by public and academic leaders like Russel Botman, Paul Cilliers, Geyer himself, Antjie Krog and Njabulo Ndebele underscore Geyer's message by focusing on social and economic justice, human dignity and rights, and the need for mutual respect and the development and maintenance of an inclusive conversation. The essays were originally presented at two symposia of the New Humanism Project held in 2009 and 2010 respectively. In his keynote address at the launch of the publication, Archbishop Emeritus Desmond Tutu said that to be human is to be in a relationship. "We are made for interdependence and for a relationship of complementarity. No one who claims to be self-sufficient can ever be fully human."



Die Universiteit Stellenbosch (US) spog met die hoogste voorgraadse deurvloeikoers in die land. Hieraan het die US se mentorprogram 'n baie groot aandeel, meen dr Leslie van Rooi, Hoof van die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling.

# US-mentorprogram

## speel reuse rol in eerstejaarsukses

Dis alombekend dat akademiese sukses op skool nie akademiese prestasie op universiteitsvlak waarborg nie. Vir baie eerstejaarstudente is die oorgang van skool na universiteit 'n onoorkombare hekkie. 'n Doeltreffende mentorprogram verhoog egter eerstejaarsukses beduidend.

Die US bedryf reeds dekades lank so 'n program, maar dit het die afgelope paar jaar ontwikkel in 'n model wat allerweë as die beste in die land beskou word.

Volgens die mentorprogram neem senior studente in elke koshuis en privaat wyk elk 'n klompie eerstejaarstudente – meestal uit dieselfde woonomgewing en studierigting – onder hul vlerke. Daar is tans altesaam 470 sulke mentors by die Universiteit. Mentorskap aan eerstejaars gaan egter oor veel meer as 'n terloopse studiewenk en duidelike aanwysings na die Spur.

Mentors gaan op 'n jaar lange leerreis saam met die groepie wat aan hulle toevertrou is. Dié reis behels die integrasie van eerstejaars se ervaring binne en buite die klas, en bystand om op akademiese, institusionele én sosiale vlak aan te pas. Die eerstejaars moet uiteindelik krities met die oorgangsproses van leerder na selfstandige student omgaan en, buiten hul akademiese sukses, ook 'n eiesoortige en positiewe bydrae op kampus en in die gemeenskap lewer.

Hoewel die eerste paar weke grotendeels daaraan gewy word om eerstejaars te help registreer en hul kampusvoete te vind, behels die jaar lange proses ook dat studente (sowel mentors as eerstejaars) met kwessies soos diversiteit, kritiese denke en persoonlike en groepsukses omgaan. Dié kwessies kom aan bod in mentoropleiding sowel as in gesprekke en aktiwiteite waarin die mentor die eerstejaars begelei.

Prakties neem dit die vorm aan van weeklikse byeenkomste waar bepaalde temas soos tyd- en finansiële bestuur, diversiteit en wêreldburgerskap bespreek word. Hierdie temabesprekings vul die gewone akademiese steun aan. Die mentors ontvang ook twee keer per jaar inligting oor elke student se akademiese vordering, wat hulle in sekere gevalle ook met die studente se ouers kan bespreek.

Ervaring toon egter dat albei partye die meeste uit indirekte ervarings en wisselwerking leer en groei. Aangesien mentor en eerstejaar elk iets uniek tot die mentorverhouding bydra, byvoorbeeld agtergrond, persoonlikheidstipe, lewensbeskouing of hul eie belewing van die universiteitservaring, verseker die program nie net akademiese prestasie nie, maar ook dat studente as mense groei. Mentors én eerstejaars neem dus deel aan 'n program wat hul persoonlike ontwikkeling en akademiese sukses integreer.

### OPLEIDING

Die sukses van die US se mentorprogram lê ook in goeie opleiding. Aan die US staan die mentorprogram onder leiding van die Sentrum vir Studentegemeenskappe, en bied die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling die nodige opleiding. (Die Instituut is in Maart 2011 as deel van die US se HOOP Projek geopen.) Dit is gepas dat opleiding juis híér plaasvind: Mentors word immers nie net vir hul mentortaak voorberei nie, maar word ook toegerus om as leiers tot hul gemeenskap, die universiteitslewe en die lewe daarná by te dra.

- **Skakel met dr Leslie van Rooi by 021 808 3697 of lbvr@sun.ac.za. Besoek http://blogs.sun.ac.za/fvzs vir inligting oor die FVZS Instituut.**

### MENINGS


*Dit is bemagtigend om jouself te ken. Jy kan soveel beter verstaan hoekom jy beter met sekere mense oor die weg kom.*
– Junita de Kock, 'n mentor en BComm-derdejaarstudent

*Jy word toegerus met die vaardighede om as deel van 'n span te funksioneer en om te verstaan dat alle mense se idees van mekaar verskil, maar dat ons saam na dieselfde doel streef. Met die regte begeleiding kan ons die onmoontlike vermag.*
– Mariaan Venter, BRek-honneursstudent oor die Gevorderde Kursus in Mentorskap

*Dit is 'n lewenservaring wat ek vir min sal verruil. Die invloed wat een persoon op ander mense se lewens kan hê, is ongelooflik, en om dit eerstehands te ervaar verdiep 'n mens se lewensinsig.*
– Pieter van Zyl, BComm Regte, LLB (nagraads), en reeds vir die derde keer 'n mentor

*Om 'n mentor te hê het my gehelp om by die universiteitsleefstyl aan te pas, om my in die nuwe omgewing te oriënteer, en om te verstaan hoe universiteit werk. Dit het my ook gehelp om by die koshuislewe aan te pas en 'n gebalanseerde lewe te lei.*
– Benjamin Slabbert, eerstejaarstudent in ingenieurswese

*Die ondersteuning wat my mentor aan my gebied het, was van onskatbare waarde vir my akademiese en sosiale aanpassing by die Universiteit. Mentors se toewyding aan eerstejaars se sukses het my geïnspireer om in 2012 'n mentor te word.*
– Faith Pienaar, eerstejaarstudent in BSc Wingerd en Wynbou





# New campus transport brings Maties together



Riding a skateboard, even between classes, is by far the coolest form of campus transportation, writes **Nico Gous**, a Journalism student.

In simple terms, a longboard is a surfboard on land, with wheels attached. Others call it a derivative skateboard, but that's a nuts-and-bolts debate we won't go into. A visible increase in the number of longboards on campus begs the question – is this just a craze or here to stay?

Jaques van Jaarsveld, co-owner of Cornerstone Surf & Skate in Stellenbosch, believes that despite South Africa joining the ranks only fairly recently, longboards are here to stay. "In New York, you see guys in suits going to work on their longboards." Longboards came about after surfers from Oahu, Hawaii, had to seek their thrills on land when the waves were dull. Imitating their surf moves on land, it was first called sidewalk surfing. Longboards and skateboards first hit the marketplace in 1959, but have had their ups and downs. A dip in popularity saw them return in the 1970s, with a third upsurge in the early 1990s. The third revival saw these sports hitting South African shores.

Most entry-level boards start at around R1 000, but Van Jaarsveld says it's worth it. "With a skateboard, your deck breaks, but on longboards you don't do as many tricks, so you don't have to worry about your board breaking." Even among longboards, there are differences in terms of shapes and truck positioning. Trucks are the mechanisms connecting the wheels to the deck. Pintails (110-150 cm) are teardrop-shaped boards suitable for beginners. When the trucks are mounted on top of the deck, they are called drop-decks (80-110 cm). Cruisers (70-80 cm) are smaller, close to the size of skateboards, with elevated edges to help longboarders brake. Cruisers are ideal for transport, as they are comfortable to carry around, whereas others are better for doing tricks.

Matt Ardene, an Industrial Engineering student and avid longboarder, is involved with a Facebook page bringing longboarders in Stellenbosch together. Simply called "Longboard Stellenbosch", they encourage beginners to get into the sport by meeting up on Tuesday evenings at a determined location. Participants need to organise their own board or helmet. From there on, it's a trial-and-error process. "A good street skater can learn incredibly quickly, but I think it is safe to say most people will have the basics down within six months," Ardene says.

> 'A good street skater can learn incredibly quickly, but I think it is safe to say most people will have the basics down within six months'

Maties have taken on longboards instead of bicycles. Others, such as Ardene, have been longboarding since 1997. Depending on the size of the board, most students have no problem carrying their boards wherever they go. Ardene believes calling the sport a craze is dismissing its history. "Currently, there is a growth in popularity larger than has been seen before, but it is not the first time there has been a large growth." Why the spike in growth? Ardene believes economics are behind it. "I have my suspicions it has something to do with the weak economy, and people not being able to afford motocross and similar, expensive hobbies."

For the experienced, Cornerstone organises night runs, where they hit the streets for downhill races when there's little or no traffic around. Distillery Road in Onderpapegaaiberg and the Superspar parking lot on the road to Helshoogte are popular locations. Meeting around 22:00, organisers and longboarders say there's no excuse for lacking in safety. "We decide on one of a few locations that we know will be quiet, and post it on Facebook. When they arrive, we insist that everyone wears helmets, and then off we go," says Ardene. Accustomed to run-ins with the police, Ardene says it's better to respect authorities than to give them reason to give you trouble. "The police do give the skaters in Stellenbosch a lot of trouble, and quite a few have had fines issued or their boards confiscated."

# Kontaksentrum behaal reeds groot sukses

*deur Wayne Muller*



Net meer as 'n jaar nadat die Universiteit Stellenbosch (US) sy kliëntekontaksentrum begin het, werp dit reeds vrugte af. Maar, sê sentrumbestuurder Darryn Havenga, hulle het nog baie planne om deur middel van dié sentrum beter diens aan die US se eksterne én interne kliënte te bied.



Mnr Darryn Havenga, Bestuurder van die kontaksentrum, staan hier by me Izel Gordon-Rossouw in die sentrum se kantoor in die Admin A-gebou. In die agtergrond is mnr Gavin Nimmo en me Cheryl Richardson.

Die kontaksentrum hanteer alle navrae wat telefonies, per e-pos of per faks aan die US gerig word.

Voornemende en huidige studente, ouers, maatskappye en die algemene publiek kan die sentrum met enige navrae nader, waarop die sentrumpersoneel dan soveel moontlik inligting sal probeer verskaf.

Anders as 'n gewone skakelbord, gee die kontaksentrum onmiddellik die inligting wat benodig word, eerder as om navraers na iemand deur te skakel wat hulle dalk net verder verwys.

"Indien iemand byvoorbeeld oor toelatingsvereistes navraag doen, kan ons die persoon onmiddellik daaroor inlig. Of as 'n maatskappy 'n produk wil laat toets, kan ons hulle presies sê hoe om te werk te gaan en wie om te nader," sê Havenga.

Dít is juis waar die kontaksentrum se grootste sukses tans lê: Die sentrum beantwoord of hanteer 65% van alle navrae wat aan die US gerig word. In Junie alleen – 'n betreklik stil tyd van die jaar – het die sentrum 'n allemintige 20 800 navrae hanteer.

"Ons kry allerlei navrae. Ons het in 'n stadium baie oproepe oor die waterfiltersakkie ontvang (wat prof Eugene Cloete, Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe, ontwikkel het). Daar kom ook baie oproepe van maatskappye wat produkte wil laat toets. Ons bepaal presies wat die persoon wil weet, en as ons nie self die antwoord het nie, verwys ons hom of haar na die regte plek – iets wat nie in die verlede gebeur het nie. Ons lewer dus 'n beter diens, en verbeter só die US se beeld," sê Havenga.

Die sentrum, wat op die grondvloer van Admin A geleë is, het 'n goed opgeleide span personeel. "Almal het tersiêre opleiding, en ses van die nege personeellede het aan die US studeer," sê Havenga.

Volgens hom wil die kontaksentrum nou die sentrale punt word van waar inligting aan die US se eksterne kliënte versprei word – ongeag of dit telefoniese navrae is of navrae wat die Universiteit deur Facebook of Twitter ontvang.

"Ons wil ook 'n tweede kontakpunt in die Neelsie oprig waar dieselfde soort inligting verskaf kan word. Uiteindelik moet jy by enige punt kan navraag doen en presies dieselfde antwoord kry."

- **Die Universiteit se algemene telefoonnommer is 021 808 9111 en die e-posadres is info@sun.ac.za.**

## INTERESSANTE OPROEPE

- "Kan ek met die Rektor praat? Ek moet vir hom sê my seun is te siek om sy toets vandag te skryf."
- "Hoeveel kos 1 kg van die Universiteit se sportterrein?"
- "Wat is die toelatingsvereistes om 'n ruimtevaarder te word?"
- "Kan julle asseblief my akademiese rekords uitdruk, maar ál die kursusse uitlos wat ek nie deurgekom het nie?"
- "Kan julle my help om 'n ander universiteit se aansoekvorm in te vul, want julle ouens antwoord ten minste julle fone, en ek is nou al desperaat!"

## KONTAKSENTRUM IN SYFERS

- **19 711** Gemiddelde aantal navrae per maand (6 851 in Afrikaans; 10 220 in Engels – sluit faksnavrae uit). Januarie is die besigste maand, met meer as 30 000 navrae.
- **13 052** Gemiddelde aantal telefoniese navrae (6 851 in Afrikaans; 5 321 in Engels)
- **5 520** Gemiddelde aantal navrae per e-pos (965 in Afrikaans; 4 555 in Engels)
- **2 018** Gemiddelde aantal navrae per faks





Vernuwing sonder 'n verankerde tradisie is identiteitloos. Tradisie sonder deurlopende vernuwing is verstarring, skryf **prof Pieter Kapp**, uittredende President van die Konvokasie.



# TRADISIE EN VERNUWING VIR DIE US

Dat Stellenbosch as dorp en universiteit ryk aan tradisie is, verleen aan hom 'n besondere aantrekkingskrag vir voornemende studente en besoekers. Dat Stellenbosch sedert 1877 as hoër onderwysinrigting 'n deurlopende proses van vernuwing ondergaan het, het hom in staat gestel om prestasies vir en diens aan Suid-Afrika te lewer waarvan die betekenis en waarde nie oorskat kan word nie. Dit is juis hierdie verlede wat aan Stellenbosch sy besondere karakter verleen. Dit is die integrasie van tradisie en vernuwing wat van die universiteit meer maak as net 'n plek waar professionele opleiding geskied.

Die vernuwing soos vervat in die vyf strategiese doelwitte wat in 2000 geformuleer is, kan, as dit sensitief bestuur word en in die praktyk gebalanseerd aangewend word, die simbiose skep wat van die US steeds die voortreflike universiteit sal maak wat hy nog altyd was. Daarom het die Uitvoerende Komitee van die Konvokasie in 2001 hierdie vyf doelwitte, wat in belangrike opsigte ook beginsels is, omarm met die duidelike verstandhouding dat nie een van die vyf swaarder weeg as die ander afsonderlik of gesamentlik nie. Dit was ook die US bestuur se duidelik uitgesproke standpunt.

Hoe bevorder jy al vyf visiestandpunte op gebalanseerde wyse? Deur seker te wees dat elke belangrike besluit, of dit aanstellings of toekennings behels, al vyf in aanmerking neem.

Dit het die basis gevorm van die Konvokasie se ondersteuning van die US die afgelope tien jaar. Daarom is nie geskroom om daarop te wys dat die teorie en die praktyk nie op ewewigtige wyse mekaar in alle opsigte vind nie. Dit is veral die verskraling van die beskikbaarheid van Afrikaans, wat aan die kern van Stellenbosch se besonderheid lê, wat die Konvokasie sedert 2002 deurlopend bekommer. Soos 'n spreker op die jongste jaarvergadering opgemerk het: Afrikaanse studente se probleem is nie 'n gebrek aan kennis van Engels nie, dit is eerder 'n te goeie kennis van Engels. 'n Mens kan byvoeg: dit is hulle kennis van die Afrikaanse vaktaal wat te kort skiet. Dit is nie so dat die probleem onoplosbaar is nie. As daar in alle opsigte reg en geregtigheid aan Afrikaans geskied is die weg oop om die vyf in harmonie met mekaar te ontwikkel.

Dit is 'n uitdaging waarvoor die US in die lig van sy tradisie nie moet terugdeins nie. Erken die Afrikaanse tradisie van die US en bou die vernuwing daarop. Dit is hiervoor dat oud-Maties met lojaliteit en toewyding hulleself steeds aan die US sal verbind.

Die Rektor se waarborg aan ouers dat hulle kinders hulle onderrig op Stellenbosch in Afrikaans sal ontvang, soos gegee in die televisie onderhoud met Freek Robinson op Sondagaand 13 November 2011, is belangrik. As dit werklik so is, is die probleem vanselfsprekend opgelos. Dan is daar 'n 100% Afrikaanse aanbod op Stellenbosch en verval die argumente oor die Raad se besluit om net 60% Afrikaanse onderrig te waarborg.

### VERKIESING VAN RAADSLEDE: KONVOKASIE EN DONATEURS

# Wat jy moet weet

**BAIE BELANGRIK**

Drie lede van die Raad moet gedurende Februarie/Maart 2012 deur die Konvokasie aangewys word en die donateurs van die US moet een lid aanwys. Een lid het bedank terwyl die res se termyne op 1 April 2012 verstryk. Nominasies sal vroeg in Januarie 2012 aangevra word en indien meer nominasies as die vakatures wat bestaan ontvang word, sal 'n verkiesing gedurende Februarie/Maart plaasvind.

Donateurs wat kwalifiseer as lid van die kieskollege van donateurs en Konvokasielede van die US, sal aan die verkiesing kan deelneem deur voor die sluitingsdatum op die US se webtuiste te stem (www.sun.ac.za), deur 'n stembrief te voltooi en dit by die registrateur se kantoor in te handig, dit te faks na 'n nommer wat verskaf sal word of dit per e-pos te stuur. Kiesers moet asseblief slegs hul stemme op die Web of per stembrief uitbring.

Nie SA-burgers wat Konvokasielede of donateurs is, kan toegang tot die web/stemproses verkry met behulp van hul studentenommers terwyl SA-burgers hulle ID- of studentenommers kan gebruik. Die vereistes waaraan persone moet voldoen om 'n Konvokasielid te wees of om deel van die kieskollege van die donateurs uit te maak, word op die US se webtuiste aangedui

Stembriewe word per pos of per e-pos aan kiesers gestuur en daarom word stemgeregtigdes vriendelik versoek om seker te maak hul kontak- en ander besonderhede is korrek. Skakel met Malena Fourie by tel 021 808 4843 of e-pos alumni@sun.ac.za.

# Dís wat ons alumni wil hê



Meer hiervan! Oudstudente van die Fakulteit Ingenieurswese wat hul grade in die 1980's verwerf het, het in September saamgekuier by dinees wat in Stellenbosch en Johannesburg gehou is. By beide geleenthede het die dekaan, prof Arnold Schoonwinkel, die Fakulteit se Visie 2020 met hulle gedeel en 'n beroep op hul finansiële ondersteuning gedoen. Daar is lustig oor die ou dae gesels by die Wallenbergsentrum (9 September) en in die Southern Sun Montecasino (16 September). Hier is Rita en David Johnson, Sonette en Jan Lategan, prof Arnold Schoonwinkel (dekaan), Marinda en Andrew Rossouw, en Roland van Rooyen.

**'n Rekordgetal menings is gelug in die eerste amptelike opname tot dusver onder Stellenbosch-alumni. En die respondente was baie beslis oor hul voorkeure!**

Die opname is deur die Alumnikantoor onderneem om vas te stel of hul aanbod van geleenthede vir skakeling met die Universiteit én mekaar, groter betrokkenheid by die Universiteit, en kommunikasie met alumni aan oudstudente se verwagtinge en behoeftes voldoen.

Van die nagenoeg 64 000 Maties wat gevra is om die opname te voltooi, het 'n stewige 11,1% terugvoering gegee.

"Dis 'n indrukwekkende persentasie, veral as 'n mens in gedagte hou dat die internasionale gemiddelde vir terugvoering op alumni-opnames gewoonlik tussen 4% en 7% lê," vertel 'n trotse me Heidi October, Bestuurder: Alumniverhoudinge. "Dit skets 'n goeie prentjie van hoe US-alumni die pad vorentoe saam met ons sien."

## Betrokkenheid by die US

"Volgens die terugvoering wil alumni graag by die US betrokke bly danksy voortgesette opvoedingsgeleenthede, soos slypskole, werksessies en seminare, en ook vir loopbaannetwerkgeleenthede," sê me October. "Ons is veral opgewonde oor dié terugvoering, omdat ons graag wil hê die US moet alumni se intellektuele tuiste bly."

Heelwat respondente het ook aangedui dat hulle graag as mentors vir studente wil optree.

"Ons hoop om hierdie inligting goed te benut om alumnibetrokkenheid by die Universiteit selfs verder uit te bou," sê sy.

Die Alumnikantoor het reeds vanjaar begin om vennootskappe met fakulteite, koshuise en verenigings te versterk om sodoende 'n meer uitgebreide en geïntegreerde alumniprogram te kan aanbied. Dit het reeds tot 'n toename in die bywoning van plaaslike en internasionale geleenthede sowel as finansiële steun vir inisiatiewe van die HOOP Projek gelei.

Me October meen dat die verdere uitbreiding en diversifisering van die Alumnikantoor se aanbod 'n duidelike positiewe uitwerking het op hoe alumni hul band met hul alma mater beskou sowel as hul bereidwilligheid om hul tyd en vaardighede te skenk en as ambassadeurs vir die US op te tree.

"Dit strook ook met die kwalitatiewe data wat met die opname ontvang is: Ons alumni wil groter eienaarskap aanvaar van hul verbintenis met die US, veral in hul eie omgewings en op hul onderskeie vakgebiede," vertel sy.

Oor Matieland, sê 34.1% Afrikaanssprekende alumni hulle sal nie omgee om net 'n aanlyn-weergawe van die tydskrif te ontvang, terwyl 'n stewige 42.5% alumni wat hul taal as Engels aangedui het, gesê het hulle sal die tydskrif aanlyn wil ontvang.

"Ons sê graag baie dankie vir alumni se oorweldigende positiewe reaksie en voorstelle, want dit help ons om ons interaksiestrategie verder te verbeter, sodat ons in 2012 selfs doeltreffender in hul behoeftes kan voorsien," sê sy. ■

- **Baie geluk aan mnr Le Roux Burrows, wat met sy deelname aan die opname die Kindle losgeslaan het.**

### Dís wat alumni wil hê:

- Fakulteitsgedrewe geleenthede (wat paneelbesprekings oor vakgerigte onderwerpe insluit)
- Informele netwerkgeleenthede (verkieslik van 18:00 tot 20:00)
- Informele ontbyte (tussen 07:00 en 09:00)

### Waarna kan alumni in 2012 uitsien?

- Die bekendstelling van OAKS (Ons Alumni Kring Stellenbosch) in Gauteng
- Die eerste alumniloopbaandag
- Die bekendstelling van die alumnimentorprogram om bepaald loopbaanadvies aan finalejaarstudente te gee
- Nuwe sosiale netwerke vir ons internasionale alumni op verskillende mediaplatforms
- 'n Splinternuwe alumniwebportaal, alumni.sun.ac.za, waar jy op een sentrale plek jou ou studierekords kan bekom, oor komende alumnigeleenthede ingelig word, op hoogte van die jongste ontwikkelings in jou fakulteit kan bly, en *Matieland* en *AlumnUS* aanlyn kan lees



# New-look crest for Alumni Relations

A new name, a new look and an improved strategy to keep Stellenbosch alumni connected to their alma mater long after the euphoria of graduation has died down. The team at the Alumni Relations Office at Stellenbosch University (SU) recently revealed their new crest, with which they strive to "elevate the brand and create enthusiasm and a sense of pride in SU".

The new branding incorporates the official SU crest and links directly to the University, and, says Ms Bev Witten, Director: Alumni Relations, is therefore representative of all alumni.

According to Witten, the new crest is also a symbol of the Division's new strategy to cultivate better relationships with alumni and to get them more involved in SU's activities.

"We wanted to elevate the brand and give it a more sophisticated look. The new crest had to represent all alumni at all levels, and increase loyalty and a feeling of nostalgia. They should feel proud of the institution from which they graduated. We also want to establish a feeling of community among alumni," she says.

Witten says the team felt that the previous branding, MatiesAlumni, lacked inclusivity, having been associated with sports and societies only. Alumni Relations has also started giving effect to its new five-point strategic framework, which is based on cultivation and engagement, communication, volunteer management, early student engagement, and alumni giving.

"These strategies include initiatives specifically aimed at alumni in order to raise enthusiasm for, and interest in, supporting their alma mater, so that SU can remain a relevant, competitive institution that continues to build its knowledge and research," Witten says.

*It is all about connecting with our alumni and building relationships.*

The first leg of the strategic framework, namely cultivation and engagement, involves establishing, building and maintaining positive relationships, internally and externally.

"The past year, we've had 35 alumni events in different locations around the world – more than double the number of events in previous years. It is all about connecting with our alumni and building relationships."

Through communication, Alumni Relations wants to create hubs and interest groups among alumni on all platforms, including the social media.

"We also want alumni to contribute not only financially, but also through their talent and skills, thereby creating a peer-to-peer connection and a body of ambassadors for SU who will illuminate the work of the University and its impact in the field of higher education," says Witten about their strategy of volunteer management.

The fourth leg of the strategic framework, early student engagement, aims to involve current students in alumni activities and interactions, so that they would stay connected to SU after graduating. "Research has shown that if you do not connect with alumni within the first five years after graduation, you've lost them."

With alumni giving, the Division wants to increase participation in annual giving to SU. "We also want to create a culture of giving among current students by inviting them to join the Class Gift programme. It helps them understand that their collective contribution can make a difference," Witten adds. ■



Bo heel links: Die koor toer in 1959 met die Cape Town Castle boot van Kaapstad na Durban

Bo links: Mnr. William Morris, die eerste dirigent van die koor, in aksie by 'n intervarsity

Onder heel links: 'n Hoogtepunt was toe die US Koor - voormalige en huidige lede - die verhoog gedeel het om Come Again Sweet Days te sing. (Foto: Anton Jordaan, SSFD)

Onder regs: Oudste reüniegangers! Hier is Rosemary Lewis, wat in die middel 1950's in die koor was, Greta Gericke wat onder die stigter William Morris en daarna oom Gawie Cillié gesing (1939-1941) het en Janetta de Vos - ook middel 1950's. Me Frieda Holzapfel, 'n stigterslid in 1936, het Saterdagaand se konsert bygewoon.

Toe William Morris in 1936 'n groep vrywillige studente aan die Universiteit Stellenbosch bymekaargebring het om 'n koor te vorm, sou niemand kon dink dat dié koor ná 75 jaar die tweede plek op die ranglys van die wêreld se 1 000 beste kore sou beklee nie.

# US Koor vier **75 jaar van sangglorie**

*Deur Matilda Burden*

Die koor, wat tans onder leiding van André van der Merwe staan, het in 2010 aan die sesde Wêreldkoorspele in China deelgeneem en is in twee kategorieë as wenners met die titel "Choir of the World" aangewys.

Maar dit was 'n lang pad om tot daar te kom ...

Toegewyde koorleiers soos William Morris en Gawie Cillié het baanbrekerswerk gedoen. Philip McLachlan het 'n nuwe era ingelui toe hy die koor in 1955 oorgeneem en tot 'n groep uitgesoekte stemme verklein het. Oor 'n tydperk van 22 jaar het McLachlan koorsang in Suid-Afrika 'n algehele gedaanteverwisseling laat ondergaan en gehore landwyd bekoor met 'n klank wat tot toe ongekend was. McLachlan se opvolgerdirigente, oud-koorlede Johann de Villiers en Acáma Fick, het hierdie wonderlike opvoedingstaak voortgesit. Albei het die Stellenbosse Universiteitskoor aan die voorpunt van koormusiek in Suid-Afrika gehou. Hul onbaatsugtige diens aan musiek, aan die Universiteit en aan koorlede is in die annale van die koor verewig. In haar tyd as dirigent het Sonja van der Walt verskeie hoogs suksesvolle buitelandse toere gelei waar die koor by koorfeeste en -kompetisies hulle stempel op wêreldkoormusiek afgedruk het. Onder die bekwame leiding van André van der Merwe bereik die reeds beroemde koor steeds groter hoogtes.

## Reünienaweek

Van 2 tot 4 September 2011 het oudkoorlede van oor die hele land én uit die buiteland saamgetrek om die roemryke 75 jaar lange bestaan van die koor te vier. Daar is gekuier, gesels, geëet, terugverlang en, bowenal, gesing. Wanneer die Universiteitskoor reünie hou, is die hoofdoel vir oudkoorlede om saam te sing en weer iets van die wonder van koormusiek en die samebindende krag van samesang te ervaar; om weer die opwinding te beleef van iets voortbring wat duisende mense op 'n positiewe wyse raak. Dan onthou 'n mens weer waarom daar ure aaneen, aand ná aand, geoefen is; waarom so baie opgeoffer is en ander dinge (soos studie en geliefdes) dikwels 'n tweede plek moes inneem.

Koortoere; bus-, trein- en boottritte; vlugte wat gehaal én verpas is; programme wat skeefgeloop het; wonderlike dog ook vreemde gashere; bagasie wat spoorloos verdwyn; siektes, seer kele en stemme wat wegraak, en die towerooomblik van die eerste akkoord in die konsert - tydens so 'n reünienaweek word alles herleef. Kampe en plegtighede, item-aande en "volleyball" word in herinnering geroep, sowel as die swaar van afskeid neem as jou tyd in die koor verby is, die sing van "Hoed my as ek my gaan neerlê", en, natuurlik, "Come again, sweet days" ...

- **Bestel 'n dubbel-CD van *Stellenbosch Universiteitskoor oor die Jare* (R150,00) en *Reüniekonsert 2011* (R50,00) asook eksemplare van die 75-jaar-feesboek (R85,00) by Lydia Meier, us_koor@sun.ac.za.**



# Die Matie-redakteurs **kuier saam**



Die Matie-redakteurs wat die geleentheid bygewoon het (redakteursjaar in hakies). Agter is Annelize Kloppers (2010), JR Oliver (1951), Freddie Marais (1976), Chris Otto (1971), Anton Steenkamp (1985), Johan van Tiddens (2003), Gerrie de Villiers (1972) en Koos Bekker (1975). Voor is Ettienne de Villiers (1969), Annelie Maré (2007), Julia Andersen (1991), Pieter-Francois Theron (2008), Louis Heyneman (1979), Dirk Hertzog (1968), Altus Joubert (1974), Ettienne van Heerden (1977) en Chris Heymans (1978). Heel voor is Gustav Malan (2004). (Foto: Yolandi Maritz).

*Die Matie*, onafhanklike studentekoerant van die Universiteit Stellenbosch, is vanjaar 70 jaar oud. **Anika Marais**, Hoofredakteur vir 2011/2012, vertel meer.

Die pas verkose redaksie van *Die Matie* vir 2011/2012 het op Vrydag 2 September oudredakteurs van dié koerant in die Eikestad ontvang. Dié gesellige byeenkoms waar oud en jonk van oor die hele land die studentekoerant se 70ste bestaansjaar gevier het, is by STIAS gehou. Gaste het ingesluit mnr JR Olivier, redakteur van 1951, wat heerlik saam met die jonger redakteurs gekuier het, en me Marietjie Vos, redakteur van 2010/2011, wat via Skype uit Amsterdam aan die feesvieringe kon deelneem.

*Die Matie* het in 1941 onder leiding van redakteur WA Joubert sy eerste verskyning op kampus gemaak. Sedertdien het die koerant verskillende rolle op kampus vervul, onder meer as lyfblad van die studente, waghond vir studenteleierskap, en openlike kritikus van die destydse apartheidsregering. Die koerant is vandag steeds trots onafhanklik.

Dit is juis hierdie boodskap wat oudredakteurs aan die pas verkose redaksie oorgedra het: "Laat die fakkel brand", soos die koerant se gesegde lui. Dít was ook waarop Pieter-Francois Theron, oudredakteur van 2007/2008, in sy toespraak gekonsentreer het.

*Die Matie* bied jong joernaliste die ideale grondslag om kreatief met die media om te gaan. Ook dr Llewellyn MacMaster, Studentedekaan, het in sy rede die nuwe redaksie uitgedaag om hierdie onafhanklike platform te gebruik om belangrike kwessies op kampus aan te roer.

Die nuwe redaksie het met groot opwinding vir die makietie voorberei: Onder meer het hulle 'n hele paar dae in die JS Gericke Biblioteek se Kompaktus deurgebring om ou artikels, foto's en advertensies op te spoor, waarna huidige grafikaredakteur Roann Louw 'n tydlyn as geskenk aan elke oudredakteur ontwerp het.

Die herinneringe wat dié aand opgehaal is, het die geleentheid ekstra spesiaal gemaak. Die gaste het later in 'n groot kring na oudredakteurs se interessante staaltjies staan en luister - van hoe daar in die nag Kaapstad toe gery is om die koerant betyds by die drukkers te kry, tot hoe redakteurs by tye bang was hul kamers word deursoek nadat omstrede berigte in die koerant verskyn het.

Koos Bekker, oudredakteur van 1975, se woorde het egter diep indruk gemaak: *Die Matie* is die plek waar lewenslange vriendskappe gesluit word.

Op nóg 70 jaar se herinneringe, onverskrokke beriggewing en vriendskappe!

- **Besoek *Die Matie* by www.diematie.com of op Facebook by www.facebook.com/diematie.**

## KAMPUS-QUOTES

**Geslagte lesers van *Die Matie* blaai eerste na die "Kampus-quotes". Hier is enkele van vanjaar se treffers:**

***Onthou julle nog die London riots?***
- Aan studente wat indruk in die ry vir sêr-kaartjies.

***So, is this, like, the special building for sêr? Or is it, like, used for anything else?"***
- Student overheard in the Endler

***Ek het gisteraand so lekker gedroom, daar was selfs credits aan die einde."***
- Tydens teetyd in die Chemie-gebou gehoor

***Is Neil Diamond daai ou wat al Steve Hofmeyr se liedjies sing?***
- Student probeer feite agtermekaar kry

***I'm more than just a pretty face.***
- Attractive SRC candidate markets her various qualities at a circus

***Nee, ek loop nie meer klas nie, ek's slim genoeg...***
- Gehoor op die Rooiplein

***I was so useless today – for a change!***
- Final-year Engineering student strengthens popular belief that they're geeks


***Die dosent is so hot, my balansstaat klop nóú nog.***
- Fin Rek 278-student

***Ek stem net vir Eendragters en mooi meisies.***
- Student verduidelik sy benadering tot die SR-verkiesing



# Dagbreek vier 90ste bestaansjaar

***Deur Marco Botha, 'n lid van die Oud-Dagbreker Bond***



'n Halfuur voordat die legendariese Cor Langenberg van Studio Lockley 'n Huisfoto van reüniegangers kom neem het, het 'n Dagbreker uit die vroeë 1940's op 'n bankie in Dagbreek se vierkant gesit. Ál die groot bome in die vierkant het 'n plaatjie op wat sy geskiedenis aandui. Volgens die inligting op een van daardie plaatjies is sy boom in die vroeë 40's geplant.

Volgens daardie oom kan dit nie wees nie. "Dit kon net daarna gewees het, want toe ek hier was, was daar niks," het hy vertel en terselfdertyd weer student geword sowat 65 jaar sedert hy die universiteit gegroet het.

Twee dae vroeër het die reünienaweek met 'n Gala-aand in die Konservatorium begin. Dit was 'n lieflike aand met verskeie musieksterre. 'n Hoogtepunt was die oud-Dagbreker André Schwartz, wat musiek uit die bekende musiekblyspel The Phantom of the Opera gesing het. Hy is al deur sir Andrew Lloyd Webber as een van die beste vertolkers van die Phantom-karakter geloof.

Die eerste Straatmylfees, ter ere van oud-Dagbreker De Villiers Lamprecht - die eerste Suid-Afrikaner wat 'n droommyl kon hardloop – is die Vrydagmiddag aangebied.

Die dag is met 'n Legendesaand vir Dagbreek se Springbok-rugbyspelers afgerond. Dawie Snyman het die aand saam met die twee dominees, Bekker Nieuwoudt en Braam Hanekom, aangebied. Hulle het staaltjies, herinneringe en lewenslesse gedeel met Colin Beck, Jan Boland Coetzee, Dawie de Villiers, Faffa Knoetze en Albie de Waal.

Kamermaats in 1975! Andre Louw, Bekker Nieuwoudt en Retief Olivier geniet die Dagbreek reünie.

Die reünie het ook 'n waardevolle bydrae gelewer tot die oud-Dagbreker Beursfonds. Dié het gestrek van Jan Boland Coetzee wat van sy Vriesenhof-wyne te koop aangebied het en Roelou Slabbert, wat 'n hoogs suksesvolle gholfdag aangebied het.

Die formele dinee van die Saterdag het alle verwagtinge oortref. Veilingitems het ingesluit Jan Boland Coetzee se eerste wyne wat hy op Kanonkop gemaak het en Otto von Griethuysen Senior wat 'n "wisseltrofee" ingestel het deur 'n reüniewyn uit 2006 terug te skenk sodat dit weer opgeveil kan word. Kobus van der Merwe, voormalige afrigter van die Streeptruie, het 'n Springbok-trui, geteken deur die Dagbreek-Bokke, gekoop en vir dieselfde doel teruggeskenk. R30 000 is die aand vir beursfonds ingesamel waardeur vier Dagbrekers in 2012 hul studiedrome kan verwesenlik.

- Besoek www.dagbreek.com vir meer inligting of skakel met Hanno Vermaak by **076 474 8800**, beurse@dagbreek.com vir inligting oor hoe om tot die ODB-Beursfonds by te dra.

# KOMENDE
## ALUMNI-GELEENTHEDE

**28 Januarie: Geleentheid vir alumni-ouers van eerstejaars**

**16 - 17 Februarie: Simonsberg 50ste "Met"reünie**

**29 Februarie: Bloemfontein netwerkgeleentheid**

**31 Maart: 01 April - Goldfields 25ste reünie**

**Besoek www.alumni.sun.ac.za vir die nuutste inligting oor alumni-geleenthede!**



# 50 jaar VIR MIKROBIOLOGIE

Die Departement Mikrobiologie het in November sy 50ste bestaansjaar met 'n swierige dinee in die Wallenbergnavorsingsentrum by STIAS in Stellenbosch gevier.

Alumni, huidige en voormalige personeellede (waaronder voormalige voorsitters) was gaste op die geleentheid.

Prof Doug Rawlings, uittredende voorsitter, het by die geleentheid gesê die sukses van die departement kan grootliks daaraan toegeskryf word dat personeellede die vryheid gegun word om persoonlik en professioneel te groei en opgang te maak. Hy het ook gesê alumni moet besef dat die grade en die suksesse wat hulle behaal, reflekteer op die Universiteit en andersom.

Twee van die drie voormalige departementele voorsitters, proff Hennie Louw en Mike Loos, het staaltjies en herinneringe gedeel

Prof Eugene Cloete, Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe, het gesê die departement "staan op die skouers van reuse" wat uitstekende navorsing, nie net plaaslik nie maar ook internasionaal, uitgevoer het.

Op die foto bo is proff Eugene Cloete, Mike Loos, Hennie Louw en Doug Rawlings. (Foto: Anton Jordaan, SSFD)



# NATUURWETENSKAPPE ALUMNI KUIER SAAM

Prof Eugene Cloete (naasregs), Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskape, was die gasspreker by 'n netwerkgeselligheid vir oudstudente van die fakulteit. Hier verwelkom hy vir Sandra Dickson, Hannetjie Needham en Songvei Cluver.

# Helderberg vier 65 jaar




**Helderberg Manskoshuis het in September hul 65-jarige reünie gehou. Lefras Uys, die 2011 Primarius (oftewel 'President' soos dit in die koshuis bekendstaan), vertel meer.**

Die tyd het gekom en die tyd het gegaan vir Helderberg se reünie wat in Augustus gehou is! Na 'n reënerige begin op Vrydagoggend 26 Augustus, was daar geen keer aan die Gholfdag nie! Die manne het die vars lug en oefening terdeë geniet asook om op te vang met ou vriende.

Vrydagaand se verrigtinge is afgeskop in die Jack Wells (vroeër bekend as die Ontspanningssaal) met 'n groot makietie. Oud-Helderbergers het musiek gemaak en gesorg vir 'n lekker partytjie-atmosfeer by die spitbraai! Die "OMK" het uit sy nate gebars en stories en staaltjies is tot vroeë oggendure uitgeruil.

Saterdagoggend is reüniegangers getrakteer op 'n Wyn-en Brandewyntoer. By Bergkelder is vrolik gesing en by die Van Rhyn's Brandewynkelder is drie premium brandewyne geproe. Ons kon ook kyk hoe 'n kuiper 'n vaatjie met die hand maak.

Na 'n besoek aan Neethlingshof kon almal regmaak vir die Formele Dinee – 'n baie aangename en rustige geleentheid met goeie wyn en kos. 'n Hoogtepunt én reuse-sukses was die veiling waartydens die Oud-Helderberger Bond Fondsinisiatief bekendgestel is. Die Fonds gaan finansiële ondersteuning bied aan 'n huidige inwoner wat dit nie breed het nie, maar gaan ook aangewend word vir koshuisverwante projekte.

Met die Huislied se sing was daar trane in baie se oë. Heeltemal te verstane, want Helderberg is 'n plek wat vir almal al baie beteken het: 'n plek waar jy kon lag, kon huil, kuier, leer, maar die belangrikste - 'n plek waar jy kan LEEF!

'n Groot dankie aan al die betrokkenes!

- Skakel met Lieb Otto, liebrecht.otto@daimler.com, vir inligting oor die OHB Fonds-inisiatief en besoek www.sun.ac.za/helderberg. Reünie-foto's word ook hier opgelaai.


Caledon Villa


GASTEHUIS

★★★

*Kom tuis by Bolandse gasvryheid*

Rustig, naby die kampus en die historiese middedorp.






**Tel/Faks** +27 (0) 21 883 8912

Neethlingstraat 7, Stellenbosch 7600

**E-pos** info@caledonvilla.co.za • www.caledonvilla.co.za




Coopmanhuijs
Boutique Hotel & Spa
Stellenbosch

*~ the most prestigious address in town ~*

★ ★ ★ ★ ★

Enjoy sincere, personalised hospitality in our exclusive, charming and beautifully appointed 16-room boutique hotel, ideally located in the heart of historic Stellenbosch.

At Coopmanhuijs, guests enjoy complete privacy.

Our enclosed courtyard and pool is a haven of tranquillity.

Our specialised spa treatments, scrumptious breakfasts, delectable lunches and exquisite dinners (prepared by Executive Chef Gaetano Sgroi), all contribute to a truly memorable stay.

Coopmanhuijs is the embodiment of a boutique hotel.

33 Church Street, Stellenbosch • Tel +27 (0)21 883-8207
Fax +27 (0)86 520-2327 • E-mail info@coopmanhuijs.co.za

www.coopmanhuijs.co.za

# *Nyukela* NOTES

*Compiled by Liezl Scholtz*

**When you graduate from Stellenbosch University (SU), you not only walk away with excellent qualifications and skills, but you also become a flag-bearer for your alma mater. Therefore, when you succeed, we succeed. When our graduates excel, we like to celebrate their successes with them. With the launch of Nyukela* Notes, we have created a platform where we will feature the achievements of Stellenbosch University graduates from across the globe. Send your Nyukela Notes to alumni@sun.ac.za – it's a great way to keep in touch!**



* Nyukela means 'going up' in isiXhosa, and was suggested by Mr Pumlani Sibula of SU's Unit for isiXhosa.

**Matthew D. Dekenah** is the new Rotary Ambassadorial Scholar for 2011/2012. He will be representing South Africa, Namibia and Angola for Rotary International District 9350, and is currently reading for a Master of Science in Global Health and Public Policy at the University of Edinburgh.

**Lt Gen Themba Nkabinde**, General Officer Commanding of the SA Army Infantry Formation in Oudtshoorn, has been appointed as Chief: Human Resources at the South African National Defence Force (SANDF) headquarters. Nkabinde was the commanding officer at the Infantry Formation since 1 April 2003. He holds a Practical and Advance Project Management diploma from UNISA, and an MBA from SU.

**Walter Andrag** has been appointed as the managing director of Agrico (Pty) Ltd. He is a fourth-generation member of the founding family of this 105-year-old family business. He has been with the company for 14 years. He completed a bachelor's and honours degree in Accounting at SU.

**Jacobus G. 'Koos' Prins** from GEI Consultants, Inc in Sacramento has been promoted within this international company. Dr Prins has more than 30 years' engineering experience in various fields, including sanitary sewer collection, water distribution, stormwater collection systems modelling, water quality modelling and master planning, and collection and distribution systems design. He earned a bachelor's degree in Civil Engineering from SU, a master's degree in Sanitary Engineering from the University of California, Berkeley, and a doctorate in Water Utilisation Engineering from the University of Pretoria.



**Esmaré Weideman**, previously at the helm of YOU and Huisgenoot magazines, has been appointed as the new chief executive officer of Media24. With a degree in both Business and Journalism, Weideman started her journalism career at the then Finansies & Tegniek (now Finweek), before joining The Star newspaper in 1989 as political reporter – smack in the middle of South Africa's turbulent political days. These experiences led her to become the only South African journalist to accompany former President Nelson Mandela on his six-week world tour after his release from prison. Drum magazine was the first to experience Weideman's skill for editing, followed by Fair Lady. She then went on to become the first woman – and also the youngest – editor of Huisgenoot and YOU magazines.

**Christo van der Rheede, Direkteur:** Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA), neem vanaf 1 Januarie 2012 die leisels as die uitvoerende hoof van die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI) oor. Hy het in verskeie direksies, waaronder die van die ATKV, ABSA en die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK), gedien en is lid van Media24 se sinergiespan. Hy het 'n meestersgraad in Publieke Administrasie aan die US en 'n BA aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) behaal. Hy het ook die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB) se Bestuursontwikkelings-program sowel as direkteursopleiding van die Instituut van Direkteure voltooi.

**Capt Laura Ilunga**, holder of a higher certificate in Military Studies from SU, made headline news recently when she was one of a trio of the first all-female crew on an air force helicopter flight in Durban in August 2011. Capt Ilunga began her aviation career in the South African Air Force in 2004, and received her wings in July 2007. She is also actively involved with the South African Women in Aviation and Aerospace Industry.





**Desmond Smith**, die direksievoorsitter van die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS), is tot die voorsitter van die Internasionale Aktuariële Vereniging (IAA) in Oostenryk verkies. Mnr Smith, ook 'n voormalige voorsitter van die Universiteitsraad, is die eerste persoon uit Afrika wat hierdie amp beklee.



**Sonet van Zyl** joined the Department of Viticulture and Oenology at the California State University (Fresno) in September 2011 as associate professor of Viticulture. Previously, she worked as a researcher at the South African Agricultural Research Council in Stellenbosch, where she evaluated new table and raisin grape cultivars. She received her Bachelor and Master of Science degrees from SU in respectively Viticulture, and Genetics and Viticulture. Her doctoral dissertation work was conducted at SU and the University of California at Davis.



**Willem J.S. de Villiers** has been appointed the chief administrative officer of the Good Samaritan Hospital in the United Kingdom. He joined UK HealthCare in 1996, and serves as the president of the UK HealthCare Medical Staff. Previously, he was the chief of the Division of Digestive Disease and Nutrition in the Department of Internal Medicine, University of Kentucky College of Medicine. He graduated with two medical qualifications from SU, and he also holds degrees from Oxford and Harvard universities.

**Jakob (Japie) van Zyl** has been named Associate Director: Project Formulation and Strategy at the National Aeronautics and Space Administration (NASA) Jet Propulsion Laboratory (JPL) in Pasadena, California. In this new position, Van Zyl will oversee long-term strategic planning for JPL, and will coordinate advance studies, acquisition of new missions, and development of projects early in their life cycle. Previously, he was Director: Astronomy, Physics and Space Technology. A native of Namibia, Van Zyl received an honours degree cum laude in Electronic Engineering from SU, and received both his master's and his doctorate in Electrical Engineering from the California Institute of Technology in Pasadena.

**Nondumlso Mzizana** is the founder and chief executive of Sikelela Medical, Dental and Pharmaceutical Suppliers, one of the biggest equipment suppliers to the medical profession in South Africa. She won the 2011 Businesswomen's Association (BWA) Businesswoman of the Year award in the category "Entrepreneur". Dr Mzizana holds a degree in Dentistry from the Medical University of South Africa (Medunsa), a postgraduate diploma in Dentistry from SU, and a master's degree from the University of Pretoria. She was running a private practice and lecturing at Medunsa before starting Sikelela.



**Ms Tanja Lategan** is the new chief executive officer of 365 Digital, a division of Primedia Online. She has almost 10 years' experience in the digital industry, and completed a BA degree in Information Science at SU.



**Dr Munashe D. Shoko** is the new dean of the Faculty of Agriculture at Great Zimbabwe University. Dr Shoko, who hails from Zimbabwe, completed his PhD in Agronomics at SU in 2009. During his time at SU, he was also the recipient of the Harry Crossley bursary.



Foto: Singapore International Water Week

**'n Lid van die BSc Ing-klas van 1954, dr James Barnard, het sy verbintenis met die Universiteit Stellenbosch (US) op 'n besondere wyse versterk deur die prysgeld van die internasionale Lee Kuan Yew-waterprys aan die opleiding van studente gemoeid met waternavorsing te skenk.**

## BAANBREKERWATERNAVORSER STEUN STUDENTEOPLEIDING

Sy prysgeld van R350 000 sal gebruik word vir beurse aan die US Waterinstituut. Die Instituut, 'n inisiatief van die HOOP Projek, bied 'n oorkoepelende tuiste vir navorsingsgroepe in sewe US-fakulteite wat op waterverwante kwessies soos voedselsekerheid, die verskaffing van drinkwater van gehalte, gesondheid en 'n volhoubare omgewing konsentreer.

"Dit is vir ons 'n besondere eer om op dié manier nie net kundiges in die watersektor op te lei nie, maar ook ons studente te motiveer om met húlle navorsing dieselfde impak te hê as wat dr Barnard se werk het," het prof Eugene Cloete, Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe en Voorsitter van die US Waterinstituut, oor die skenking gesê.

Die Lee Kuan Yew-waterprys is een van vele toekennings wat al aan dr Barnard gemaak is vir die omgewingsbydrae van sy BadenPro- ("BARnard DENitrification and PHOsphorus removal"-)tegnologie, 'n biologiese water-suiweringsmetode.

Dié waterkonsultant, wat ná sy voorgraadse studie in die VSA gaan studeer en werk het, het die BadenPro-tegnologie in die 1970's in Suid-Afrika en Namibië ontwikkel. Dit word vandag by meer as 100 watersuiweringsaanlegte in onder meer Noord-Amerika, Europa, Australië en China gebruik.

Deur hierdie betreklik goedkoop en omgewingsvriendelike tegnologie word munisipale afvalwater so goed gesuiwer dat dit weer veilig in riviere en mere gestort en herbruik kan word.

Die tegnologie maak van mikro-organismes gebruik wat natuurlik in water voorkom om stikstof en fosfaat uit water te verwyder en sodoende die groei van alge te beperk wat watergehalte beïnvloed.

Deur die gebruik van chemikalieë uit te skakel, word uitgawes besnoei én bou minder slik in watersuiweringsaanlegte op.




Some of the guests who attended the group's second event, held at the Saatchi Gallery in London, are Louisa Sherman, Liesl Fichardt, Heidi Muller and Corrie Georgala.

## ALUMNI GROUP TO SUPPORT UK NEWCOMERS

A group of women, all Stellenbosch alumni and based in the United Kingdom recently started their own networking group by hosting a series of informal get-togethers. This group aims to further the mission of the University among female alumni in the UK and also to provide a support network for alumni in the area or who have recently located to the UK.

- Contact Corrie Georgala at stellenboschalumnivroue@gmail.com if you are in the area and would like to reconnect with old university friends and your alma mater.



Robyn Kime (22), a fourth-year Engineering student, is a great example of an all-rounder. Not only has she proven herself as one of the best female canoeists in South Africa over the last few years, but she is also one of the top students in the Faculty of Engineering. **Eunice Visagie** caught up with Robyn between exams.

# ALL-ROUNDER ROBYN KIME is Maties' rising canoe star

At the tender age of 19, she won the prestigious Berg River Canoe Marathon as a rookie – only the second female paddler to do so. In 2010, she defended her 'Berg' title successfully. She continued her winning streak in 2010 by also winning the Fish River Canoe Marathon, paddling with Michelle Eray (K2). With this performance she secured the Maties women's team the USSA 2010 Championships title.

In the 2011 Dusi, the biggest canoeing event of its kind in the world, Robyn won the ladies race by over 20 minutes. In the process, she broke the under-21 record as well as the Day 2 race record.

With the 2011 Berg River Canoe Marathon marking the 50th anniversary of the race, it attracted the biggest and strongest field yet. The battle for the women's title between Robyn (defending champion) and past Olympian and reigning world surf-ski champion Michelle Eray received noteworthy media attention both before and during the event, with Robyn finishing second behind Michelle in the ladies race, and 36th overall.

On the academic side, she received the 2010 CONCOR prize for best third-year student in Informatics, and the Bergstan South Africa prize for best third-year student in Civil Engineering (2010). She was also elected as chairperson for the Maties Canoe Club for 2011/2012.

## How would you describe your 2011 season?

It has been a difficult year, and I am glad it is coming to an end. Especially the final semester of Engineering studies has been very hectic, and there hasn't really been enough time to fit anything in.

## How do you find a balance between studies and paddling?

I try to keep generally fit most of the time, but the biggest canoe marathons for me are luckily at the end of the two long holidays (the Duzi Canoe Marathon in January/February and the Berg River Canoe Marathon in July), so I get time to train hard for these in the holidays. For the first three years of studying, I've managed to do most of my outside-the-class hours of academic work during the test week and exam periods only, and have had enough time to train most evenings for the rest of the term time. But this year, the volume of work has increased significantly, and I've had to spend long hours in the evenings working and haven't managed to get enough exercise or sleep, so my fitness has dropped a lot. I'm sure I will be able to build it up again soon, though.

## What are your goals for 2012?

I will be studying towards a master's degree in Civil Engineering, will remain involved in the management of the canoe club, and have a sponsorship with a new canoeing team (Best4 & Kayak Centre) until the end of April. I'd like to win a race or two, keep on top of my studies and other commitments, and have fun.

## What are some of the lessons you learned from canoeing?

Canoeing down rivers is always a bit of an adventure, and things don't always go your way or according to plan, but you learn to tolerate this, think quickly and find a way to get out of problematic situations. As with most things in life, if you stay calm and keep going, things generally turn out okay. Overcoming challenges on rivers is exciting and gives you confidence to take on other challenges in life. While canoeing, you get to experience beautiful places and learn to appreciate nature, but you also see some terrible pollution and the effects of irresponsible human behaviour. Experiencing this contrast can make you think and try to be responsible in the way you live.

## What is a typical day like for you?

I wake up early and have a trail run, yoga, an exercise session, or I sleep in. Then I have breakfast, a shower, and get to class at 08:00 or 09:00. I have classes most of the morning, and a tutorial or other work most of the afternoon. I try to fit in a paddling session, run or other exercise for one to two hours in the evening. Then it is time for supper, maybe some work, and get to bed as early as possible.




# KORTSPORT



## SPORT STARS

**Heerden Herman** (swimming) and **Kathleen Taylor** (hockey) were named Maties' Sportsman and Sportswoman for 2011. This was the second consecutive year that Herman received the award. Ernst van Dyk (hand cycling) also kept his title as Maties' Disabled Sportsman of the Year, while Renette Bloem (swimming) was named Disabled Sportswoman of the Year. Pierre de Roubaix capped off a successful evening for the swimming club by receiving the award as Individual Coach of the Year. Waterpolo's Douglas Schooling was named Team Coach of the Year, while the women's waterpolo team got the award for 2011's best team achievement. On the photo above are Kathleen Taylor on the left and and Heerden Herman on the right.



## CYCLING

Maties' Christiaan Kriek has won 12 races so far this year. He managed these victories in road and mountain bike races. His most prominent victories came at the 99er road race, where he got the better of the South African champion Darren Lill. He also won the gruelling AMArider 100Miler mountain bike race. In addition, Kriek and Jos le Roux represented South Africa at the Student Games in China. Kriek finished in the top ten of the road and mountain bike race.



## RUGBY

**Nie minder nie as vyf voormalige Matiespelers het in die pas afgelope Wêreldbekerrugby vir Suid-Afrika uitgedraf. Hulle is Jean de Villiers, Schalk Burger, Gio Aplon, Juan de Jongh en Francois Louw. Dit was Burger se derde Wêreldbeker en De Villiers se tweede. 'n Aantal Matiespelers het ook vir ander lande hul verskyning gemaak. Dagbreek-manskoshuis het sy eie stukkie geskiedenis gemaak deur in 'n enkele wedstryd drie voormalige inwoners op die veld te hê. Hulle is Gio Aplon vir Suid-Afrika, en Jané du Toit en Danie van Wyk, wat vir Namibië gespeel het. Dagbreek het ook vanjaar se Sauerbeker vir koshuise ingepalm deur Helderberg 20-8 in die eindstryd te klop. Die koshuis het ook die US se sportbeker vir 2011 verower.**



## KRIEKET

Lenert van Wyk het Suid-Afrika by die Hongkong-sessetoernooi verteenwoordig. Van Wyk is die afgelope twee jaar Maties Krieket se Speler van die Jaar. Ofskoon dit nie 'n goeie toernooi vir Suid-Afrika was nie, het Van Wyk uitgeblink met kolf en bal.



## NETBALL

The Maties netball team ended its season undefeated, and managed to cap it off with winning the Boland Super League.



## EQUESTRIAN

Maties Equestrian has upgraded its facilities significantly. Twenty stables were rebuilt and enlarged, five new stables were added, the lunge ring and jumping arena were upgraded and, finally, a new, Olympic-size dressage arena – the Jackie Wiese Arena – was built. The upgrades offer competitive riders the chance to prepare for competitions, and also enable better riding instruction. Maties Equestrian competes in various disciplines, ranging from dressage, show jumping and eventing to Polocrosse. A club member, Celicia Jacobs, participated in the Polocrosse World Cup in the United Kingdom. On the photo from left to right is Prof Julian Smith, Vice-Rector: Community Interaction and Personnel; Champion; Ms Jackie Wiese, Director: Maties Sport, and Mr Wentzel Barnard, Sport Manager, at the new dressage arena.

## HOCKEY

Steinhoff Maties Hockey Women Team were the winners of the 2011 Western Province Grand Challenge title. The team was undefeated during the season scoring 109 goals, while only conceding 6. The team won a silver medal at the USSA-tournament in Pietermaritzburg. Five players, Kathleen Taylor, Hanli Hattingh, Jade Mayne, Pippa Rabey & Farah Fredericks, represented SA during the season and 11 players represented the WP senior team at the Interprovincial Tournament in Bloemfontein where they won the gold medal. Ms Jenny King boasts a proud record with this team having won 11 titles in 12 years.

## SWIMMING

At the Para Pan Pacific Games in Canada, Maties' Charl Bouwer smashed the world record in the 100 m freestyle for Class S13 in a time of 52,98 seconds. At the Student Games in China, Heerden Herman just missed out on a medal with a fourth place in the 800 m freestyle.

## KANOVAART

Maties Pierre-André Rabie en Robyn Kime (sien berig hiernaas) het vanjaar albei tweede in hul onderskeie afdelings van die 50ste Bergrivier-kanomarathon geëindig. Hoewel Kime die 'Berg' al twee keer vantevore gewen het, was dit Rabie se beste vertoning tot nog toe. By die 30ste Visrivier-kanomarathon het Rabie, wat die o. 23-afdeling saam met Andy Birkett gewen het, Maties gehelp om die Intervarsity-titel te verower. Lance Kime en Stuart MacLaren was tweede in dié afdeling.

# IN MEMORIAM

*Matieland* huldig graag oudstudente wat oorlede is, maar benodig volledige inligting. Dit sluit in volle name, noemnaam, van (én nooiensvan, indien van toepassing), geboortedatum, datum waarop persoon oorlede is, grade behaal aan die Universiteit Stellenbosch (of ander verbintenis met die Universiteit, soos ontvangers van eregrade) en 'n bondige beskrywing van die persoon se beroepslewe. Foto's is baie welkom, maar plasing hang af van die beskikbare ruimte. Stuur asseblief die inligting aan me Malena Fourie by tel 021 808 4843, faks 021 882 8405 of e-pos alumni@sun.ac.za..

**Mev Martha Ackermann** (geb Naude) van Richmond (88). Verwerf 'n Onderwysdiploma in Musiek (ODMS) in 1943.

**Mr Malcom Bates** (60) of Plumstead. Graduated with a BA degree in 2002.

**Brigadier General Theo Beyleveldt** (63) of Hermanus. Graduated with a BMil in 1969.



**Ds Hennie Cilliers** (100) van die Strand, oudinwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BA in 1934.



**Prof Paul Cilliers** (55) van Stellenbosch, oudinwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BIng (1980), HonsBA (1987), MA (1989) en DPhil (1994). Hoogleraar in Filosofie aan die Universiteit Stellenbosch.



**Mnr Topper Conradie** (92) van Stellenbosch, oudinwoner van Wilgenhof. Verwerf die graad BA (1940), 'n sertifikaat in Spraak (1940), 'n Senior Onderwysdiploma (SOD) (1941) en die graad MA (1942). Voormalige redakteur van *Matieland* en Registrateur. As lektor by die Onderwyskollege in Bloemfontein was hy die eerste persoon wat onderwysers in die nuwe studierigting genaamd Sosiale Studie, wat Geskiedenis en Aardrykskunde kombineer, opgelei het.

**Mnr Pierre du Plessis** (82) van Potchefstroom verwerf die BScIng-graad in 1956. Hy was 'n siviele ingenieur, deeltydse lektor by die destydse Randse Afrikaanse Universiteit (RAU), en het voor sy aftrede as adjunkhoofingenieur van paaie in Wes-Transvaal gewerk.

**Mnr Johannes du Plessis** (80) van Onrusrivier. Verwerf BSc-graad in 1951.

**Mnr Koos du Plessis** (54) van Bellville. Verwerf die grade BEcon (1979) en HonsBB en A (1983).



**Prof Peter Dunaiski** (61) van Stellenbosch. Verwerf die grade HonsBing (1974), MIng (1984) en PhDIng (1991). Was Visedekaan vir Onderrig en professor in die US se Departement Siviele Ingenieurswese.

**Mnr Gary Eva** (55) van Stellenbosch. Verwerf MA-graad in 1998. Gee klas in verskeie kursusse in die Departement Sosiologie sowel as by Hugenote Kollege op Wellington. As navorser was hy by 'n wye verskeidenheid empiriese projekte betrokke.

**Mnr David Farquharson** (68) van Nuweland, oudinwoner van Helderberg. Verwerf die grade BA (1963) en LLB (1965).

**Mev Ina Fourie (geb Venter)** van Stilbaai (71). Verwerf BA-graad in 1961.

**Dr Willem Hanekom** (67) van Rouxville. Verwerf die grade BSc (1965) en MBChB (1969). Voltooi sy internskap by Karl Bremer-hospitaal, en praktiseer later op Kakamas. Trek in 1972 na Rouxville, waar hy vir 39 jaar as geneesheer en distriksgeneesheer praktiseer.

**Dr Jaap Havemann** (73) van Port Elizabeth, oudinwoner van Dagbreek. Verwerf die kwalifikasies BA (1958), HonsBA (1962), BTh (1964), LisTeol (1965) en MTh (1976).

**Ds Singleton Jonck** (70) van Kuilsrivier. Verwerf die kwalifikasies BA (1962), BTh (1966) en LisTeol (1967).

**Mnr Steph Jordaan** (66) van De Doorns, oudinwoner van Wilgenhof. Behaal die grade BSc in Landbou (1966), HonsBB & A (1987) en MBA (1988).

**Mnr Koos Joubert** (80) van Montagu, oudinwoner van Huis Marais. Verwerf die grade BSc (1950) en MSc Chemie (1952).

**Mnr Frans Kapp** (74) van Kampsbaai, oudinwoner van Helderberg. Verwerf die grade BSc BIng (1959) en MIng (1979).

**Mev Koba Kleyn** (76) (geb Jordaan) van Gauteng, oudinwoner van Lydia. Verwerf 'n SOD (1954).



**Ds Frans Kocks** (92) van Vereeniging, oudinwoner van Dagbreek. Verwerf die kwalifikasies BA (1939), SOD (1940) en MA (1941). Was voor sy aftrede in 1985 leraar by Vereeniging-Suid-gemeente.

**Mnr Hans Kretschmer** (75) van Linden. Verwerf die graad BScBIng (1962). Was bekend vir sy stokperdjie, die maak van swaardkieries, waarvan onder meer oudpresident Nelson Mandela, prins Charles en oudpresident FW de Klerk elk een ontvang het.

**Mnr Awie Krige** (88) van Somerset-Wes. Verwerf die graad BSc (1948). Hy was vir 36 jaar aan Yskor verbonde - eers in Pretoria en daarna in Vanderbijlpark.

**Mnr Braam le Roux** (71) van Saldanha, oudinwoner van Huis Visser. Verwerf die graad BScBIng (1963).



**Prof Marius Louw** (81) van Stellenbosch, ouddosent in Siviele Ingenieurswese aan die Universiteit Stellenbosch. Verwerf die graad BScIng (1952). Is die eerste oud-student wat 'n doktorsgraad in Ingenieurswese aan die Massachusetts Instituut vir Tegnologie (MIT) in Amerika behaal het. Was betrokke by verskeie groot projekte, onder meer die Media24-gebou, die Unisa-geboue, en die Taalmonument in die Paarl.

**Mnr Heinrich Nagel** (53) van Swellendam. Verwerf die grade BA (1981), HonsBA (1981) en MBA (1990). Hy het in 1980/81 in die Studenteraad gedien en was Huiskomiteelid vir Libertas. Was skakeloffisier in die Suid-Afrikaanse Lugmag, en daarna skakelbeampte by Old Mutual. Begin later sy eie bestuurs- en arbeidskonsultantonderneming op Swellendam.

**Mnr Eric Niewoudt** (80) van Pretoria, oud-inwoner van Huis Marais. Verwerf die graad BComm (1952). Tree in 1992 uit as direkteur van die Tesourie (Departement van Finansies).

**Mev Helene Reyneke** (85) (geb Moolman) van Waverley. Behaal die graad BComm in 1946.

**Mej Fransie Rossouw** (79) van Kaapstad, oudinwoner van Huis ten Bosch. Verwerf BA-graad in 1951

**Dr Robert Schaaf** (55) van Walvisbaai, Namibië. Verwerf die graad BChD (1980).

**Mnr Peter Smuts** (73) van Tokai, oudinwoner van Huis Visser. Behaal die graad BScBIng in 1961.

**Prof Daan Swiegers** (87) van Pretoria, oudinwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BA (1944) en MA (1946). Hy is 'n legende in die geskiedenis van Springbokrugby, en was vanaf 1970 vir 'n rekordgetal van 23 jaar ononderbroke Springbokkeurder. Was ook 45 jaar lank by Tukkiesrugby betrokke.



**Mev Anna Smith** (75) van Moorreesburg, oudinwoner van Monica. Verwerf die graad BA (**MW**) in 1952. Was koorleier en orreliste van die NG Kerk Moorreesburg.

**Prof Petrus Smith** (76) van Moorreesburg, oudinwoner van Helderberg. Verwerf die graad BScIng in 1952. Was Bybelkundedosent by die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) en professor in Semitiese Tale, en werk daarna in die finansiële sektor tot en met sy aftrede.



**Prof Petrus Theron** (68) van Pretoria, oudinwoner van Eendrag. Verwerf die graad BComm (1964) en 'n SOD (1965). Was onderwyser by die Hoër Handelskool Pretoria en dosent by Pretoria Technikon en Tukkies.

**Ds Floris Thirion** (79) van De Doorns. Verwerf die kwalifikasies BA (1966), BTh (1968) en LisTeol (1969). Hy het van 1970 tot 1980 in die NG Kerk in Afrika in die bediening gestaan. Boonop was hy leraar by die Verenigende Gereformeerde Kerk De Doorns vanaf 1980 tot 1986, en op Laingsburg vanaf 1986 tot 1996.



**Mnr Wilson van der Merwe** (87) van George, oudinwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BScBosb (1947). Begin sy loopbaan in die Nasionale Bosboudepartement in 1948. Met sy aftrede in 1984 was hy die adjunkdirekteur-generaal van boswese, waarna hy hom op George vestig.



**Mnr Pieter van der Westhuizen** (69) van Pretoria, oudinwoner van Huis Visser. Verwerf die grade BSc (1962), HonsBSc (1964) en MSc (1965). Gee vir twee jaar klas aan die UWK, en is daarna vir 36 jaar verbonde aan die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad (WNNR). In 1983 ontvang hy die prys *Chevalier dans l'ordre des Palmes Academiques* van die Franse regering.

**Dr Jurgens van Onselen** (77) van Bryanston, oudinwoner van Dagbreek. Verwerf die kwalifikasies BA (1955) en SOD (1956).

**Mnr Jacobus Visser** (85) van Vredendal, oudinwoner van Dagbreek. Behaal die graad BComm in 1947.

**Dr Broekies Visser** (50) van Somerset-Wes. Verwerf die graad MBChB (1985).



**Dr Jeff Watts** (66) van Stellenbosch, oudinwoner van Eendrag. Verwerf die grade BSc (1967), HonsBSc (1968), MSc (1972) en PhD (1984). Was van 1969 tot en met sy aftrede in 2005 verbonde aan die Departement Plantkunde. Hy was onder meer vir baie jare verantwoordelik vir die Biologie 154-kursus vir eerstejaar- mediese studente.

**Mnr Noël Wium** (85) van Oos-Londen, oudinwoner van Dagbreek. Behaal die graad BScIng in 1947.

## Regstelling



In die vorige uitgawe van *Matieland* is dr HA (Hugo) van Niekerk se foto verkeerdelik by die brokkie oor prof WA (Willie) van Niekerk geplaas. *Matieland* vra om verskoning vir die ongerief.




**JOOL is 'n gevaarlike besigheid, meen Marco Botha. Of liewer – dit wás 'n gevaarlike storie siende dat dit nou van die baan is. Hy vertel hieroor meer, maar maak eers 'n draai by PK-vergaderings.**

# Jool kan gevaarlik wees

Tot onlangs was een van die grootste besprekingspunte op die Primkomitee-vergaderings ('n vergadering van primarii van die verskillende koshuise op Stellenbosch) meisieskoshuise se wasmasjiene en tuimeldroërs wat pal breek.

Dan *moan* die meisies oor die nutsdienste wat so "half regmaak". Sodra hulle op dreef kom, kla van die prims sommer ook oor hul inwonende hoofde en moeilike eerstejaarstudente.

"Hallo, julleeee," het een verkose 'dame' een keer begin. "Ek het, julle weet, met my huiskom gepraat en ons voel baie sterk oor individualisme, nè. Dis mos een van ons waardes en so aan. So ek wil baie graag by die prims weet wat julle in jul koshuise doen as twee eerstejaars verskillende gordyne in dieselfde kamer wil hang."

Dan word daar gepraat. Die baadjiedraers raak mettertyd verstrengel in 'n pseudo-intellektuele debat waartydens generiese plannetjies beraam word oor hoe koshuise hul waardes met gordyne kan bevorder.

Bloedweinig is daar betekenisvolle besluite geneem, wat die universiteit en dalk selfs die wêreld 'n beter plek kon maak. Studenteleierskap is vir lank gedefinieer deur krisisbestuur en mense wat nie opgewasse is om hul eie mense te bestuur en sodoende krisisse af te weer nie.

Daar was altyd geldige punte op die agenda, maar die oerwaarheid dat mense wat te besig is by niks uitkom nie, het gegeld.

Dit was in 2008. Daar het wel vanjaar twee goed op Stellenbosch gebeur, wat op 'n afstand soos lig aan die ander kant van die tonnel lyk: Die totstandkoming van die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling en die afskaffing van Jool (Karnaval).

Eersgenoemde vind nog sy voete, maar hy bemoei hom oënskynlik met groter dinge as stukkende *ball bearings*. Die afskaffing van Jool is een van daardie geldige besprekingspunte wat nooit deeglik bespreek is nie.

Die beginsel (Jou Onbaatsigtige Opoffering vir Liefdadigheid) is wonderlik, maar die manier waarop dit gedoen is en die gelyktydige verkwisting van geld – waarvan nie altyd rekenskap gegee kon word nie – was verdag.

Studente verwys graag na hulself as die "boonste 3% van die samelewing". Maar tog kon hulle hul Joolfondse nie met vindingryker projekte bekom as om by verkeersligte blikkies te skud nie.

Goldfields was egter in 2008 die eerste koshuis in onlangse dae wat sy verbintenis met Jool willekeurig verbreek en sy eie suksesvolle gemeenskapsprojek begin het.

As 'n voormalige HK-lid vir Jool en later primarius van Dagbreek, het ek by nabetragting die spulletjie ook so gekyk en gewonder waarmee ons onsself besig gehou het.

Daar is wel een uiters belangrike voordeel aan Jool, wat die studenteleiers tog op 'n sinvolle manier moet bewaar: Vrouvat!

Kort nadat ek die Jool-portefeulje einde 2006 onwillekeurig gekry het, het ek 'n vergadering met die HK van Erica (Jool-maat vir 2007) belê. Voordat daardie ontmoeting in Dagbreek se raadsaal plaasgevind het, het ek elkeen van die meisies se gesigte, drome en name op die punte van my vingers leer ken. Daarmee wou ek seker maak dat ek dié mouterkarretjie se rathefboom van meet af aan beheer.

Die meisies was beïndruk. Terwyl hulle nog wou hallo sê, is elkeen op die naam gegroet en haar funksie bespreek. Ek en hul huiskomiteelid van eerstejaars (mag ek dit waag om te sê 'doopkaptein'?) het mekaar egter van die begin af verkeerd opgevryf.

"Ek kry haar man eendag jammer, Dooms," het ek ná daardie vergadering vir my kamermaat gesê.

Sy het so met die neus in die lug geloop en 'n man van doer bo onder deur haar wimpers aangegluur. Sy het aanvanklik nie in volsinne gepraat nie, net ontevrede "nou maar goed" gesê as sy nie met iets saamgestem het nie. Ander kere het sy soos 'n omgesukkelde werfgans op 'n man afgekom as sy gedink het haar eerstejaars word bedreig.

Helaas, daar is noodgedwonge saam beplan, saam begroot, baklei en soms selfs erkenning gegee. Daar was ook lelike misverstande wat die situasie nie bevorder het nie.

Jool kon nie gou genoeg klaarmaak nie. Tog bly 'n mens na dese in kontak met diegene saam met wie jy iets onbenullig soos die trofee vir die beste trollie probeer wen het.

Baie van my vriende het in daardie Jool hul lewensmaat ontmoet. Van hulle maak tans wyn in Portugal. Ander oorweeg MBA's. Sommiges is al getroud. Ander, soos ek, staan op trou – met daardie einste werfgans wat my so skuins gevang het.

Nadat twee mense saam 'n Jool-begroting opgestel het en hulle sowat 200 eerstejaarstudente gevoed kon hou, moet die wisselwerking net met 'n vrytjie in die Laan op die proef gestel word voordat 'n man met vrymoedigheid op een knie kan afgaan.

- **Marco Botha is 'n sportskrywer vir Sport24-Koerante (Rapport, Beeld, Die Burger en Volksblad).**